# NARRATIEWE GESINSVERRYKING

deur

CARL HEINZ THEODORE SCHIEL

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE – MET SPESIALISERING IN PASTORALE TERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. J P ROUX

MEDESTUDIELEIER: PROF. J S DREYER

NOVEMBER 2001

(1) Title: Narrative Family Enrichment
(Narratiewe Gesinsverryking)

(2) Candidate: C H T Schiel

(3) Degree: MTh in Practical Theology, Specializing in Pastoral Therapy.
(MTh in Praktiese Teologie met Spesialisering in Pastorale Terapie.)

(4) Subject: Practical Theology: Pastoral Therapy

(5) Tutor/promoter: Dr. J P Roux

(6) Co-tutor/co-**promoter**: Prof. J S Dreyer

*(7)* **ENGLISH SUMMARY:** *(99 WORDS)*


**NARRATIVE FAMILY ENRICHMENT**

This study is a study of family enrichment, from a Pastoral-narrative approach. The aim was to approach family enrichment in a Post-modern way. Narrative Therapy as developed by White and Epston, was used as the theoretical model.

The sub-aims for the study were:

1. To deconstruct discourses that were at play in the families

2. To let the families co-construct new preferred realities. Each family member's voice was important.

3. To use each family member's expert knowledge of themselves, in conjunction with their lived -experience, to create a new discourse for their lives.



**KEYWORDS:**

Narrative; therapy; family; enrichment; family enrichment; family growth; lived-experiences; cultural discourses; post-modern


**AFRIKAANSE OPSOMMING:** *(135 WOORDE)*

## NARRATIEWE GESINSVERRYKING

In hierdie studie word gesinsverryking via 'n pastoraal-narratiewe benadering aangepak.

Die doel van die navorsing is om 'n benadering tot gesinsverryking daar te stel wat inpas in die huidige postmoderne denke. Die narratiewe benadering tot terapie soos ontwikkel deur White en Epston (1990) word hiervoor gebruik. Die volgende subdoelwitte vloei hieruit voort:

(1) Om diskoerse wat op die gesinne inwerk te dekonstrueer.

(2) Om die ko-konstruksies van die gesinne te benut in die daarstel van nuwe diskoerse wat vir die gesinne aanvaarbaar is. (Deur elke gesinslid se stem hoorbaar te maak, hul visie vir gesinslewe te ko-konstrueer saam met dié van die ander gesinslede.). (3) Om die gesinne se deskundige kennis oor hulself en hul "lived experiences" te benut in die nuwe diskoerse.

(3) Om die nuwe diskoerse te verdig.

**SOEKWOORDE:**

Gesin; gesinsverryking; verryking; narratief; terapie; sosiale diskoerse; postmodern; gesins groei.

Studentenommer: 650-509-0

Ek verklaar hiermee dat NARRATIEWE GESINSVERRYKING my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

............................................ 2001-12-04

HANDTEKENING (DATUM)

(CHT SCHIEL

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: AGTERGROND VAN DIE STUDIE ........ 1**

1.1 Inleiding ........ 1

1.2 Navorsingsdoel ........ 1

1.3 Navorsingsvraag ........ 3

1.3.1 Enkele aannames ........ 3

1.3.2 Vrae wat in die studie ter sprake behoort te kom ........ 4

1.4 Die behoefte aan gesinsverrykingsprogramme in Suid-Afrika ........ 5

1.5 Waarom 'n ander benadering tot gesinsverryking? ........ 7

1.6 Epistemologie ........ 7

1.7 Prakties-teologiese standpunte ........ 12

1.8 Die Narratiewe-Hermeneutiese Prakties-Teologiese Benadering ........ 13

1.9 My pastoraal-narratiewe posisie ........ 15

1.10 Die pad vorentoe ........ 17

**HOOFSTUK 2: ENKELE BENADERINGS TOT GESINSVERRYKING ........ 19**

2.1 'n Omskrywing van "gesinwees" ........ 19

2.2 'n Blik op ander benaderings tot gesinsverryking ........ 20

2.2.1 "Structured enrichment programs for couples and families" - Luciano L'Abate en Steven E. Weinstein ........ 20

2.2.2 Gesinsgroeigroepe ........ 22

2.2.3 Gesinsverrykingsnaweek ........ 24

2.2.1 "Structured enrichment programs for couples and families" - Luciano L'Abate en Steven E. Weinstein ..... 20

2.2.2 Gesinsgroeigroepe ..... 22

2.2.3 Gesinsverrykingsnaweek ..... 24

2.2.4 "The Care Lab" ..... 25

2.2.5 "The Seven Habits of Highly Effective Families" ..... 26

2.3 'n Narratiewe benadering ..... 27

2.3.1 Narratiewe en die waarde van narratief vir gesinsverryking ..... 28

2.3.2 Middele wat help om 'n narratief bloot te lê ..... 29

2.3.3 Mikrokaarte ..... 31

2.3.3.1 Dekonstruksie ..... 31

2.3.3.1.1 Kartering ..... 32

2.3.3.2 Landskap-van-aksie en landskap-van-identiteit ..... 32

2.3.4 Die vaslê van 'n nuwe storielyn ..... 33

2.4 Kritiek op die narratiewe benadering ..... 34

2.5 Raamwerk vir die pad vorentoe ..... 35

**HOOFSTUK 3: DIE SKEP VAN 'N COLLAGE: 'N NAVORSINGSVERSLAG ..... 36**

3.1 Navorsingsmetodologie ..... 37

3.1.1 Navorsingsprosedure ..... 38

3.2 Navorsingsproses ..... 39

3.2.1 Waarmerking ... 40

3.2.2 Die rol van die navorser ... 40

3.2.3 Die konteks van die navorser en die navorsing ... 42

3.3 'n Narratief van ontmoetings met gesinne ... 43

3.3.1 Briewe wat uitnooi na die gesinsverryking ... 44

3.3.2 Vooraf ontmoetings ... 46

3.3.3 Eerste Saterdag se groepsessies ... 47

3.3.3.1 Riglyne vir die groep ... 47

3.3.3.2 Dekonstruksie ... 47

3.3.4 Tussen-in gesprekke ... 52

3.3.5 Saterdag, 22 Julie 2000 ... 52

3.3.5.1 Die ontwikkel van nuwe diskoerse ... 52

3.3.6 Eiland toe ... 54

**HOOFSTUK 4: VAN BEITBRUG TOT ROBBENEILAND ... 55**

4.1 Dekonstruksie ... 55

4.1.1 Dekonstruksie en epistemologie ... 55

4.1.2 Dekonstruksie van mag ... 56

4.1.3 Dekonstruksie van diskoerse rondom gesinwees ... 58

4.1.3.1 Die dekonstruksie van diskoerse rakende verryking ... 64

4.1.3.2 Dekonstruksie van diskoerse rondom konflikhantering ... 66

4.1.3.3 Speel-speel dekonstrueer ... 68

4.1.3.3.1 'n Collage vir 'n kombuisdeur ... 68

4.1.4 Al spelenderwys opsoek na die ontstaan van ons kennis ... 72

4.1.4.1 Etikette as bewaarders van sosiale konstruksies ... 75

4.2 Bloudruk: nuwe diskoerse vir elke gesin ... 77

4.2.1 Landskapskilderytjies ... 78

4.2.2 Verdigting ... 81

4.2.2.1 Briewe as verdigting ... 81

4.2.2.2 Dokumente wat verdig ... 88

4.2.2.3 Kinderstories ... 91

4.2.2.4 Sing-sing nader aan mekaar ... 92

4.2.2.5 Geweeg en positief gevind (nie te lig nie) ... 93

4.2.2.6 Rituele ... 97

4.2.2.7 Bordspel: Van Beitbrug tot Robbeneiland ... 98

4.2.2.7.1 Die spelreëls ... 99

4.2.2.7.2 Die vrae ... 100

4.2.2.7.3 Gesprek oor die spel ... 103

4.2.2.8 Boodskap-in-'n-bottel: tydkapsules ... 106

4.2.2.9 'n Gesinserediens ... 108

**HOOFSTUK 5: RETROSPEKSIE ... 111**

5.1 Hand in eie boesem ... 111

5.2 Bruikbaar vir 'n Reënboognasie ........ 116

5.3 Slotwoord ........ 118

**BRONNELYS ........ 120**

**ADDENDUM 1: DIE BEERTJIE-STORIE ........ 125**

**ADDENDUM 2: "DIE B S H SONG" ........ 135**

**ADDENDUM 3: COLLAGE ........ 138**

**ADDENDUM 4: BORDSPEL ........ 139**

# HOOFSTUK 1: AGTERGROND VAN DIE STUDIE

## 1.1 Inleiding

In hierdie studie word gesinsverryking via 'n pastoraal-narratiewe benadering aangepak. In hierdie hoofstuk wil ek wys op die doelwit van die navorsing. Daarna wil ek wys op die vrae wat aanleiding gegee het tot die studie en enkele aannames wat hierin 'n rol gespeel het. Derdens wys ek graag op die noodsaaklikheid vir so 'n studie in Suid-Afrika. Daarna bespreek ek die noodsaaklikheid van 'n nuwe benadering wat inpas by die postmoderne tydsgees. Laastens volg 'n bespreking van my epistemologie. Laasgenoemde is van kardinale belang in hierdie navorsing.

## 1.2 Navorsingsdoel

Sosiaal-wetenskaplikes het volgens White en Epston (1990:9), aangedui dat ons geen direkte kennis van die wêreld kan hê nie. Dit wat ons weet van die lewe weet ons deur "lived experiences". Mense gebruik hierdie ervarings om sin te maak uit hul lewens. Daar gaan veral tydens hierdie studie gekonsentreer word op die "lived experiences" van die gesinne. Daarom wil ek kyk na watter kennis die gesinne reeds oor beskik en hoe hierdie kennis gebruik kan word in die skryf van 'n nuwe diskoers (White & Epston 1990:125). Ek is van mening dat ek via die pastoraal-narratiewe benadering gesinne sal kan help om 'n nuwe diskoers oor hul gesinne daar te stel. 'n Diskoers wat vir hulle in hulle unieke samestelling verrykend sal wees. Dit beteken dat die gesinne self sal moet aandui wat hulle as verrykend sal beskou.

Aangesien gesinne uit 'n aantal individue bestaan wat elk 'n eie siening het rakende gesinwees, het ek ten doel om elke gesinslid se stem hoorbaar te maak in die skryf van 'n nuwe gesinsdiskoers. Elke gesinslid se eie siening van hoe 'n gesin is, moet ewe veel gewig dra. Die een se siening is nie sonder meer meer belangrik as die ander se sieninge nie. Anders geformuleer is *die doel van die navorsing om 'n benadering tot gesinsverryking daar te stel wat inpas in die huidige postmoderne denke. Dit doen ek aan die hand van die narratiewe benadering tot terapie soos ontwikkel deur White en Epston (1990). Die volgende subdoelwitte vloei hieruit voort:*

*(1) Om diskoerse wat op die gesinne inwerk te dekonstrueer.*

*(2) Om die ko-konstruksies van die gesinne te benut in die daarstel van nuwe diskoerse wat vir die gesinne aanvaarbaar is. (Deur elke gesinslid se stem hoorbaar te maak, hul visie vir gesinslewe te ko-konstrueer saam met dié van die ander gesinslede.).*
*(3) Om die gesinne se deskundige kennis oor hulself en hul "lived experiences" te benut in die nuwe diskoerse.*

*(4) Om die nuwe diskoerse te verdig.*

Ek kies as teoretiese raamwerk die narratiewe benadering tot terapie, soos ontwikkel deur Michael White en David Epston (1990). Presies wat White en Epston bedoel met narratiewe terapie sal in hoofstuk twee bespreek word.

In die formulering van die doelwit het ek doelbewus gekies om die woord "benadering" te gebruik: 'n narratiewe benadering vir gesinsverryking. In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal word benadering omskryf as "Handeling van benader: *Hierdie kuns moet mens onbevange benader,* jou oopstel vir. *Die huis sal by benadering R25 000 kos,* naastenby. *'n Onpartydige benadering van 'n netelige vraagstuk,* onpartydige manier van aanpak" (1988:79).

Met die keuse van die woord "benadering" wou ek juis wegbeweeg van 'n modernistiese formulering van een enkele benadering wat as die alfa en omega aangewend kan word. Eerder wil ek aandui dat die narratiewe denkwyse oor terapie en gesinsverryking, gesien vanuit die postmoderne, oop is vir alle kennis wat die gesinslede en ekself na die gesprek bring. Gevolglik kies ek die woord, benadering. Daarmee wil ek duidelik stel dat dit gaan om die daarstel van gesprekke waarbinne elke gesinslid sy storie kan verwoord en koppel aan die ander lede se stories, met die doel om een gesamentlike verhaal na vore te bring: die verhaal van hul gesin. Selfs die wyse van die daarstel van die gesprekke sou van gesin tot gesin, van groep tot groep, kon verskil. Ek is van mening dat die woord, "benadering", hierdie ruimte laat.

'n Poging om wel 'n postmoderne gesinsverrykingsmodel daar te stel sou, in postmoderne terme gesien, dui op 'n stuk moderniteit. Jordaan (1996:8,9), wie bogenoemde uitgewys het in terme van huweliksmodelle, stel dit as volg:

"Wat uit al die dinge vasstaan, is dat daar geen postmodernistiese huweliksmodel kan wees nie; dat so-iets 'n kontradiksie in postmoderne terme is! As bevestiging van die onmoontlikheid wys postmoderne ontleders soos Bernardes (1993) op 'n verskeidenheid dinge wat aantoon dat modernistiese huweliksmodelle – meer spesifiek die wat tradisionele (patriargale) gesinswaardes as die normgewende ideaal voorhou – baie pyn en ellende skep en vermom; dinge soos erge huwelikskonflik, kindermishandeling, en gesinsgeweld."

Jordaan (1996:9) se betoog is dat om 'n gegewe huweliksmodel voor te hou as die allergietstuk van die huwelik en die allerantwoord op huweliksprobleme, net onhaalbare eise aan die huwelikspaar stel. Hy sien konflik, geweld en mishandeling binne die huwelik as 'n soort "antwoord" op hierdie onmoontlike eis om presies in die model in te pas. Dit verwoord my probleem met 'n modernistiese benadering tot gesinsverryking. Ek wil (soos Jordaan (1996:11) ten opsigte van die huwelik doen, en volgens hom Bernard Shaw lank te vore al beduie het)

daarop wys dat elke gesin so uniek is soos 'n duimafdruk en dus van ander gesinne gaan verskil. "Elke huwelik dans sy eie dans" (1996:11). Waar elke gesin bestaan uit 'n aantal individue met elk 'n eie siening oor gesinwees, hoe kan daar dan een model wees wat vir al hierdie gesinne geldig en werkbaar sal wees?

Dit is hieruit af te lei dat, vir hierdie studie om te slaag, elke gesin verryking sal moet beleef. Elke gesin se omskrywing van wat hulle as verrykend beleef, sal waarskynlik verskil van die volgende gesin se omskrywing. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1988:1261) omskryf verryking as " ... vermeerder; toevoeg aan; tot voordeel, heil wees ..." en / of " ... op die een of ander wyse verbeter ... ". Vir die doel van hierdie navorsing omskryf ek verryking as ko-konstrueer saam met gesinne aan alternatiewe maniere van gesinwees wat elke gesin beleef as 'n vermeerdering van hul gesinsvreugde en –kwaliteit.

Tot hiertoe het ek daarop gewys dat ek 'n ander benadering tot gesinsverryking daar wil stel. Hierdie benadering sal 'n benadering naas ander benaderings wees. Die verskil is dat dit erns wil maak met die postmoderne, en dan veral met die aspek van die postmoderne waarin elke gesinslid se siening net so geldig is as die ander s'n. Die teoretiese raamwerk van waaruit ek gaan werk, is die narratiewe benadering tot terapie soos ontwikkel deur White en Epston (1990).

### 1.3 Navorsingsvraag

Toe ek besluit het om hierdie studie te doen, was dit vir my duidelik dat ek dit binne die postmoderne denkrigtings wou aanpak en dat my benadering 'n narratiewe benadering sou wees. In die deel oor die epistemologie sê ek meer hieroor. Ek het voorts besef dat vir hierdie studie om postmodern te wees, asook in te pas by my epistemologie, dit onder andere sou vereis dat die gesinne van meets af aan moet kan ko-konstrueer aan die benadering. Dit sou ook die moontlikheid van alternatiewe bestaans- en kennismoontlikhede moet erken. Met ander woorde, dit sou nie aangebied kon word as die alfa en omega in gesinsverryking nie. As mens hierby inagneem dat die studie nie net binne die postmoderne aangebied word nie, maar ook binne die narratiewe benadering tot terapie, dan dink ek dit is belangrik dat daar eers na sekere aannames gekyk word.

#### 1.3.1 Enkele aannames

Die doel met die weergee van die aannames is om dit wat in my gedagtes oor die onderwerp leef, uit te spel om sodoende te probeer voorkom dat ek dit op gesinne sal wil afdruk. Tog sal dit in die navorsing verhelder word deurdat die gesprekke met die gesinne en die kennis en konstruksies wat hul aanbied, sal aandui of bogenoemde aannames wel in hul lewens 'n rol gespeel het. Dit sou nie beteken dat dit in alle gevalle so sal wees en dus tot 'n reël of wet

verhef kan word nie. Die aannames staan in noue verband met die navorsingsvrae waarop ek hoop om antwoorde te vind.

Ek maak die aanname dat die sogenaamde werklikheid wat ons dink ons beleef, nie dieselfde is as wat die volgende persoon beleef nie. Dit verskil van mens tot mens en kultuur tot kultuur. Ons ko-konstrueer kennis. Dit wat die meerderheid oor saamstem, word verhef tot 'n waarheid ten koste van ander kennis wat dan onderdruk word. Elke gesin beskik oor die nodige kennis wat suksesvol aangewend kan word om beter te kommunikeer, saam te leef en as eenheid te funksioneer. Die kennis mag huidiglik onderdruk word deur 'n ander dominante verhaal.

Ek is van mening dat elke gesinslid oor positiewe subjektiwiteite beskik wat kan bydra tot die verryking van die gesin. Hierdie subjektiwiteite moet na vore gebring word en deur die ander lede beklemtoon word. Gesinslede is dikwels meer bewus van negatiewe subjektiwiteite en gedrag in mekaar wat hul as irriterend beleef. Hierdie dinge word die maatstaf waarmee ander gehanteer word. Byvoorbeeld, wat kan jy anders van die swart skaap verwag? Dit sal positief beleef word as die ander gesinslede jou sterk punte uitlig. In ons verkry van kennis is dit juis die konstruksies van ander wat 'n geweldige invloed op ons uitoefen. Dit sou kon meebring dat die positiewe, eerder as die negatiewe, die dominante verhaal word. Vanuit my ervarings met huweliksverrykingsgroepe maak ek die aanname dat bitter min gesinne die moeite doen om konstant te fokus op hul sterk punte en op dit wat hul na aan mekaar laat voel. Hul doen waarskynlik min van die dinge wat hul as verrykend ervaar vanweë omstandighede of verpligtinge wat hul daarvoor verblind.

Ek dink dat beide ouers en kinders sal kan leer deur waar te neem en/of in gesprek te tree met ander gesinne. Die genereer van alternatiewe na aanleiding van wat waargeneem is, skep die moontlikheid van nuwe keuses.

### 1.3.2 Vrae wat in die studie ter sprake behoort te kom

Die eerste vraag is, myns insiens, die vraag na hoe gesinne tot kennis kom. Die vraag wat hieruit voortspruit is: Watter effek of invloed word deur hierdie verworwe kennis uitgeoefen op die gesin? Hoe beïnvloed dit die gesin se vermoë om 'n nuwe verhaal daar te stel?

Beskik gesinne oor die nodige kennis om hul gesinslewe te verryk?

Op 'n verdere vlak sou mens moet vra na wat gesinne as verrykend sal beleef? Uit hierdie vraag sou 'n klomp vrae voortspruit, soos byvoorbeeld: Hoe het dit gekom dat hulle juis hierdie dinge as verrykend beskou? Watter ander kennis vanuit ander areas van hul lewens sou hulle kon inspan om verryking in hul gesinslewe te bewerk? Is daar 'n manier waarop gesinne die nuut gegenereerde kennis oor gesinsverryking blywend kan implementeer?

As mens al hierdie vrae moet intrek tot net een vraag, dan sou die vraag moet lees: *Hoe kan die diskoerse wat op gesinne inwerk, sodanig gedekonstrueer word dat dit die ruimte skep vir alternatiewe diskoerse (wat vir die gesinne aanvaarbaar is) om na vore te tree en verdig te word?*

## 1.4 Die behoefte aan gesinsverrykingsprogramme in Suid-Afrika

Die belangrikheid van die gesinslewe; asook die rol wat die gesin in die vorming van kinders se rolle in die samelewing vertolk, maak dit myns insiens nodig dat voortdurend aan hierdie aspek van menswees en ontwikkeling aandag gegee moet word. In 'n publikasie van Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, skryf Hardy (1997:22) in 'n studiestuk oor die navorsingsprioriteite in die veld van huwelik en gesinslewe in Suid-Afrika as volg: "Despite the decline and breakdown of family life, changed family structure and changed roles, the family as a universal phenomenon is still considered the basic institution in society. Family functioning on a sound level plays an essential role in establishing religious and cultural values, norms and individual identity. In the family the child is prepared for his or her role in society".

Harvey, wat die ondersoek uitgevoer het, wys daarin dat M. Van Staden reeds in 1987 tot die gevolgtrekking gekom het dat gesinsverryking 'n positiewe uitwerking het op familieverhoudinge. Harvey gaan dan verder deur die stelling te maak dat gesinsverryking kan bydra tot die bevordering ("enhancing") van die kwaliteit van die gesinslewe. Daarom is navorsing op die terrein van gesinsverryking geregverdig en behoort daar aan sodanige navorsing hoë prioriteit verleen te word (Harvey 1997:23).

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het 'n ondersoek geloods na die noodsaaklikheid al dan nie van gesinsverryking. Hul bevinding? "Very little research on family enrichment *per se* has been undertaken in South Africa" (Harvey 1997:23). In "Survey on marriage and family enrichment undertaken by the South African Welfare Council and regional welfare boards, 1982" (aangehaal deur Harvey 1997), word aanbeveel dat navorsing oor o.a. die volgende onderwerpe gedoen behoort te word:

- Die behoefte vir huwelik- en gesinsverryking vir die onderskeie bevolkingsgroepe.
- Maatstawwe gemik op die bevordering van huwelik- en gesinslewe wat die beste geskik is vir die Suid- Afrikaanse samelewing.

In haar tesis getiteld "Gesinsverryking as voorkomingsdiens in maatskaplike werk (1984)", beveel Mara van Staden aan dat geleenthede daargestel moet word in gesinsverrykingsprogramme sodat kinders en ouers mekaar beter kan leer ken (in Harvey 1997:25). Dit beklemtoon wat reeds as doelwit gestel is, naamlik dat in 'n

gesinsverrykingsprogram aandag gegee moet word aan al die rolspelers binne die gesin. Die kind se stem moet ook gehoor word. Efran en Lukens (1985:25) wys daarop dat elke lid van 'n gesin sy eie interpretasie van gesinwees het. Indien die kinders se interpretasie nie gehoor word nie, voorsien ek probleme vir die gesin aangesien hierdie verskillende interpretasies tot botsings kan lei. Daarom is dit vir my belangrik dat elke gesinslid se kennis, mening en geleefde ervarings na vore gebring word en deel word van die verrykingsproses.

Ek is van mening dat 'n nuwe benadering tot gesinsverryking in 'n Suid-Afrikaanse konteks van so 'n aard behoort te wees, dat dit toepaslik is vir enige bevolkingsgroep. Dit is natuurlik logies dat alle gesinne in alle rassegroepe ook sou kon baat uit gesinsverryking. Alhoewel dit feitlik onmoontlik is om so 'n program daar te stel, meen ek dat die narratiewe benadering waarin die kliënt, of in hierdie geval die gesin, die deskundiges oor hulle eie lewens is, wel so 'n doelstelling of toepaslikheid sou kon bereik.

Aandag sal gegee moet word aan kultuur-, geslag- en rassesensitiwiteit. Indien moontlik moet van die groter diskoerse oor gesinslewe wat in die samelewing bestaan, blootgelê word. Die gevaar sou wees om op 'n modernistiese wyse hierdie diskoerse bloot deur te gee aan die gesin op 'n wyse wat die diskoerse tot norme kan verhef. Hiermee word bedoel dat die indruk by gesinne gewek kan word dat "almal dit so doen, dus hoort dit so" of, "dit is hoe ons kultuur dinge doen." 'n Narratiewe benadering sou met die gesinslede kon eksploreer watter diskoerse op hul inwerk en hoe dit hulle beïnvloed. Aangesien die diskoerse in die verskillende bevolkings- en kultuurgroepe in Suid-Afrika uit die aard van die saak verskil, behoort die narratiewe benadering ook hierdie problematiek te kan oorkom deurdat die gesinne die diskoerse wat uniek is aan hul kultuur- en bevolkingsgroep, nou self blootlê.

Dieselfde geld ten opsigte van godsdienstige diskoerse. Al bestaan my navorsingsgroep uit christene en word hulle lewens dus ingekleur volgens die christelike diskoers, moet ek daarteen waak om hierdie diskoers te verhef tot 'n allergietstuk vir gesinwees. Ek meen dat elke gesinslid bewus moet wees van die christelike diskoers en die effek wat dit op hul lewens het en dat hulle dan opnuut weer sou kon besluit om die christelike diskoers te handhaaf in hul lewens. Sou ek vanuit my oriëntasie die christelike diskoers probeer verhef tot die enigste waarheid aangaande gesinwees, sou ek die gevaar loop om die stemme en kennis van die gesinslede te onderdruk ten gunste van my siening van die christelike diskoers. Dit sou geld vir enige ander diskoers wat ek of die samelewing mog handhaaf. *Dit is vir my van kardinale belang dat elke gesinslid (kinders veral) se stemme hoorbaar gemaak moet word.* Geen kennis of ervaring mag sondermeer onderdruk word deur iemand anders se kennis of ervaring nie. Saam moet die gesinslede kan ko-konstrueer aan 'n nuwe gesinsdiskoers. Sonder dit, meen ek, sal hierdie verrykingsbenadering nie slaag nie.

Dit is geensins die doel van hierdie studie om op al die onderwerpe (soos hierbo genoem, byvoorbeeld kultuur-, geslag- en rassesensitiwiteit) in te gaan nie. Ek wil hiermee wys dat daar 'n behoefte is aan die daarstel van 'n gesinsverrykingsprogram.

### 1.5 Waarom 'n ander benadering tot gesinsverryking?

In gemeentewerk beleef ek dat gesinne krisisse beleef. Hul verhoudings vertroebel, verbrokkel selfs en breek uitmekaar. Heelparty leef in hierdie krisis skynbaar onmagtig om dit te verbreek, so al asof dit hul lewenslot is. "Ek het moeilike kinders", "My man is 'n alkoholis", "Dis my lot", "Elke huis het sy kruis", sou woorde uit gesinne se monde kon wees.

Die redes vir die krisisse kan legio wees. Hierop gaan ek nie nou in nie. Eerder sou ek pro-aktief wou meewerk aan gesinsverhoudinge. Tot hiertoe het ek my slegs gewend tot die veld van huweliksverryking. My eie pogings in die verlede rakende huweliksverryking het nie die resultate gelewer waarop ek gehoop het nie. Dit bring my tot die gevolgtrekking dat, as ek 'n soortgelyke benadering tot gesinsverryking sal inneem, ek nie veel beter sal vaar nie. Die rede was moontlik 'n voorskriftelike styl van aanbieding. Ek, as sogenaamde "deskundige", het aan egpare gewys dat daar 'n bepaalde kuns aan getroud wees is en as jy dit onder die knie kry, dan sal jou huwelik verryking ervaar. Laat my illustreer: Ek sou aan hulle deurgee dat in konfliksituasies jy byvoorbeeld, ek-boodskappe moet stuur. Almal stem saam, net om in die eerste konfliksituasie te ontdek dat dit wat geleer is, reeds vergete is. Ek wou nie hierdie leemte (my belewing) oordra in my benadering tot gesinsverryking nie. Die woorde van Marilyn Ferguson onderstreep my gedagtegang in die verband: 'No one can persuade another to change. Each of us guards a gate of change that can only be opened from the inside. We cannot open the gate of another, either by argument or by emotional appeal' (aangehaal deur Covey 1992:60-61). Vir my is dit duidelik dat ek 'n nuwe benadering moet vind tot huweliks- en gesinsverryking wat hierdie dilemma kan oorkom.

In die volgende paragrawe wil ek aandui hoe dit gekom het dat ek geskuif het van 'n moderne benadering na 'n postmoderne benadering. Ek sal ook aandui wat my huidige epistemologie is.

### 1.6 Epistemologie

*"In a post-modern world, any basis for a claim on the part of any elite, whether religious, scientific, political, or social, begins to disappear " (Parry 1991:39).*

Met hierdie aanhaling wil ek daarop wys dat in die postmoderne die eksklusiewe eis tot alleenreg wat sekere kennis opgeëis het, nou in gedrang kom. Dit is nie meer moontlik om te wil voorgee dat slegs sekere vorme van kennis wetenskaplik of geldig kan wees nie. Foucault (1980:81) het 'n sterk saak uitgemaak ten gunste van die, soos hy dit genoem het, "subjugated

knowledges" (ook genoem naïewe kennis) (1980:82). Dit is kennis wat as nie-geldig of onwetenskaplik beskou word omdat dit nie bevestiging ontvang uit die bestaande, erkende denkwyses nie. So vra Foucault (1980:85) watter kennis ons ongeldig wil verklaar as ons vra: "Is dit wetenskaplik?" Watter onderwerpe van kennis wil jy afmaak en marginaliseer as jy sê: "Ek voer 'n wetenskaplike ondersoek?" "Watter teorieë en kennis wil jy bemagtig en isoleer bo ander kennis in jou sogenaamde wetenskaplikheid?" Hierdie vrae speel 'n belangrike rol in hierdie navorsing. Gaan die kennis van die navorser rakende gesinsverryking meer gesag dra as die kennis wat die deelnemers genereer? Behoort die bydraes wat die gesinne maak, nie ook net soveel gewig te dra as die kennis nagevors uit boeke nie? In die volgende paragrawe bespreek ek dit kortliks. Die bespreking dien ook as motivering vir my plasing binne die postmoderniteit.

Ek begin by twee denkstrominge, nl. moderniteit en postmoderniteit. Postmoderniteit is in my oë 'n reaksie op moderniteit. Moderniteit het 'n objektiewe waarheid nagestreef. Daar is gesoek na strukture en kernwaarhede wat onder die oppervlak lê. Daar is geredeneer dat mens die waarheid kan ken en dat 'n navorser objektief die werklikheid kan waarneem, sonder om 'n invloed op dit wat waargeneem word, uit te oefen. Postmoderniteit is nie net 'n volgende tydvak na moderniteit nie. Postmoderniteit en moderniteit bestaan huidiglik naas mekaar en genereer baie debatte (Burr 1995:12). Postmoderniteit wil juis die siening van een objektief-waarneembare waarheid, verwerp (Burr 1995:13).

Ek plaas myself binne die postmoderniteit. Alhoewel ek aanvanklik opgelei (op skool en selfs op universiteit) is volgens modernistiese sienswyses, het ek tot die besef gekom dat ons nie die werklikheid kan vasvang deur objektiewe waarneming nie. Die konstruktivis, Humberto Maturana, het as bioloog die oog van die padda bestudeer en bevind dat die oog van die padda uit 'n aantal groeperings van gespesialiseerde selle bestaan. Van hierdie selle het gereageer as vlieë binne die gesigsveld van die padda van links na regs beweeg, maar nie as hul van regs na links beweeg nie. Dit was duidelik dat die padda nie 'n ware weergawe van die wêreld waarneem nie. Dit het voorgekom asof die padda se brein 'n lewe van sy eie gehad het. Die padda het nie toegang gehad tot die werklikheid nie, slegs tot dit wat deur sy sensoriese apparaat deurgefilter is (Simon 1985:34).

'n Magdom vrae het op grond van die werk van Maturana by my ontstaan. Wat is die werklikheid? Ken ons dit? Gaan die werklikheid verskil van mens tot mens? Het dieselfde muntstuk nie dalk meer as net twee kante nie? Watter implikasie sou dit hê vir o.a. die terrein van gesinsverryking? Sou daar nie 'n ander benadering vir gesinsverryking ontwikkel kon word wat hierdie "realiteite" of verskillende werklikhede kon versoen nie?

Die gesinsterapeute Efran en Lukens (1985:25) het vir my lig in hul gevolgtrekking op die werk van Maturana, gewerp. Hulle het ten opsigte van gesinne die volgende gesê:

> "There are as many families in the room as there are *observer descriptions* of families. Each member has his or her own family, and each is entirely separate and legitimate, although there may be points of intersection between some of these "families." But one person's view is not a distortion of some presumable correct interpretation. In place of one objective universe waiting to be discovered or correctly described, Maturana proposes what he calls a "multiverse," where many observer "verses" co-exist, each valid in its own right."
>
> (Efran & Lukens 1985:25)

Watter implikasies sou hierdie 'veelvoudige werklikhede' op die gesinslewe en dus op die navorsingstema hê? Myns insiens sou dit postmodern benader moet word. Dit sou ruimte moet skep vir 'veelvoudige werklikhede'. Daarmee bedoel ek dat individue verskillende interpretasies kan heg aan dieselfde werklikheid. Daarom sou die stem van elke gesinslid hoorbaar en duidelik na vore gebring moet word, ook die van die kinders, indien enige. Hierdie stemme sou saam geko-konstrueer kan word in een nuwe verhaal wat werkbaar is en die keuse is waarop die gesin saam besluit het. Dit sou dus binne die sosiale konstruksie diskoers tuishoort. Die vraag na wat is werklikheid en waar kom ons kennis vandaan moet ook gehanteer word. Is mense bewus van waar hulle kennis vandaan kom en hoe dit hul gesinslewe beïnvloed? Sou hierdie insig meebring dat hulle nou hul gesinslewe anders sou wou inkleur as vantevore? Dalk op 'n manier wat hul as meer verrykend sou beleef?

Binne die postmoderniteit sien ek my epistemologie as meer sosiaal-konstruktivisties as wat dit konstruktivisties is (soos in die geval van Maturana). Dit is moeilik om sosiaal-konstruktivisme te definieer. Die rede hiervoor is dat daar nie duidelik herkenbare kenmerke aan hierdie denkrigting is nie. Anders gestel, daar is kenmerke wat ooreenstem, maar nie al die kenmerke kom by al die skrywers en denkers binne die sosiaal-konstruktivisme voor nie (Burr 1995:2). Burr (1995:3-5) onderskei wel vier kenmerke wat, indien een of meer hiervan voorkom, kan dui op sosiaal-konstruktivisme. Die eerste is 'n kritiese houding jeens kennis wat as vanselfsprekend aanvaar word. Die sienswyse dat daar kennis is wat ontstaan op grond van objektiewe en onbevooroordeelde waarneming van die wêreld, word ernstig bevraagteken. Ons belewing van hoe die wêreld regtig is, word deurgaans met suspisie bejeën (1995:3). Die tweede kenmerk is geleë in die historiese en die kulturele. Ons verstaan van die wêreld, die onderskeidings en waarnemings en kategorieë, dat wat bestaan die gevolg is van geskiedenis en kultuur. Anders gestel, dit hang af van waar en wanneer ons in die wêreld leef. Byvoorbeeld, in Dickens se tyd is kinders gesien as miniatuur volwassenes. Vandag word hulle gesien as

onskuldiges wat beskerm moet word teen uitbuiting en mishandeling (1995:3,4). Ten derde word kennis gesien as iets wat deur mense geko-konstrueer word deur sosiale interaksie. Taal speel hierin 'n kardinale rol. Kennis is nie die gevolg van objektiewe waarnemings nie. Kennis is eerder die gevolg van sosiale prosesse. In hierdie prosesse word taal gebruik om 'n verstaan van die "werklikheid" te skep (1995:4). Laastens wys Burr (1995:5) daarop dat in die sosiaal-konstruktivisme geredeneer word dat kennis en sosiale aksie hand aan hand gaan.

Hoe ons oor dinge, idees of sake praat, bepaal volgens Drewery en Winslade (1996:40,41) hoe ons die dinge, idees en sake verstaan en wat hierdie dinge, idees, sake regtig is. Op hierdie wyse (deur te praat) genereer ons werklikheid. Werklikheid is nie iets wat "daar buite" is nie. Ons skep dit en ons skep dit in taal. Daarom kan ons ons werklikheid verander, aangesien werklikheid nie vasgestel en onveranderlik is nie. Die mens het dit dan in taal geskep en kan dit dus ook in taal herskep. Dit beteken nie dat daar nie 'n werklikheid bestaan nie. Dit bestaan wel. Ons kan dit net nie weergee nie. Dit wat ons weergee is 'n taalkonstruksie wat sterk gekleurd is deur ons omgewing, kultuur en hoe ons groot geword het.

Volgens Drewery en Winslade (1996:42) het ons nie volkome beheer oor ons lewens nie: Ons praat onsself in die wêreld in deur middel van die terme en die stories wat tot ons beskikking is. Byvoorbeeld: As ons groot geword het met die gedagte dat die aarde plat is en ons beskik oor geen ander kennis in hierdie verband nie, dan word hierdie 'n onomstootlike feit waarvolgens ons nou gaan leef. Ons sou kon vrees dat as ons te ver reis, ons van die kant van die aarde af sou kon val. So 'n storie (en natuurlik herhaal ons dit vir mekaar) verblind ons vir ander moontlikhede.

Baie van die stories oor ons lewens maak van ons 'n slagoffer. Ons word geposisioneer en onderdanig gemaak, met die gevolg dat mens 'n passiewe ontvanger word (Drewery & Winslade 1996:42). As ek met 'n beeld hierby kan aansluit: Jy is dan nie meer 'n akteur in jou eie draaiboek nie. Hierdie stories oor gesinwees kan baie beperkend op mense inwerk. Sou mens nie verandering en verryking kon bring deur gesinne te help om nuwe stories te ontwikkel nie?

In die sosiale konstruksie diskoers word na kennis gekyk as die resultaat van 'n sosiale proses. Kennis is nie die objektiewe beskrywing van die een of ander eksterne werklikheid nie. Die parameters vir ons verstaan en ervarings word deur taal verskaf.

Foucault het hierdie sosiale konstruksies begin blootlê. Hy het daarop gewys dat ons in 'n era leef waar norme gestel word en enigeen wat buite die norme staan, word as 'n afwyking gehanteer. Soos Foucault dit stel: " ... that we now have a society of normalization in which evaluation has replaced torture, and has infiltrated the judiciary in matters of social control [one

example: expert psychological testimony]: in the control of bodies, of groups, and of knowledge. [He makes] reference to statistical measures and judgements about what is normal rather than about what is right and wrong" (aangehaal deur Besa 1994:313). Individue voel verplig om aan hierdie "objektiewe" standaarde te voldoen. Dit bring mee dat die terapeutiese beroep, bewustelik of onwetend, onder andere die rol inneem van klassifiseerder, beoordelaar, en besluitnemer van wat begeerlik, aanvaarbaar en toepaslike gedrag sou wees (Monk 1996:8).

Die skrywer Breyten Breytenbach (1999:Voorwoord) skryf in sy voorwoord tot Van Zyl Slabbert se boek "Afrikaner Afrikaan" as volg:

> "En die geleier van mag is die taal wat ons praat en skryf, want ons vergeet dat alle uiting 'n klassifisering is, en elke indeling onderdrukkend: *ordo* beteken beide verspreiding en bedreiging. Die voël sing egter soos hy gebek is. Die taalfilosoof Jakobson (wat beweer het dat taal wetgewing is) toon aan dat 'n spraakstelsel nie sodanig uitgeken word aan wat dit ons toelaat om te sê nie, maar deur wat dit ons dwing om te sê ... "

Hieruit spruit, myns insiens, die vrae: "Watter invloede of subtiele druk beleef die huisgesin vanweë die samelewing se ingesteldheid op norme en konformering? Word die stem van individuele gesinslede nie dalk stil gemaak omdat geglo word dat dinge so moet wees en daarom nie anders kan of mag wees nie? En indien dit die geval is, is dit nie een van die faktore wat gesinsverryking beperk nie?" Hierby moet gevra word na wyses waarop die navorser en/of terapeut kan verseker dat hy/sy nie beperkend of beoordelend of voorskriftelik sal optree nie.

Vervolgens 'n bespreking oor hoe hierdie narratiewe op mense inwerk.

In die samelewing bestaan diskoerse oor alle aspekte van die lewe. Kotzé en Kotzé (1997:33), in 'n heenwysing na die werk van Michael White (1992,1995), wys daarop dat mense in narratief leef. Hierdie narratief bestaan uit hul ervarings wat hul op so 'n wyse rangskik (oor tyd heen) dat dit vir hulle help om sin te maak van hul lewens en omgewing. Hierdie narratiewe reflekteer nie ons lewens nie. Dit konstitueer dit, vorm en slyp dit (1997:35). Ons eie verhale en die van ander gee sin en betekenis aan ons lewens en bepaal watter verhale ons insluit en vormend op ons laat inwerk (1997:34). Stephen Covey (1992:99) wys op sy beurt daarop dat alle dinge (sy woordkeuse 'all things') twee maal geskep word, maar dat die eerste skepping nie noodwendig bewustelik geskied nie. 'In our personal lives, if we do not develop our own self-awareness and become responsible for first creations, we empower other people and circumstances outside our Circle of Influence to shape much of our lives by default. We reactively live the scripts handed to us by family, associates, other people's agendas, the

pressure of circumstance—scripts from our earlier years, from our training, our conditioning' (Covey 1992:101).

Maak hierdie diskoerse oor die gesinslewe, oor manwees, vrouwees, kindwees, ouerwees, tienerwees, uitgesproke of onuitgesproke (ingebed in gesinslede se ontwikkeling), die stemme van die onderskeie gesinslede stil? Onderdruk dit, en indien wel in watter mate, elke gesinslid se eie verhaal?

Parry (1991:37-53) wys daarop dat elke mens se verhaal onlosmaaklik verbind is aan ander se verhale, asook aan groter verhale. Elkeen is 'n hoofspeler in sy eie draaiboek. Terselfdertyd is hulle "opgeroep" en "ingetrek" in die draaiboeke van ander mense. Die individu se verhaal kan slegs vorder as elke rolspeler sy ondersteunende rol in ander se verhale vertolk. As hul trou, behou beide hul eie verhale. Hul behou die sentrale lyn. Volgens Parry (1991:37-53) kan mens net hoop dat elk 'n punt sal bereik waar 'n gesamentlike verhaal begin ontvou wat tegelyk 'n integrale deel van elkeen se individuele verhaal is. 'n Krisis in 'n gesin ontstaan wanneer een of meer van die spelers nie meer die rol-verwagtinge wat ander gesinslede ten opsigte van hulle koester, wil nakom in die gesinsverhaal nie. Wanneer dit gebeur, vorder geeneen se verhaal nie.

In die daarstel van 'n nuwe benadering tot gesinsverryking sal die verwagtings wat gesinslede van mekaar het, ontgin moet word. Dit moet geskied in lyn met elkeen se bereidheid om wel aan daardie verwagtings te voldoen, of net eers daaroor te praat. Parry (1991:37-53) wys op die belangrikheid daarvan dat ter wille van hierdie storieverbindings, 'n so volledig en gedetaileerde verhaal as moontlik van hul verwagtings na vore moet kom. Gesinne wil hê dat gesinslede moet konformeer en een word in die verhale van die ander gesinslede, selfs ten koste van die lid se eie verhaal. Sodoende kan dit gebeur dat van die gesinslede se sieninge en behoeftes onderdruk word ten gunste van 'n sogenaamde "groter" gesinsverhaal. Hierteen moet gewaak word in die skryf van 'n nuwe gesinsverhaal.

Tot hiertoe het ek my epistemologie verduidelik. In die volgende paragrawe bespreek ek my prakties-teologiese standpunt. Hiermee saam wil ek ten eerste aandui wat praktiese teologie is.

### 1.7 Prakties-teologiese standpunte

Praktiese teologie is die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en as sulks ook die geloofsuitsprake van mense oor hul God. Sonder die menslike element, nl. die mens se geloofsuitsprake en die mens se geloof, sou praktiese teologie as wetenskaplike studieveld nie kon bestaan nie, aangesien die mens God nie kan objektiveer en in menslike denke kan vasvat nie (Heyns & Pieterse 1990:4,5). Van der Ven (1988:8) wys daarop dat Luther gesê het dat die objek van teologie slegs te vind is in die

verhouding tussen die mens en God. Calvyn het dit op sy beurt gestel, volgens Van der Ven (1988:8), dat die praktiese karakter van teologie te make het met menslike handeling as die reaksie op geloof en die rol wat affeksie tussen mense speel. Wat in hierdie navorsing bestudeer gaan word is dus nie God nie, ook nie geloof as sulks nie. Ek gaan in gesprek tree met gesinne oor hul interaksie onderling en met God. Anders gestel, ek gaan kyk hoe die verskillende horisonne (byvoorbeeld werk, vader, moeder) van die onderlinge gesinslede mekaar kruis en hoe dit die horison van geloof kruis. Uit die aard van my benadering gaan ek die prakties-teologiese- en die pastoraal-terapeutiese benaderings vermeng met narratief-terapeutiese denkwyses. Ek gaan nie vir die gesinne voorsê hoe hul moet leef nie. Hiermee bedoel ek dat die gesinne die deskundiges ("experts") van hul eie lewens is en dat gevra gaan word dat hulle sal aandui wat hulle as verrykend beleef en wat nie. Ek het reeds aangedui dat ek in hierdie studie veral wil konsentreer op die geleefde ervarings van die gesinne. Dit is deels die rede waarom die konfessionele benadering byvoorbeeld, nie gekies is nie.

In die studie wat ek onderneem gaan dit om gesinne en hulle verhale. Ek wil juis hulle stemme hoorbaar maak en nie toegooi onder enige vorm van kennis nie. Dit sluit teologie in. Die Bybel kom ter sprake soos en waar die gesinne dit ter sprake bring. Dit sou kon gebeur waar die gesinne se ander horisonne dié van die geloofshorison kruis. Geen belydenis van geloofswaarhede gaan teenoor gesinne gedoen word nie. Dit bring mee dat ek ten opsigte van bogenoemde stellings reeds die spilpunt van die konfessionele benadering tersyde gestel het. Volgens van Wyk (1995:88) gebruik die konfessionele benadering die Bybel as die spilpunt waarom alles draai. Die Bybel is die enigste norm vir die praktiese teologie. Die kerk en sy dienswerk staan hier sentraal. Riglyne word vanuit die Bybel en die gereformeerde teologie afgelei. Die risiko is dat ek vanuit die Bybel en die gereformeerde teologie sienings en interpretasies op gesinne sal afdwing. Ek meen dat dit sou kon verhinder dat die gesinne se eie verhale en kennis na vore kom.

Dit is duidelik dat ek my prakties teologies nie binne die konfessionele benadering plaas nie. Waar plaas ek myself dan? In die volgende paragraaf verduidelik ek my keuse ten gunste van die narratiewe-hermeneutiese prakties-teologiese benadering.

### 1.8 Die Narratiewe-Hermeneutiese Prakties-Teologiese Benadering

As plasing binne die praktiese teologie word gekies vir wat Gerkin (1986:22) die narratiewe-hermeneutiese benadering noem; en wel om die volgende redes:

Volgens Gerkin (1986:60) is praktiese teologie die kritiese en konstruktiewe reflektering op die lewe en werk van Christene in al die verskillende kontekste waarbinne hul lewe. Die doel van

praktiese teologie is om transformasie in lyn met die evangelie te fasiliteer in al die dimensies van christene se lewens. Die transformasie, in die geval van die navorsingsgroep, sou dan wees 'n transformasie na 'n meer verrykende manier van gesinwees. Sodanig, dat die konteks van hul gesinslewe vernuwing ondergaan.

Gesien vanuit 'n narratief-hermeneutiese perspektief beteken dit 'n proses waarin veelvuldige en geïnterpreteerde horisonne van betekenis vanuit die christelike diskoers saamgesmelt word met horisonne wat op ander terreine op christene se lewens inwerk. Teenoor hierdie ander horisonne moet uitermate respek betoon word. Dit beteken dat mens moet toelaat dat die unieke, eie taal en metafore van hierdie horisonne self hoorbaar word. Daarom sal ek nie kennis wat die navorsingsgroep vanuit ander horisonne ter sprake bring, ignoreer nie. Trouens, daar sal gesoek word na wyses waarop ook hierdie kennis hul gesinslewe kan dien.

Die dialoog wat plaasvind tussen die christelike horison en die ander horisonne moet met "hermeneutiek van suspisie" (Gerkin 1986:64) gevul wees. Hiermee word bedoel dat vanuit die dialoog tussen die horisonne, die sogenaamde blinde kolle blootgelê gaan word. Ook vrae wat nooit durf gevra word nie, sal gevra word. Meer algemeen gestel: aanvaarde gebruike en sieninge rondom die verstaan van menslike handelinge en ervarings, sal bevraagteken word (Gerkin 1986:64).

Praktiese teologie het as doel ook die transformasie van menslike lewens. Hierin vertolk praktiese teologie 'n fassiliterende rol. Die christelike diskoerse was nog altyd diskoerse oor menslike lewens wat wag op verandering en transformasie. Dit is waar omdat alle mense volgens die christelike diskoerse betrokke is in sonde en dus redding nodig het. Dit is ook waar omdat God steeds betrokke is in die kreatiewe proses van die koms van Sy Koninkryk (Gerkin 1986:64). Elke mens is dan, gesien vanuit die christelike diskoerse, deel van nie net 'n eie storie nie, maar ook (of hul dit wil aanvaar of nie) van die groter diskoerse oor die koms van God se Koninkryk.

Volgens Gerkin ontwikkel die mens 'n self wat al sy ervarings van geboorte af in 'n narratief oor die self ontwikkel. Hierdie narratief is op diepste vlak gekoppel aan die groter narratiewe en metafore van die konteks waarbinne die individu gebore is. So oefen die veelvoudigheid van die moderne lewe druk uit op individue en gemeenskappe om 'n veelvoud van narratiewe uit te leef, dikwels op wyses wat weerspreek. Hieruit ontstaan die behoefte vir 'n primêre narratief wat benaderinge genereer vir die interpreteer van lewensituasies en die maak van keuses te midde van teenstrydige waardes. Dit alles terwyl 'n kern identiteit behoue bly te midde van veelvuldige rolle wat uitgeleef word. Hierdie veelvuldige rolle word elk gevorm deur verskillende reëls en benaderinge van wat goed en bruikbaar is (Gerkin 1986:19).

Die betekenisse wat mense heg aan situasies en die aksies van die mens binne die situasies, vind altyd 'n begronding in narratiewe strukture. Hierdie betekenisse spruit voort uit verhale of groeperings van verhale oor hoekom dinge gebeur en wat dit beteken. Vrae rakende die interpretasie van hierdie situasies en van mense binne die situasies, is daarom belangrik vir die verstaan van en reaksie op enige situasie waarby mense betrek is. Hierdie interpretasies verbind die huidige situasie met die verhaal wat sê hoe situasies verstaan behoort te word. Interpretasie gaan nie net menslike aksie vooraf nie. Menslike aksies is opsigself uitdrukking van eersgenoemde interpretasies (Gerkin 1986:22).

Die vraag kan nou geopper word of hierdie primêre narratief dan nie ook die eie stemme van die gesin sal onderdruk nie. Sou die voorhou van die Judees-christelike narratief dan nie mense in een van Jordaan (1996:9) se allergietstukke indwing nie? Twee sake in hierdie verband is vir my van belang. Die gelowiges (hulle is belydende- en dooplidmate van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Deneysville) wat deelneem aan die navorsing, se lewens is uit die aard van hulle belydenis reeds deurdrenk met 'n primêre narratief. Ten tweede kan ons nie sosiale diskoerse en enige primêre narratief wegwens nie. Daar moet eerder gepoog word om alle narratiewe en diskoerse bloot te lê, sodat die gesinslede duidelikheid kan kry oor wat hulle eie stemme is en wat sosiale diskoerse en primêre narratiewe is. Dan kan hulle self besluit watter van hierdie diskoerse en narratiewe hulle wil gebruik in die ko-konstruksie van 'n nuwe gesinsverhaal.

Hoe beïnvloed bogenoemde my pastorale uitgangspunte? In die volgende deel gaan ek poog om meer lig hierop te werp.

### 1.9 My pastoraal-narratiewe posisie

Vir Gerkin (1986:26) dra die woord "pastoraat" 'n narratiewe struktuur. Sonder narratief kan daar geen pastoraat wees nie. Die woord "pastoraat" dra met dit saam 'n aura van betekenisse wat gewortel is in stories. Die storie van menswees. Die Bybel is 'n versameling van geskrifte, baie van die geskrifte is verhale wat vertel van die oorsprong van die mens. Presies wat dit beteken om deel van die Christengemeenskap te wees, is gewortel in die verhaal oor hierdie gemeenskap se oorsprong en geskiedenis. Die woord pastoraat kan ook geanaliseer word aan die hand van 'n metafoor of analogie. Die oorsprong daarvan in die Joods-christelike konteks was waarskynlik as gevolg van 'n analogie, naamlik die versorging van sy kudde deur die herder. God is gesien as die Herder wat by uitnemendheid vir Sy volk sorg. So versorg die leier in die gemeenskap dan ook sy volgelinge (Gerkin 1986:27).

Gerkin (1986:26) wys daarop dat selfs die mees moderne van wetenskaplikes, mense wat lag vir die christelike skeppingsverhaal, die wêreld in 'n narratiewe struktuur beleef en ervaar. In

hul geval is dit die narratief van die "big bang beginning of the cosmos and the evolution of the planets and of living things. But, because even in science we deal not just with "facts" but with possibilities and hypotheses, a story of the way things are, have been, and will be is necessarily formed" (Gerkin 1986:26).

Die poging om die taal van metafoor en stories te herwin vir die pastoraat, is 'n poging om erns te maak met die algemene taalgebruik van die mens wat deur die pastor versorg word. Gerkin (1986:29) wys hier op die woorde van Barbara Hardy (soos aangehaal deur Brian Wicker: The Story-shaped World, 1978:47): "For we dream in narrative, daydream in narrative, remember, anticipate, hope, despair, believe, doubt, plan, revise, criticise, construct, gossip, learn, hate and love in narrative. In order to live, we make up stories about ourselves and others, about the personal as well as the social past and future".

Min dinge het so 'n impak op my gehad as juis hierdie ontdekking in Gerkin se aanhaling van die woorde van Barbara Hardy. Juis hierin het ek begin dink in terme van stories en die feit dat stories verander kan word, ook my eie. Ek kan dit oorskryf en ek kan selfs kies om dit anders te interpreteer. Geen storie of droom of woord is gegiet in sement nie. En as dit verander kan word, dan kan nuwe moontlikhede ontsluit word.

Epston (1998:214) wys daarop dat hierdie narratiewe vorm gee aan mense se huidige ervarings. Hierdie narratiewe gee vorm aan dit wat ons glo binne ons vermoëns is, asook hoe ons dit wat ons en andere doen interpreteer. Mense benut hierdie stories om hul ervarings mee te organiseer en die kompleksiteit daarvan te verstaan. Die gevolg is dat die keuses wat gemaak word, grotendeels gevorm is deur die betekenisse wat ons aan gebeure heg, asook die betekenisse wat ons aan die keuses wat ons oorweeg, heg (Freeman et al 1997:xv). Ons eie stories is egter nie al wat op ons inwerk nie (byvoorbeeld Gerkin se verwysing rakende die Judees-christelike narratief en die transformerende krag hiervan). Ek meen dat mense die invloed van hierdie narratiewe op hulle lewens en hulle keuses beter moet verstaan. Dit sou kon meebring dat hulle in die keuses wat hulle uitoefen en die betekenisse wat hulle aan gebeure heg, beter in staat sou kon wees om hul eie stemme hoorbaar te maak en nie bloot te reageer met wat ten diepste 'n sosiale diskoers is nie.

Gerkin (1986:39) gebruik die voorbeeld van mense wat nie hul integriteit kon behou binne 'n situasie van onderdrukking en armoede nie. Hy wys daarop dat hulle lewens gewortel is in hul onmiddellike ervarings, dit wil sê, die sosiale konteks wat hul omring. Wie hulle is en hoe hulle hulself sien word bepaal deur wat die sosiale situasie vir hulle sê oor hulle waarde en waardigheid. Uit hierdie voorbeeld lei Gerkin (1986:39) af dat die mens se identifisering spruit uit twee bronne: Ons onmiddellike ervarings en die verbinding met die groter narratiewe. Laasgenoemde het 'n web van betekenisse wat uitstyg bo die bepalende kragte van die

onmiddellike ervarings. Hy verwys as volg na Moltmann in hierdie verband: "Human identity is for Moltmann therefore always paradoxical, 'at the same time' embedded in the historical process of our lives and eschatological in its connection to the narrative of expectation of the coming kingdom" (1986:39). In die lig hiervan sê Gerkin dat mense wat op die oog af slegs subjektief leef in hul onmiddellike sosiale situasie, gesien kan word as dat hulle hul verbintenis met die eskatologiese narratief van die komende koninkryk verloor het. Dit is dan die taak en noodsaak van die christelike pastoraat om hierdie persone te help om weer die verbintenis te maak (Gerkin 1986:39).

In kort, dit is die taak van teologiese refleksie om in die teenswoordige te begin met 'n situasie wat praktiese vrae na vore bring en dan vandaar, nie net terug te kyk na die narratiewe temas, metafore en beelde van die verlede, met die doel om die huidige situasie te belig nie, maar ook vorentoe te kyk met verbeelding vir nuwe moontlikhede wat die een of ander toekoms kan ontsluit (Gerkin 1986:42). Mens sou soos Gerkin (1986:47), kon verder gaan, deur te redeneer dat die doel van praktiese teologie in die interpreteer van gewone menslike handelinge lê op wyses wat aan hierdie gewone lewens 'n samehangendheid bied, omdat dit gesien kan word as die uitleef van die Christelike storie.

In hierdie benadering tot gesinsverryking gaan gepoog word om gesinslede te begelei om die temas, metafore en verhale uit hulle verlede en hede te rekonstrueer, met die oog op die ontwikkeling van alternatiewe moontlikhede vir die toekoms. Met respek en sensitiwiteit vir die gesinslede se begeertes, godsdienstige sieninge en paradigmas, kan dan meegewerk word om die verbintenis met die eskatologiese narratief van die komende Koninkryk van God te herstel, te versterk en/of te integreer in hul nuwe gesinsdiskoers.

### 1.10 Die pad vorentoe

In die volgende hoofstuk word gedagtes rondom gesinwees gewissel. Dit sluit 'n omskrywing van hoe ek 'n gesin sien, in. Let wel dat ek doelbewus nie vir die woord "definisie" kies nie. Postmodern gesien sou definisies, myns insiens, impliseer dat dit die enigste manier sou wees om 'n gesin te omskryf. Ek bied eerder 'n moontlike omskrywing te midde van talle ander aan. Ek wys ook in hierdie hoofstuk op 'n paar benaderings tot gesinsverryking, asook die narratiewe benadering soos ek van voorneme is om te volg. In hoofstuk drie volg opmerkings oor die navorsing as sulks. In hierdie deel wil ek dan ook meer duidelikheid gee oor sake soos die navorsingsmetodologie, navorsingsprosedure, waarmerking van die navorsing, die rol van die navorser en die konteks van die navorser en die navorsing. Dit word gevolg deur van die empiriese werk.

In die daaropvolgende hoofstuk word die belangrikste narratiewe konsepte wat ek gebruik het, uitgespel en toegelig met vinjette uit werklike ontmoetings met gesinne. In die finale hoofstuk word gereflekteer oor die geslaagdheid (al dan nie) van die studie. Ek besin ook oor die waarde van hierdie studie.

# HOOFSTUK 2: ENKELE BENADERINGS TOT GESINSVERRYKING

In hierdie hoofstuk gee ek my omskrywing van 'n gesin weer. Ek bespreek 'n aantal benaderings tot gesinsverryking en gee ook my verstaan van 'n narratiewe benadering weer. Dit sluit die mikrokaarte wat ek in die gesprekke met gesinne gebruik het, in. Ten opsigte van die narratiewe benadering, het ek gebruik gemaak van literatuur wat geskryf is vir terapie. Ek het in die navorsingsprojek die sprong gemaak vanaf terapie na verryking. In die empiriese deel, hoofstukke drie en vier, sal hierdie spronge wat ek na verryking gemaak het en sake wat verryking beperk, meer duidelik na vore kom. In die laaste hoofstuk evalueer ek die navorsing.

## 2.1 'n Omskrywing van "gesinwees"

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1988:275) is 'n gesin 'n groepering van nouverwante persone bestaande uit die ouer of ouers en kinders. Partymaal kan dit ook bestaan uit net die kinders ter onderskeiding van die ouers. Steyn en Breedt (1978:27) onderskei as volg tussen 'n huwelik en 'n gesin: "Die huwelik verwys na die maatskaplik goedgekeurde verhouding tussen twee persone waardeur die geboorte van kinders gelegitimeer word; die gesin verwys in die meeste gevalle, en by uitstek in die Westerse samelewing, na daardie groep mense wat gevorm word deur twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag wat 'n goedgekeurde geslagtelike verhouding het, en die afhanklike kinders wat uit hierdie verhouding gebore word."

Hierdie omskrywing van gesinwees weerspieël, myns insiens, nie die volle omvang van 'n postmoderne samelewing se beeld van gesinne nie. Ten eerste is daar baie mense wat hulself as 'n gesin beskou, maar nie van die teenoorgestelde geslag is nie. Hulle stel hulle "gesinwees" as 'n alternatief naas die van byvoorbeeld Steyn en Breedt. As postmoderne mens moet hierdie moontlikheid erken word as nog 'n moontlikheid naas ander moontlikhede. Die kwessie van homoseksuele- of lesbiese persone wat kinders aanneem, staaf my punt. Of mens saamstem met hulle of nie, is nie nou ter sprake nie. Die doel van die studie is om gesinne te verryk en in die verrykingsproses elke gesinslid se stem hoorbaar te maak. Ek het ook reeds gesê dat ek nie 'n benadering of standpunt wil afdwing op die gesinne nie. Eerder wil ek hulle ervaringe en kennis na vore bring en hulle help om 'n nuwe diskoers vir hulle lewens te skryf. Daarom kies ek om in hierdie studie ('n verhandeling van beperkte omvang), nie enige waarde-oordeel uit te spreek oor hoe mense kies om hulle gesin wees te definieer nie.

Steyn en Breedt (1978:27) se klem op "goedgekeurde geslagtelike verhouding" sou ook vir sommiges problematies kan wees. Is 'n goedgekeurde geslagtelike verhouding een wat deur 'n huwelik gewettig is? Indien wel, wat dan van paartjies wat saambly en wat van paartjies wat van dieselfde geslag is? Sou hierdie paartjies se alternatiewe kennis van paartjiewees

onderdruk moet word ten gunste van die kennis soos verwoord deur Steyn en Breedt? Om dit te doen, sou nie postmoderne denke wees nie. Soos reeds aangedui is, het alle kennis in die postmoderne denkwyses, ewe veel geldigheid. Weereens verkies ek, soos hierbo, om nie te kies vir enige vorm van kennis van gesinwees nie. Eerder om die gesinne, soos hulle hul aanbied, te ontmoet en verder op die pad van verryking te begelei.

'n Mens sou kon uitbrei op die omskrywing van gesin en daarop wys dat ander tipes van gesinne bestaan, byvoorbeeld die sogenaamde kerngesin, die poligamiese gesin en die uitgebreide gesin (Steyn & Breedt 1978:33-37). Hierdie studie vra nie na die samestelling van die gesin nie. Dit neem die gesin (soos hulle gekies het om hulself saam te stel) en beweeg van daaraf met hulle voort.

Verskillende benaderinge tot hierdie "voortbeweeg" met gesinne is al daargestel. Vervolgens neem ek 'n paar hiervan onder die loep.

### 2.2 'n Blik op ander benaderings tot gesinsverryking

In hierdie deel word 'n kort blik gegee op ander se werk in die veld van gesinsverryking. Vir my was dit meer belangrik om benaderingswyses na te gaan, as om werklik 'n ontleding van elke moontlike program of benadering daar te probeer stel. Dit sou in elk geval buite die studie se veld gewees het. Alvorens 'n mens 'n ander benadering tot gesinsverryking daar kan stel, is dit logies dat mens eers sal vasstel wat die huidige benaderings is. Gevolglik eers 'n beeld van wat reeds gedoen is.

#### 2.2.1 "Structured enrichment programs for couples and families" - Luciano L'Abate en Steven E. Weinstein

Die ontwikkeling wat hierdie twee persone te weeg gebring het is, om die minste te sê, indrukwekkend. Nie net het hulle 'n program tot gesinsverryking ontwikkel nie, maar hulle het dit ook verbreed tot die oplei van leke-aanbieders. Studente wat navorsing doen, ontwikkel self ook nuwe materiaal wat die programmatuur geweldig uitbrei. In hul boek, "Structured Enrichment Programs for couples and families" (1987) word byvoorbeeld vyftig van hierdie programme weergegee.

L'Abate en Weinstein (1987) stel hul benadering as volg: "Structured Enrichment (SE) provides a process by which family members can become more successful marital partners and parents by coming together to learn to increase and improve the frequency and quality of their interactions through novel face to face interactions (1987:ix)." Sekondêre doelwitte is om, ten eerste, geleenthede te skep waar gesinne alternatiewe maniere van interaksie met mekaar kan

ontdek. Ten tweede, om gesinslede te help om groter bewustheid vir hulself ("greater awareness" (1987:ix) )en vir mekaar te ontwikkel.

"Structured Enrichment" het as basiese komponent 'n groepering van drie tot tien oefeninge wat saamgebind word deur 'n sentrale tema of sub-tema. 'n Reeks lesings rondom 'n hooftema bind dan alles saam in een program (1987:x). In die ontwikkeling van hierdie programme geld vyf duidelike riglyne (1987:x):

- Dit moet maklik aangebied kan word, selfs deur nie-professionele persone.
- Dit moet realisties verband hou met gesinsake.
- Dit moet effektief en koste-effektief wees.
- Dit moet voldoen aan etiese en professionele oorwegings rondom die aanbieding (Wat hierdie oorwegings is word nie in die boek gespesifiseer nie.)
- Daar moet by soveel moontlik van die gesinne se doelstellings uitgekom word met inagneming van die aanbieder se diskresie. (Die aanbieding van die programme is buigbaar: As 'n lesing nie pas by die behoeftes of doelstellings van 'n gesin nie, slaan jy dit oor.)

'n "Structured Enrichment"-eenheid bestaan uit drie komponente nl. 'n programindeks, 'n lesinhoud en 'n oefeningindeks. Deurentyd word elf doelstellings in die oog gehou, naamlik "assertiveness training; communications training; effectiveness training; encounter; enhancement; enrichment; fairfighting; mediation; microcounselling; problem solving" en "structured learning therapy and values clarification" (L'Abate en Weinstein 1987:8). L'Abate en Weinstein (1987:8) is van mening dat "although there are obvious differences among these branches, the SST movement, in general, views education and pedagogic techniques as potent producers of change in individuals and groups, as well as in couples and families."

Volgens die outeurs verskil hulle van ander verrykingsprogramme, veral ten opsigte van twee aspekte, te wete struktuur en veelsydigheid ("versatility"). Ten opsigte van struktuur verskil hulle daarin dat die aanbieder (of dan "enricher" soos hulle dit noem) die lesings verbatim lewer, terwyl in ander verrykingsbenaderinge die aanbieder slegs in breë trekke voorgesê word. Betreffende die veelsydigheid, begrond hulle hulle aanname op die basis van die veelheid van aanbieders wat benut kan word. Nie net professionele mense nie, maar ook leke-beraders. Volgens hulle is dit meer koste effektief.

Juis dit waarop hulle roem, beleef ek as problematies. Vanuit my epistemologie van die sosiale-konstruksie teorie en my narratiewe benadering, beleef ek die opvoedkundige- en onderrig-

gebaseerde tegnieke as verskralend. Dit is verskralend, want daar word nie rekening gehou met die sosiale konstruksies van die gesinne nie. Daar word vanuit 'n deskundige posisie kennis aan die gesin deurgegee. Daar is skynbaar nie veel ruimte, veral in die lesings, vir gesinne se "lived experiences" en kennis nie. Alhoewel L'Abate en Weinstein (1987:40) beweer dat die aanbieder in die saamstel van die program met die gesin onderhandel, waarsku hulle uitdruklik teen manipulasie van die gesin se kant. Onomwonde stel hulle dit: "You, the enricher are in charge during the process of enrichment. You have the responsibility to intervene helpfully with the family. Let the family know that you take this responsibility seriously. Your responsibility in no way detracts from the family's responsibility to want to change" (L'Abate en Weinstein1987:40). "Being in charge also means avoiding a power struggle with the family" (L'Abate en Weinstein 1987:40). Hierteenoor is dit, gesien vanuit 'n narratiewe benadering, juis belangrik om jou mag te dekonstrueer en die gesin in beheer te plaas. Jy kan nie vanuit jou konstruksies wil deskundige speel oor mense wie se konstruksies uit die aard van die saak anders as joune is nie.

Positief beskou is die klem op oefeninge 'n pluspunt. Die herhalingselement in oefening bring beter onthou voort. Buzan (1989:64) het daarop gewys dat tagtig persent van die detail (na 'n aanvanklike een uur leerperiode) binne vier en twintig uur verlore gaan. Oefening kan as versterker vir die nuutverworwe kennis dien. Soos hulself ook aandui, meen L'Abate en Weinstein (1987:16), dat dit belangrik is dat mense leer om in mekaar se skoene te staan. Dit bring 'n groter sensitiwiteit na vore asook 'n groei in empatie, warmte en positiewe beskouing. "Mainly through playacting can one achieve sensitivity, spontaneity, comfort and satisfaction in working with families" (L'Abate en Weinstein 1987:16).

### 2.2.2 Gesinsgroeigroepe

Anderson (1976:28) definieer 'n gesinsgroeigroep as 'n program bestaande uit drie tot vyf gesinne wat op 'n gereelde basis byeenkom vir onderlinge omgee en ondersteuning en vir die ontwikkeling van hulle gesinne se potensiaal. Voordele verbonde aan hierdie benadering is dat gesinne as 'n eenheid betrek word, terwyl ander programme meer op die ontwikkeling van die individuele lede van die gesin fokus. Verder vorm die gesinne 'n ondersteunende netwerk vir mekaar. 'n Verdere voordeel, volgens Anderson (1976:29), lê in die klem op die ontwikkeling van gesinne se potensiaal. Potensiaal word omskryf as die latente vermoëns ("resources") waaroor gesinne beskik wat verandering, groei, liefde, omgee, kommunikasie, konflikresolusie en die ervaring van vreugde moontlik maak (Anderson 1976:29). Daar word meer op sterk punte gefokus as op probleme. Geleentheid word geskep waarbinne gesinne bewus kan word van hulle sterk punte en die middele waaroor hulle reeds beskik. Die doel is dat hierdie latente sterk punte en middele in aksies omgesit moet word.

Daar bestaan verskillende variasies op hierdie benadering. Een moontlikheid is die wat begin is deur Margaret Sawin (in Anderson 1976:30). Dit behels 'n weeklikse byeenkoms van ongeveer twee ure lank. Die gesinne eet en kuier eers saam in 'n ontspanne atmosfeer. Daarna word 'n speletjie gespeel. In die tweede uur sal een van die leiers voorgaan en die gesinne in 'n leerervaring betrek. Die fokus is op leer deur ervaring. Na 'n aktiwiteit word daar as groep saam gereflekteer oor die ervaring. Die aktiwiteite wissel van vingerverf, blokkiesbou ("Tinkertoy building") tot fantasie. Die tema word oor 'n tydperk van tien weke rondom 'n onderwerp wat deur die groep gekies is, ontwikkel, hetsy kommunikasie, magstryd in die gesin, seksualiteit, gebed of selfs dood en die betekenis daarvan.

'n Ander moontlikheid is die van Carl Clarke (in Anderson 1976:31). Clarke het gesinne vir 'n naweek geneem. Die fokus was om gesinne te leer om hulself waar te neem. Hulle moes ook op die uitkyk wees vir alternatiewe wyses van interaksie wat hulle sien vir ander gesinne werk. Die waarnemings is dan later met 'n raadgewer en met die res van die gesin bespreek.

Anderson (1976:31) skryf as volg: "Clark believes that the most effective format for this type of program is to have two or three weekend programs spaced two weeks apart and involving the same group of families. This permits both intensity of experience and opportunity for the families to "process and ingest" the experience."

Doelstellings van hierdie benadering is om 'n oper sisteem te skep waarbinne gesinslede ten volle kan deel in mekaar se lewens deur 'n vry vloei van kommunikasie. Dit sluit 'n vloei van kennis, waardes en emosies in. Deel van die vry vloei van kennis en betrokkenheid sluit dan ook betrokkenheid by die ander gesinne in die groep in met die oog op die verwydering van sake / dinge / houdings in die gemeenskap wat gesinsgroei aan bande lê (Anderson 1976:32).

'n Positiewe aspek is die gedagte van twee of drie naweekprogramme wat twee weke uitmekaar gespasieer is. Dit bring mee dat die kennis en ervarings opgedoen nie gou weer vergeet word nie. Epston (1998:95) gebruik briewe om die geheueproses te verbeter. Meer hieroor in die deel oor my narratiewe benadering.

Dit is duidelik dat 'n vorm van ko-konstruksie in hierdie groepe geskied deurdat groepslede op die uitkyk is vir alternatiewe wyses van interaksies wat hulle by die ander gesinne waarneem. Daarna word dit met die raadgewer bespreek. Ek sou verkies het dat die gesinne hulle interaksies vir mekaar verduidelik sowel as die diskoerse wat agter die aksies lê. Dis ook 'n vraag vir my of gesinne nie nou voortdurend op die uitkyk sal wees vir 'n meer ideale vorm van interaksie nie. Dit opsigself is waarskynlik 'n goeie ding, maar ek meen dat dit die deur kan oopmaak vir 'n diskoers wat die diskoers van hul eie gesinwees onderdruk. Daarmee bedoel ek dat hulle huidige kennis en interaksies nie as voldoende beskou gaan word nie en voortdurend

afgemaak sal word as van geen belang. Dit sou kon meebring dat hulle geluk as gesin verskraal omdat hulle voortdurend voel hulle skiet te kort. Anders word daar maar net nog 'n diskoers oorgeneem ten koste van die gesin se eie diskoers.

'n Verdere vraag in my gemoed is rondom die leerervaring en die effek wat dit op die gesinne se eie stories het. Ek beskik egter nie oor genoegsame inligting om hierdie aspek na behore te evalueer nie.

### 2.2.3 Gesinsverrykingsnaweek

Volgens Russell en June Wilson (1976:39) is die basiese idee van hierdie benadering om gesinne met kinders te help om beter te kommunikeer. Oefeninge word vir die doel ingespan, asook om gesinne se sterk punte uit te lig. Van die oefeninge is ontwerp om gesinslede te help om aan 'n gemeenskaplike projek te werk. Hulle werk het begin toe hulle gevra is om 'n gesinsverrykingsnaweek te lei wat meer as net bloot saamkuier vir 'n naweek lank is. In hulle voorbereiding en navorsing vir die kamp, het hulle afgekom op oefeninge wat deur Herbert Otto ontwikkel is en wat deur gesinne as versterkend beleef is. Van hieraf is die werk verder ontwikkel deur gesprek met ander mense oor hulle werk in dieselfde veld.

Basiese uitgangspunte van so 'n naweekprogram is (Russell & Wilson 1976:44,45):

- Elke gesin beskik oor die potensiaal om te groei en meer liefdevol, ondersteunend, vreugdevol en kreatief te wees.
- Die program is ontwerp vir gesonde gesinne wat meer uit hulle gesinslewe wil hê as wat hulle huidiglik haal.
- Dat kinders waardes leer by hulle ouers en hul gesin. Kinders leer ook hul eie waarde besef vanuit hoe hulle ouers en ander gesinslede hulle na waarde skat.
- Persone groei ten beste as hulle na waarde geskat, bemin en hanteer word as persone wat in eie reg die moeite werd is.
- Min gesinne het die geleentheid of doen die moeite om die geleentheid te skep om hulle eie sterk punte te ontdek.
- Gesinne beplan gewoonlik saam rondom vakansies of uitstappies. Hierdie vaardighede kan benut word om hulle te help om hulle potensiaal te ontwikkel.
- Dit is baie belangrik vir gesinne om "saam te wees." Om "saam te wees" beteken veel meer as om bloot in mekaar se teenwoordigheid te verkeer.

- Gesinne kan by mekaar leer deur mekaar se interaksie dop te hou.

- Selfs ouers het nodig om bevestiging te ontvang van hulle waarde as ouers.

Van die doelwitte met hierdie program sluit in: Die skep van groeigeleenthede vir gesinne weg van die eise en frustrasies van die tuisomgewing. Daar word klem gelê op omgee vir kleiner kinders. Moeite word gedoen om na hulle te luister. Volgens die Wilsons het menige outeur daarop gewys dat baie kinders 'n swak selfbeeld en 'n swak gesinsbeeld het. Baie van die aktiwiteite word dan gemik om die self- en gesinsbeeld te versterk. Gesinne is dikwels meer bewus van hul swak punte, konflikte en beperkings. Moeite word gedoen om sterk punte uit te lig en nuwe areas en weë te open vir kommunikasie, samewerking en ondersteuning. Daar word ook gepoog om in elke gesin 'n atmosfeer van onderlinge wedersydse aanvaarding vir mekaar te skep sodat gesinslede openlik kan kommunikeer rondom vrese, gevoelens, frustrasies en bekommernisse (Russell & Wilson 1976:45, 46).

Een benadering tot gesinskampe werk met die volwassenes afsonderlik, terwyl die kinders elders besig gehou word. Branch (1976:54) sien die groei van kinders in die feit dat hulle hul ouers kan waarneem waar dié besig is om te werk en te speel. Hulle kan ook ter enige tyd kontak maak met pa of ma. Sy woorde: "The Family Camp is a unique opportunity for parents to model marriage as they would like to picture it to their children. In our modern fast-paced world, children see very little marital behaviour. They see a lot of parenting behaviour, that is, mothering ..." (Branch 1976:54,55).

Laasgenoemde gedagte om kinders eenkant besig te hou, vind ek teen-produktief. Hoe kan dit onderlinge kommunikasie en openheid bewerk? My eie benadering wil juis die stemme van elke gesinslid, kinders ingesluit, hoorbaar maak. Ron Taffel (1999:28) skryf in die Family Therapy Networker dat Amerikaanse kinders met wie hy in gesprek was, voel dat hulle ouers hul nie ken nie. Volgens Taffel (1999:28) het die kinders ook opgemerk dat hulle altyd te besig in hulle huise is en dus geen tyd saam deurbring nie. Aan die een kant sê dit vir my dat 'n naweekkamp wel verandering vir gesinne kan teweeg bring. Aan die ander kant moet ek ook 'n vraagteken plaas oor enige kamp of groep of sessie waar nie genoegsaam tyd ingeruim word vir gesinne om saam besig te wees en mekaar opnuut te ontdek nie. Ontdek sluit dan vir my in dat die kinders se denke, behoeftes, drome en leefwêreld deur die ouers gedeel kan word in interaksie. Hoe gaan mens 'n gesin verryk as jy die kennis en ervarings van 'n deel van die gesin (die kinders) uitsluit?

### 2.2.4 "The Care Lab"

Volgens Kenneth Prunty (1976:59) is "The Care-Lab Program" beïnvloed deur die "Parent Effectiveness Training Program" van Thomas Gordon. Die "Care-Lab" is 'n twaalf uurlange

verrykingsopleidingervaring vir hoofsaaklik ouers, onderwysers en jeugwerkers. Dit word oor 'n naweek gehou. Daar word gepoog om konsepte en vaardighede aan die deelnemers oor te dra sonder om dit op hulle af te dwing. Deelnemers is vry om die vaardighede te aanvaar of te verwerp. Die uitgangspunt van die "Care-Lab" is : "The Care-Lab design assumes that it is better to teach persons to fish than to give them a fish. The process works not so much at solving individual problems as at providing concepts and skills and the opportunity to practice them so that relational problems can be worked at outside, and after the lab (Prunty 1976:61).

Kritiek op hierdie benadering is nie so eenvoudig nie, deels omdat ek min inligting tot my beskikking gehad het en deels om die volgende redes: Dit hinder my dat die gesinne nie saam betrokke is nie. Vanuit 'n narratief-perspektief gesien moet mens wonder of die gesinslede se stemme nie onderdruk gaan word deur 'n deskundige verhaal van hoe dit gedoen moet word nie. Gaan hier nie 'n dominante diskoers geskep word nie? Wat kritiek moeilik maak, is die feit dat wat die deelnemers met die verworwe kennis terug by hulle eie gesinne gaan maak, nie waarneembaar is nie. Sou hier 'n vorm van terugvoer wees? Dit word nie gesê nie. Ek meen die grootste leemte is dat gesinne nie saam leer "hoe om vis te vang nie".

### 2.2.5 "The Seven Habits of Highly Effective Families"

Alhoewel hierdie boek nie spesifiek gegenereer is as 'n gesinsverrykingsprogram nie, het dit tog gesinsverryking ten doel, daarom bespreek ek dit kortliks. Ek moet byvoeg dat Covey se ander werk as kursusse aangebied word onder lisensie by maatskappye. Dit is dus heel moontlik dat dieselfde gebeur met hierdie boek oor gesinslewe. Stephen Covey (1997) het sy boek "The Seven Habits of Highly Effective People" verwerk in 'n formaat vir gesinne.

Sy uitgangspunt is dat verandering van binne kom en dan na buite werk. Jy verander nie gedrag buite die mens nie. Jy kry die mens om hom-/haarself eers binne te verander. Met "binne" bedoel hy paradigmas. Hy gebruik die metafoor van 'n draaiboek. Elkeen van ons, en dus elke gesin, leef 'n draaiboek. Die vraag is net: Wie is die kopieskrywers in jou en jou gesin se draaiboek? Is dit die samelewing? Ouers? Vriende? Of jyself? Vir Covey is dit belangrik dat jy weet waar jy wil eindig voor jy nog begin. Hy lei sy lesers om eers die eindresultaat, hoe hulle hul gesin graag sou wou hê, te bedink en dan te begin beplan en werk om daardie doel te verwesenlik.

Hiermee saam gee hy ook kommunikasievaardighede, konflikhanteringsmeganismes en leiding oor die stel van prioriteite deur aan die leser. Hy het 'n manier om frases daar te stel ("catch-phrases") wat in die geheue bly steek. In een van my verrykingsgroepsessies het ek een gebruik, nl. "Seek first to understand, then to be understood" en dit is verstommend hoe die groepslede weke daarna die frase steeds gebruik.

Ek meen Covey se klem op die feit dat mense ko-konstrueer aan ons narratiewe, is van waarde. Hy lei mense om algemeen aanvaarde praktyke (mens sou dit ook diskoerse kon noem) in hul eie lewens te bevraagteken. Dit is vir my positief dat hy mense kry om te droom oor hoe hulle gesinne kan lyk en nie maar net voort te ploeter en mekaar en gesinwees as vanselfsprekend te aanvaar nie. Ek wonder egter of die nadink en beplan van hoe ek my gesin wil hê nie dalk in 'n dominante diskoers kan ontaard wat mense sodanig polisieer dat hulle iets van die vreugde van gesinwees verloor nie. Daarmee bedoel ek dat ek my voortdurend kan meet aan hierdie ideaal van my sonder om te besef dat ek dit dalk onwerklik of onbereikbaar vir myself gemaak het. As ek myself dan keer op keer meet en te lig bevind, kan dit meebring dat ek sielsongelukkig word.

Sy gedagte om 'n gesinsmissiestellings te laat opstel, het ook waarde. Dit herhinner aan wat Alice Morgan (2000:73-75) verdigting noem in narratiewe terapie. Morgan (2000:85-99) trek saam met kliënte aksieplanne op teen die probleem. Ek is van mening dat gesinsmissiestellings gebruik kan word as terapeutiese- en gespreksdokumente teen samelewingsdiskoerse wat mense se gesinslewe beperk.

Tot hiertoe het ek ander se werk bespreek. Van hier af verder bespreek ek my eie poging om 'n narratiewe benadering tot gesinsverryking daar te stel.

### 2.3 'n Narratiewe benadering

In hierdie deel wy ek uit oor my eie benadering tot gesinsverryking, naamlik 'n narratiewe benadering. Ek wil in die eerste plek 'n inleiding bied tot sekere aspekte van 'n narratiewe benadering. Dit word gevolg deur mikrokaarte wat ek verwag om te gebruik.

"Narrative work is based on the belief that the stories we hold about our lives are mined from our relationships and experiences, both past and present, and that these stories shape our present experience and future possibilities" (Epston 1998:214). Hierdie narratiewe gee vorm aan dit wat ons glo binne ons vermoëns is, asook hoe ons dit wat ons en andere doen, interpreteer. Wanneer ons probleme beleef, is die stories wat ons opdiep, ook die stories wat die probleem akkommodeer of aanleiding daartoe gegee het. Hierdie probleem-akkommoderende stories beperk of sluit selfs ons toegang tot die arsenaal van middele wat tot ons beskikking is, af. 'n Narratiewe benadering het ten doel om toegang te skep tot 'n groter veld van keuses ("story-line choices") vir mense wat die huidige dominante stories as beperkend beleef (1998:214). Ten opsigte van gesinsverryking sou mens ook naas dit wat as beperkend beleef word, dit wat as verrykend beleef word, wou uitlig en saamstring op wyses wat vir die gesinne aanvaarbaar sou wees.

In 'n narratiewe benadering word gepoog om mense respekvol en nie-blamerend te benader. Mense word gesien as die deskundiges van hul eie lewens. Probleme word gesien as losstaande van mense en dit word aanvaar dat mense inherent oor vaardighede, waardes, geloof, verbintenis ("commitments") beskik wat hul in staat stel om die probleem te kan oorkom (Morgan 2000:2). In die hieropvolgende bespreek ek die waarde van stories of narratiewe vir gesinsverryking. Daarna kyk ons kortliks na sekere mikrokaarte en narratiewe uitgangspunte.

### 2.3.1 Narratiewe en die waarde van narratief vir gesinsverryking

Die term "narratief" impliseer 'n luister na, en vertel (en/of oorvertel) van stories oor mense en die ervarings in hulle lewens. In die lig van die dodelike erns van baie van hierdie ervarings (dikwels ook vir hulle problematies van aard), blyk die idee van luister na en vertel van stories, onvanpas te wees. Dit is dikwels moeilik om te glo dat gesprekke (en dus stories) nuwe moontlikhede kan laat vorm aanneem. Tog is dit juis wat gebeur in narratiewe terapie (Freeman, Epston & Lobovits 1997:xv).

Mense benut stories om hul ervarings mee te organiseer en die kompleksiteit daarvan te verstaan. Die keuses wat gemaak word, word grotendeels gevorm deur die betekenisse wat ons aan gebeure heg, asook die betekenis wat ons heg aan die keuses wat ons oorweeg. Dikwels het die mens geen beheer oor of 'n probleem in sy/haar lewe gaan wees nie. Wat hul wel oor beheer het, is wat hulle gaan doen en hoe hulle daarmee gaan saamleef (Freeman et al 1997:xv).

Ons eie stories is egter nie al wat op ons inwerk nie. 'n Mens moet die breër sosio-politiese konteks van mense se lewens ook in ag neem. White en Epston (1990:27) is van mening dat Foucault se analise van mag/kennis meer lig kan werp op hierdie breëre konteks. Die betekenis wat verkry word uit die strukturering van ervarings in stories, word verkry in taal. Sonder taal kan die ervarings nie stories word nie. Daarom, volgens White en Epston (1990:27), heg ons betekenis aan ons ervarings en konstitueer ons ons lewens en verhoudings in taal. Wanneer ons taal gebruik, is dit nie 'n neutrale aktiwiteit nie. Agter die gebruik van taal lê 'n voorraad van kulturele diskoerse oor wat aanvaarbaar en wat toepaslik sou wees. Hierdie kulturele diskoerse werk in op ons verstaan van ons ervarings. Die kulturele diskoerse oefen, in daardie sin, mag oor ons lewens uit. Gesinne interpreteer dinge op grond van die stories wat hul lewens deurdrenk. "Wat sal die mense sê", word deur gesinne gebruik om gesinslede se gedrag te beheer. Hiermee bedoel ek, dat dit wat die gemeenskap as aanvaarbaar beskou, as norm voorgehou word aan 'n gesinslid wat gedrag of sieninge openbaar wat met die kulturele diskoers in stryd is. Die gesinslid se gedrag of siening word in 'n sekere sin deur die kulturele diskoers onderdruk.

Wat is die waarde van stories vir gesinsverryking? Volgens Parry (1991:42,43) word stories in narratiewe terapie gesien as net 'n storie, "... hence something endlessly inventive, ... " (1991:42). Daar word nie gesoek na 'n dieper betekenis in die stories nie. Hierdie manier van kyk los die moontlikheid vir herskryf en vir heruitdink oop. So word die ruimte geskep vir gesinne om hul lewens te herontwerp. Die besef dat 'n storie oor my lewe net 'n gedeelte van my lewe verteenwoordig en dat hierdie gedeelte prominensie geniet, omdat ek beïnvloed is om myself en ander op 'n bepaalde manier te sien, help mense om met hul ou lewenstyle te kan breek. Die dekonstruksie van 'n gesin se lewensverhaal behels ook 'n bewuswording van die feit dat elke gesinslid se verhaal onlosmaaklik verbind is aan die ander gesinslede se verhale. Dieselfde geld ten opsigte van die stories van ander persone met wie hul in verbinding tree (1991:45).

Die waarde van stories vir gesinsverryking lê in die versigtige opdiep van die onderdrukte verhale. Dit geskied deur die vra van vrae. Deur vrae word die verband gelê tussen die stories wat vertel is (en die aannames en sieninge wat daarmee gepaard gegaan het) en ander stories en moontlikhede wat tot op hede nie deur die gesin in verband gebring is met die probleme/sieninge van hul lewens nie (Parry 1991:51).

Parry en Doan (1994:26-30) wys daarop dat, aangesien ons deel van 'n samelewing is waar die "waarheid" 'n konstruksie van ons as mense is, daar vir ons geen geldige maatstaf kan wees waarteen ons gesinne kan meet nie. Ek stem saam met hulle dat een van die take van postmoderne-gesinsverryking behoort te wees om gesinne te help om hul eie verhale bloot te lê en as gesaghebbend te beskou. Gesinne moet gehelp word om in hul eie woorde hul eie ervarings weer te gee en te interpreteer. Hulle behoort met wedersydse respek die verhale van die ander gesinslede aan te hoor en saam te skryf aan 'n nuwe verhaal wat elke lid se stem verteenwoordig. Volgens White (1995:29) is die proses van "renaming and naming", soos hy dit stel, van uiterste belang. Deur 'n naam te gee aan 'n alternatiewe storielyn word 'n wêreld van ervarings wat voorheen verwaarloos en geïgnoreer is, blootgelê. Dit is juis hierdie "geïgnoreerde kennis" wat van belang is vir 'n narratiewe benadering tot gesinsverryking.

### 2.3.2 Middele wat help om 'n narratief bloot te lê

Narratiewe terapie maak gebruik van 'n linguistiese kaart, naamlik eksternalisering. Die doel van eksternalisering is om mense los te maak van hul probleme. Sodoende word verhinder dat mense druk op hulself plaas deur te blameer (hulself of ander) en/of deur te wil verdedig. Die gevolg is dat 'n persoon nie meer 'n probleem is nie, maar nou eerder oor hom/haarself dink as in 'n verhouding tot die probleem (Freeman et al: 1997:xv). Volgens Parry (1991:41-42) benader dekonstruksie enige storie as inherent onvolledig of gefragmenteerd. In elke storie is daar meer uitgelaat as wat opgeneem is in die verhaal. Wat opgeneem word in die verhaal,

gaan afhang van die aannames en sieninge van die verteller, asook sy/haar doel met die vertelling. As 'n gesin hul verhaal aan 'n terapeut vertel, dan is die gesin oortuig dat hulle verhaal, soos hulle dit weergee, die waarheid aangaande hul lewens is. Hulle is onbewus van die feit dat hulle op grond van as-vanselfsprekend-aanvaarde-sienings oor hulle gesin, sekere stories ingesluit en ander uitgesluit het.

Watter effek het stories op gesinne? Twee aanhalings uit die werk van Parry en Doan (1994:17) verwoord dit raak: Eerstens verwys hulle na White se woorde na aanleiding van die werk van Bateson: "People do what they do because they are constrained from doing otherwise". "Otherwise" beteken hier om die gesin aan te moedig om toegang te verkry tot die storielyne wat onderdruk is deur die gesins- en kulturele diskoerse oor regte en verkeerde gedrag. Volgens Parry en Doan (1994:17) is White se eerste stap in die losmaak van hierdie bande ("constraints") wat mense vasknel, om die persoon los te maak van die probleem. Dit doen hy deur te eksternaliseer. Dit wil sê, waar die gesin die persoon gesien het as iemand wat "probleem-deurdrenk is", word daar nou afstand geskep tussen die persoon en die probleem. Dit skep die moontlikheid om die geleenthede waar die probleem nie die persoon oorheers het nie, bloot te lê. Hierdie momente van probleemvrye bestaan is van te vore onderdruk en het vergete geraak. Dit bring ons by die tweede aanhaling.

'n Kragtige manier waardeur gesinne gesinslede "beheer", is om hulle te laat identifiseer met die probleem. Anders gestel: "Having people blame themselves is a most powerful way of controlling not only a family, but a populace" (Parry & Doan 1994:17). White, volgens Parry en Doan (1994:18), was die eerste om mense te sien as die bewakers van veelvoudige verhale. Natuurlik is al hierdie verhale nie ewe veel op die voorgrond nie. Dit is egter ook nie te sê dat die dominante diskoers noodwendig in die beste belang van die persoon is nie. Dikwels is dit meer in belang van die gemeenskap.

In die narratiewe benadering tot terapie word daar met mikrokaarte gewerk. Ek wil my gebruik van hierdie mikrokaarte in gesinsverryking met die volgende beeld omskryf. Dit is soos 'n reis. Jy weet reeds wat jou bestemming is. Jy moet nog uitwerk hoe jy daar gaan uitkom. Mikrokaarte dien dan die doel van 'n padkaart. Dit gee my 'n aanduiding van die pad wat ek sou kon volg na die bestemming (gesinsverryking). Wat dit my nie bied nie, is kennis oor wat langs die pad gaan gebeur en hoe die omgewing daar gaan uitsien. Dit ontdek ek saam met die gesinne deur die kennis en ervaringe wat hulle na die gesprek bring. Dit is ook moontlik dat die gesinne ander bestemmings sou kon identifiseer. Ek meen egter dat gesinsverryking as 'n bestemming omvattend genoeg is vir hierdie eie bestemmings wat die gesinne dalk sou wou daarstel. Vervolgens bespreek ek dan kortliks die mikrokaarte wat ek verwag om moontlik te gebruik.

### 2.3.3 *Mikrokaarte*

#### 2.3.3.1 Dekonstruksie

Dekonstruksie is volgens McKenzie en Monk (1996:95) die proses waardeur algemeen aanvaarde (of asvanselfsprekend aanvaarde) aannames oor 'n gebeure of 'n saak uiteen gehaal word. Deur dekonstruksie word diskoerse blootgelê en die posisies wat mense binne-in hierdie diskoerse inneem, ontbloot. Van hierdie diskoerse is diskoerse rondom geslag, etnisiteit, begeertes, liefde, seks en die verskille tussen mans en vrouens. Dekonstruksie is, myns insiens, 'n kombersterm. Jy kan baie dinge onder 'n kombers verberg. Met kombersterm bedoel ek dan dat dit baie aspekte van narratiewe terapie kan insluit. So kan die resultaat van eksternaliserende taalgebruik en vrae, volgens White (1995), beskou word as deel van dekonstruksie. Net so vind dekonstruksie plaas deur die effek wat die probleem, of 'n bepaalde diskoers op 'n gesin se lewe het, te eksploreer. (Meer hieroor by die punt oor kartering). Morgan (2000:45) wys daarop dat, vanuit 'n narratiewe perspektief gesien, probleme slegs kan oorleef en floreer as dit ondersteun word deur diskoerse, sieninge en beginsels vanuit die samelewing. Byvoorbeeld: anoreksia kan slegs floreer binne 'n kultuur wat 'n hoë premie plaas op slank wees, en waar sukses en bevoegdheid beoordeel word in terme van liggaamsvorm en –grootte. Dekonstruksie is dan die proses van ontgin, blootlê en dissekteer van hierdie sieninge, idees en praktyke van die kultuur waarbinne die gesin leef (Morgan 2000:45). Volgens Morgan is dit gesinne se belewing dat dekonstruerende gesprekke groter vryheid van die invloed van die idees en diskoerse wat die ou verhaal ondersteun, meebring (2000:50).

Dekonstruksie vind plaas deur die vra van vrae. McKenzie en Monk (1997:89) gebruik die term "smalling questions". Daarmee bedoel hulle vrae wat gesinne uitnooi om veral na te dink oor die fragmente van hul ervarings wat nog nie ondersoek is nie. Dekonstruksie help die gesin om die verskuilde of onuitgesproke aannames wat deur die gesin se sosio-kulturele omgewing vasgelê is, bloot te lê. Sodra die aannames by naam geïdentifiseer is, kan die gesin kies of hulle dit steeds as vanselfsprekend wil aanvaar en of hulle wil breek met hierdie diskoers (McKenzie & Monk 1997:102).

Volgens White en Epston (1990:42) is dit baie effektief om relatiewe invloedvrae ("relative influence questioning") te vra. Die vra van vrae rakende die invloed wat die probleem of diskoers oor 'n gesin het, help die gesin om die diskoers te eksternaliseer. Relatiewe invloed-vrae draai om twee kante van dieselfde muntstuk: Ten eerste, die kant wat wys watter invloed die diskoers oor die gesin uitoefen. Aan die anderkant van die munt is die invloed wat die gesin oor die diskoers uitoefen. In die volgende deel skenk ons meer aandag hieraan.

#### 2.3.3.1.1 Kartering

In kartering gaan dit oor die invloed wat die probleem op gesinne se lewens uitoefen. Kartering bring baie inligting wat die gesin behulpsaam kan wees, na vore. Hier word die fondament gelê vir die ko-konstruksie van 'n nuwe gesinsdiskoers. Volgens McKenzie en Monk (1997:102, 103) het 'n gesin selde die volledige prentjie van die probleemverhaal of diskoerse wat op hul inwerk. Daarom is dit belangrik om uit te vra na die effek wat die diskoers op hul dag tot dag take uitoefen. Watter effek het hierdie diskoers op hulle verhoudings, vriendskappe en werk? Hoe raak dit hulle emosioneel? As die gesin sou voortgaan soos hulle huidiglik doen, hoe sou die diskoerse hulle lewe raak teen volgende maand/jaar? Hierdie vraag trek die fokus in op die groter prentjie. Hier kan ook navraag gedoen word na die taktieke wat gebruik word om die bepaalde diskoers of probleem te versterk. Kartering help gesinne om die effek van sosio-kulturele diskoerse te ondergrawe en af te breek. Deur 'n naam te gee aan 'n alternatiewe diskoers ("naming the counter plot") help dit die gesin om 'n onderskeid te tref tussen die ou diskoers en die nuwe voorkeurdiskoers wat ontwikkel gaan word (McKenzie & Monk 1997:103,104).

'n Tweede been van kartering is om die invloed wat die gesin op die probleem uitoefen, uit te lig. Teen hierdie tyd is die gesin reeds bewus dat daar tye is wat die sosio-kulturele diskoers nie hul lewens oorheers nie. Help die gesin om die vaardighede waaroor hulle beskik, uit te lig. Dit gaan hier ook oor kennis wat anders is as die dominante diskoers (McKenzie & Monk 1997:106,107). McKenzie en Monk (1997:108) wys daarop dat hier veral gekyk moet word na wat genoem word "unique outcomes". Hoe meer "unique outcomes" uitgelig en aanmekaar gestring kan word, hoe minder kans is daar dat die gesin dit kan afmaak as fratse of gelukskote.

### 2.3.3.2 Landskap-van-aksie en landskap-van-identiteit

Landskap-van-aksie vrae is vrae wat poog om die sogenaamde "unique outcomes" uit te lig en aan mekaar te verbind om 'n nuwe storielyn te help vorm en/of te versterk (McKenzie & Monk 1997:109). Volgens Morgan (2000:51) is "unique outcomes" (glinsteroomblikke) gebeure, gedagtes of intensies wat die dominante diskoers weerspreek, of bloot buite dit staan. Anders gestel: enigiets (kennis, ervaring, voornemens, plan van aksies) wat die dominante diskoers nie van hou nie, sal 'n glinsteroomblik kan wees. Landskap-van-aksie vrae fokus op gebeure in die verlede wat nie deel uitmaak van die ou probleemdiskoers nie. Hierdie gebeure wat herontdek en nou uitgelig word, gee vleis aan die nuwe diskoers-in-wording. Tipiese vrae is: "Watter voorbereidings het jy getref om hierdie groot stap moontlik te maak?" en "Wat is aan die gebeur in jou lewe dat jy die energie sou hê om so 'n skuif te kon maak?" Waar 'n landskap-van-aksie

goed gevorm is, help dit die gesin om hulle unieke kwaliteite, verbintenisse, voorkeure en behoeftes te eksploreer (McKenzie & Monk 1997:109).

Landskap-van-identiteit (ook genoem landskap-van-bewustheid) help gesinne om raak te sien waar hulle verbintenisse lê en waar hul groter waardering kan kry vir hul kwaliteite en vermoëns. Met landskap-van-bewustheid vrae nooi jy die gesin om te reflekteer oor hoe hulle dit vermag het om die aksies voort te bring wat in die landskap-van-aksie deel blootgelê is. Nou het die gesin die geleentheid om hierdie aksies te waardeer (McKenzie en Monk 1997:109). Morgan noem dit landskap-van-identiteit. In die landskap-van-identiteit vrae word die gesin gevra om te reflekteer oor wat die gebeure wat blootgelê is in die landskap-van-aksie, vir hulle beteken. Daar word nou gedink in terme van hul begeertes, intensies, voorkeure, geloof, hoop, persoonlike kwaliteite, waardes, sterk punte, verbintenisse en doel (Morgan 2000:61). Landskap-van-aksie vrae wil die detail van die glinsteroomblikke ("unique outcomes") eksploreer, terwyl landskap-van-identiteit vrae reflekteer oor die betekenis van die gebeure (2000:64). Met beide hierdie maniere van vrae stel, word gesinne genooi om iets van die nuwe diskoers se moontlikhede te kom vier.

### 2.3.4 Die vaslê van 'n nuwe storielyn

Dit is na my mening belangrik om in gesinsverryking die nuwe storielyn van 'n gesin op soveel wyses moontlik vas te lê. Morgan (2000:73-121) gebruik hiervoor onder andere "remembering conversations", rituele, terapeutiese briewe, terapeutiese dokumentasie bv. sertifikate, notas van sessies, videobande en prente, om maar net 'n paar te noem. Soos en waar hierdie verdigtings- of uitbreidingsbenaderings (sy noem dit "thickening the plot") ingespan word, sal dit kortliks bespreek word. Hier wil ek die konsep van briewe vir 'n oomblik onder die loep neem.

Waarom is dit so noodsaaklik? Volgens Epston (1998:95) is 'n gesprek ten beste kortstondig van aard. Na selfs 'n baie betekenisvolle sessie is dit moontlik, volgens Epston (1998:95), dat die gesin weggaan met 'n gedagte wat hul tot nadenke stimuleer. Dit is moontlik dat hierdie selfde gedagte binne enkele ure nie meer voorop in hul gedagtes is nie. Twee persone sal dieselfde gesprek van minute tevore verskillend weergee, omdat mense selektief luister. Gesinslede wat gewoond is aan hulle konflikte, mag heel moontlik net geluister het vir wat hulle graag wil hoor. Buzan (1989:64) wys daarop dat, na 'n aanvanklike een-uur leerperiode, tagtig persent van die detailinligting binne vier-en-twintig uur verlore gaan. 'n Moontlike oplossing vir bogenoemde problematiek is, volgens Epston, die skryf van briewe: "But the words in a letter don't fade and disappear the way conversation does; they endure through time and space, being witness to the work of therapy and immortalising it. A client can hold a letter in hand, reading and rereading it days, months and years after the session" (Epston 1998:95).

Wat is die inhoud van so 'n brief? Aanvanklik het Epston sy notas van die gesprek weergegee. Trouens in die gesprek self, het hy by tye dit wat hy geskryf het weer voorgelees, met die doel om te kontroleer of hy die kliënt reg verstaan het. Hy gebruik die brief as die wegspringpunt vir die volgende gesprek. In die brief beklemtoon hy by herhaling dat die probleem los gesien moet word van die persoon. Hy eksternaliseer dus opnuut die probleem. Die briewe is meer as net 'n opsomming van die gesprek. Hy fokus op die aspekte van die gesprek wat alternatiewe gegenereer het (of anders gestel: dit wat in opposisie staan tot die probleemverhaal). Die brief is ook vir Epston (1998) 'n geleentheid om 'n "swak sessie" te red. In die brief herbedink hy sy vrae, vra nuwe vrae wat die gesprek verder sou kon neem en erken sy foute. Ook vrae wat hy moeilik vind om direk aan 'n kliënt te vra, of wat net te seer sal maak, is dikwels makliker, volgens Epston (1998:108), om te verwerk as dit in privaatheid gelees word.

Die gebruik van briewe kan waarde hê vir gesinsverryking. In die navorsingsvoorstel is gesê dat 'n verbatim weergawe van die gesprekke aan die gespreksgenote verskaf sal word, sodat hulle die korrektheid van die inhoud kan nagaan. Dit sou van waarde kon wees om saam met die verbatims uittreksels te verskaf van die dele van die gesprekke wat alternatiewe kan ontsluit. Hierby sou verdere vrae gevoeg kon word wat areas, wat nie genoegsaam ontgin is in die aanvanklike gesprek nie, nou verder sou kon ontsluit. Hierdie briewe versterk ("reinforce") die kennis wat gegenereer is in die sessies deur die herhaling van dit wat gekonstrueer is. Die belang van herhaling in enige leerproses is deur Buzan (1989:64,134) uitgelig toe hy gesê het dat herhaling 'n akkumulatiewe effek het op alle aspekte van leer, denke en geheue: "The person who does not review is continually wasting the effort he does put in to any learning task, and putting himself at a serious disadvantage" (1989:64). Alhoewel ek moeilik in 'n gesinsverrykingsbenadering die herhaling kan inbou, soos Buzan dit voorstel vir effektiewe leer, word herhaling wel bygebring deur die gesinne se lees van die briewe wat tussen sessies na hulle uitgaan. Herhaling vind ook plaas deur aan die begin van elke nuwe sessie eers terug te gaan op van die inhoud van vorige gesprekke. Ek vertrou dat hierdie benadering sal bydra om die nuwe diskoerse wat gesinne vir hulself en saam met ander konstrueer, meer te vestig en 'n blywende effek van verryking sal hê.

## 2.4 Kritiek op die narratiewe benadering

Ek kom dit dikwels teë dat wanneer lidmate van die gemeente waarin ek dien my uitvra na die inhoud van my benadering tot gesinsverryking, hulle reageer met 'n vraag: "Maar wat gaan jy ons leer?" In terapie verander die vraag na: "Maar sê my wat ek moet doen?". Veral rondom die christelike diskoers wil hulle geleer word. Hulle soek na inligting wat deur 'n sogenaamde deskundige aan hulle deurgegee word. Dit is 'n versoeking om toe te gee aan hierdie begeerte van hulle. Dit sou egter meebring dat hulle eie kennis onderdruk word. Ook moet die werking van geheueprosesse soos ek dit vroeër uiteengesit het, hier in ag geneem word. Ten derde

moet die subdoelwitte van die studie voor oë gehou word, naamlik om die geleefde kennis van gesinne na vore te bring, terwyl elke gesinslid se stem hoorbaar gemaak word. As lidmate van 'n christelike kerk is hulle gesinslewe deurtrek van sosiale diskoerse oor gesinwees wat sterk gekleurd is deur die Judees-christelike narratief. Hierdie kennis kan uitgebou word deur ko-konstruksie binne die groep tydens besprekings.

Is my benadering die beste moontlikheid of die enigste werkbare moontlikheid? Nee. Soos die Engelse spreekwoord lui: "Different strokes for different folks". Ek is wel van mening dat my benadering 'n blywende verryking sal meebring. In die finale hoofstuk sal ek hierna terugkeer.

'n Derde punt van kritiek lê rondom die vraag of die beweging na die postmoderne altyd so positief is soos voorgegee word. As 'n leraar van 'n gemeente bring dit mee dat ek byvoorbeeld in my omskrywing van 'n gesin, ruimte moes skep vir omskrywings wat ek meen in stryd is met die christelike tradisie rakende gesinwees en seksuele verhoudings. Ek het die ruimte geskep omdat ek hierdie studie postmodern wou benader. Die postmoderne bring aan die positiewe kant mee dat gesinne makliker 'n keuse vir 'n alternatief (op sosiale diskoerse) kan regverdig. Dit was vir die gesinne betekenisvol om te besef dat jy 'n ander manier van gesinwees kan kies.

### 2.5 Raamwerk vir die pad vorentoe

In hoofstukke 3 en 4 gaan ek dit wat hier teoreties uiteengesit is, met die navorsingsgroep beproef. Ek begin hoofstuk drie met 'n uiteensetting van my navorsingsmetodologie, -prosedure en die navorsingsproses. Ek gee ook 'n kernagtige raamwerk van my benadering. In die hoofstuk "Van Beitbrug tot Robbeneiland", bespreek ek die narratiewe benadering soos ek dit benut het aan die hand van voorbeelde uit die navorsing. Baie klem word in hierdie hoofstuk gelê op die dekonstruksie van diskoerse en op die skryf en verdigting van alternatiewe diskoerse. In hoofstuk vyf sal ek saam met die gesinne (in gesprek met doktor Roux), reflekteer of en hoe ons die bestemming na hul mening suksesvol bereik het. Ook in hierdie gesprek sal die stemme van die kinders duidelik gehoor word.

## HOOFSTUK 3: DIE SKEP VAN 'N COLLAGE: 'N NAVORSINGSVERSLAG

In die eerste deel van hierdie hoofstuk bespreek ek sake soos navorsingsmetodologie, navorsingsproses, die navorsingsprosedure, waarmerking, asook die rol en konteks van die navorser. Daarna gee ek 'n kort uiteensetting van die raamwerk wat ek gevolg het.

Ek verduidelik met 'n beeld waarmee ek van hieraf vorentoe, te werk sal gaan. As beeld wil ek die skep van 'n kunswerk gebruik. As amateur-kunstenaar kyk ek na dit wat ek 'n studie van wil maak. Ek besluit op 'n aantal mediums (hetsy waterverf, pastelle, pen en ink, potlood of dalk houtskool of 'n kombinasie van almal) waarin ek hierdie studie wil doen. Vir argumentsonthalwe noem ons dit 'n collage. Ek besin oor die styl: wil ek abstrak werk of dalk die impressionisme naboots. Ek neem die regte tipe papier of doek en aan die hand van tegnieke eie aan die aard van my gekose medium en styl, begin ek werk aan dit wat ek wil vaslê op papier.

Tot hiertoe het ek aangedui dat ek gesinsverryking as studie aanpak en dat my gekose medium die narratiewe benadering is. Ek het aangedui dat my styl postmodern is. Hierdie keuse het ek gemotiveer. Ek het ook die hoek waaruit ek die lig wil laat val op dit wat ek in die collage wil vasvang, vir myself geïdentifiseer, naamlik die narratiewe hermeneutiese benadering. Ek het die tegnieke (mikrokaarte) wat ek dink ek sal moet inspan, "afgestof" en herbedink. In enige kunswerk, veral waar waterverf ter sprake is, moet jy deeglik vooraf beplan, aangesien daar vinnig gewerk moet word om die beste resultate in hierdie medium te verkry. Ek het die tema wat ek vir die collage gebruik aangedui as gesinsverryking.

Nou begin die skilderwerk: 'n Aantal klein sketsies word gemaak om te sien presies wat ingesluit moet word en wat nie. Die sketsies help om die sogenaamde negatiewe spasies raak te sien, asook om vir oulaas te besin oor wat waar geplaas gaan word en watter mediums die beste gaan wees. In die geval van hierdie navorsing gaan ek nou 'n uiteensetting doen van die navorsingsmetodologie, -proses en -prosedure. Dan volg 'n meer gedetaileerde potloodskets op die papier self. Dit is die raamwerk van wat ek beplan om te doen tydens die ontmoetings. Die basislaagverf (wat help om alles saam te bind in 'n geheel) is die blootlê van diskoerse. Daarna volg alhoemeer detail wat laag na laag neergelê word. Soos hierdie lae neergelê word, sal ek dit verder verduidelik. In hierdie hoofstuk beskryf ek die skep van die kunswerk slegs tot en met die gedetaileerde potloodskets.

### 3.1 Navorsingsmetodologie

Ek het kwalitatiewe navorsing gedoen. Dit wat ek waargeneem het by die gesinne, het ek probeer verstaan en/of geïnterpreteer in die lig van die betekenisse wat hulle daaraan geheg het.

In kwalitatiewe navorsing word verskeie metodes benut, byvoorbeeld gevallestudies, onderhoude, literatuurstudies, persoonlike ervarings en introspeksie. As nuwe metodes ontdek moet word, sal die navorser dit doen. Geen spesifieke metode mag voorkeur kry bo 'n ander of summier van die tafel gevee word nie (Denzin & Lincoln, 1994:2-3).

Hoe verbind ek kwalitatiewe navorsing met die narratiewe benadering wat ek volg? In hierdie verband is die beskouing van Clandinin en Connelly (1991:260) insiggewend. Hulle het gesê: "Narrative as research method is, therefore, less a matter of the application of a scholarly technique to understanding phenomena than it is a matter of 'entering into' the phenomena and partaking of them" (1991:260). In die geval van gesinsverryking beteken dit dat ek in hul "leefwêreld ingelaat" word. Hulle woorde en dade (soos hulle dit beskryf) gaan die bron van my inligting wees. Maykut en Morehouse (1994:167) verduidelik in 'n voetnota hul siening van kwalitatiewe navorsing as "a research model that is primarily exploratory and descriptive, and for which people's words and actions are the main source of data". In terme van my beeld van 'n collage, voorsien ek om met betrekking tot die gesinne te werk met gevallestudies, onderhoude, groepsessies, persoonlike ervarings en reflektering.

Volgens Denzin en Lincoln (1994:14,15) is kwalitatiewe navorsing eindeloos kreatief en vol interpretasie. Die navorser verlaat nie net die navorsingsterrein met hope inligting wat hy/sy nou gaan opskryf nie. Interpretasies word gekonstrueer. 'n Aanvanklike teks word daar gestel vanuit die notas wat in die veld gemaak is, asook van dokumente wat versamel is. Hierdie aanvanklike teks word nou verwerk in 'n navorsingsteks wat bestaan uit notas en interpretasies van die aanvanklike teks. Vandaar word die finale verwerking gedoen. Die finale verwerking van die nagevorste data is, volgens Clandinin en Connelly (1991:275), deel van 'n oopmaak van moontlike interpretasies vir die deelnemers, of soos hulle dit stel "giving back a story".

Een van die hooffunksies van navorsing vanuit 'n narratiewe oogpunt, volgens Clandinin en Connelly (1991:275), is om by die deelnemers nadenke te stimuleer wat sal lei tot die herskryf van hul stories ("re-storying"). Hierdie bydrae is geleë in die interaktiewe verhouding tussen deelnemer en navorser. Hierdie interaksie lei tot 'n gedeelde en gesamentlike vertel en oorvertel van die deelnemers (d.w.s. deelnemers en navorser) se stories. Sodoende word my interpretasie van die "collage" deur hierdie aanvanklike grondlae verbind met die verhale (latere

lae verf) van die gesinne. My interpretasie bly egter verbind aan die "collage" wat ek poog om te skep.

Sal die toekomstige waarnemer van die "collage" steeds die oorspronklike rangskikking of stil-lewe kan herken? Al wou ek realisties werk en nie abstrak nie, kan ek nooit 'n presiese weergawe skilder nie. Dit bly 'n interpretasie. Netso is dit vir my, vanuit my epistemologie, duidelik dat ek as navorser nie 'n objektiewe buitestaander kan wees in die insameling van die data nie. Boonop is die eindresultaat 'n interpretasie van dit wat waargeneem is. Daarom wil ek die deelnemende gesinne vra om die verbatims van gesprekke en indien moontlik ook die interpretasies daavan, na te gaan en dit te "waarmerk". Soos reeds in die eerste hoofstuk aangedui, gaan die gesinne saam ko-konstrueer aan hierdie benadering tot gesinsverryking. In die taal van ons beeld rondom die "collage", kan mens sê dat die gesinne saam skilder aan die kunswerk. Dit is nie 'n een-persoon werk nie. In die hieropvolgende gaan ek aandui watter prosedures ek beoog om te volg, asook hoe die gesinne as getuies vir die navorsing sal deelneem.

### 3.1.1 Navorsingsprosedure

Ek het 'n groep van vier gesinne gewerf. Dele van die navorsing geskied in groepsverband, ander dele net in gesinsverband afsonderlik. Ek wil nie net "lip service" bewys aan die narratiewe benadering vanuit die sosiaal-konstruktivisme nie. Ek wil werklik die gesinslede 'n eie, nuwe manier van gesinwees laat ko-konstrueer. Dit is vir my belangrik om getrou aan 'n narratiewe benadering te bly en nie bloot gesinsverryking uit te werk wat hier en daar 'n narratiewe benadering gebruik nie. Om dit te vermag, sou ek die gesinne se huidige kennis na vore moet bring en hulle suksesse ten opsigte van gesinsverryking saamstring in 'n nuwe narratief wat vir hul positief sal wees. Daarmee saam moet ek waak daarteen om enigsins as deskundige oor hul lewens op te tree. Om dit te doen, sou die narratiewe van hul lewens benadeel. Die gedagte is sterk om die kennis en vaardighede waaroor hul reeds beskik, na vore te bring en saam te weef in groepsverband asook afsonderlik in 'n nuwe dominante diskoers oor hul gesinwees wat vir hulle aanvaarbaar is.

In die gees van die narratiewe benadering, werk ek dan met mikrokaarte. Om met mikrokaarte te werk beteken vir my dat ek wel 'n kaart sal hê waarvolgens ek werk, maar dat ek nie al die nuanses, rusplekke en besienswaardighede van die reis oor die landskap van gesinwees, ken nie. Ek is nie die deskundige oor hul lewens nie. Hulle is. Ek beoog om hulle deskundige kennis oor hulself bloot te lê in 'n nuwe gesinsdiskoers. Die mikrokaarte wat ek verwag om te gebruik, bespreek ek in die volgende hoofstuk. Die wyse waarop ek dit wil vermag is deur vrae te vra. Met die vrae wil ek versigtig, saam met die gesinne, hul konsep van gesinwees ondersoek. Besa (1994:312) sê ten opsigte van terapie, dat narratiewe terapeute twee tipes relatiewe-

invloedvrae vra: Ten eerste vrae oor die invloed wat die probleem of diskoerse op hul lewens het. Tweedens word vrae gevra oor watter invloed hul op die probleem of die diskoerse sou uitoefen? Aangesien hierdie gesinsverryking is, verwag ek om meer besig te wees met vrae rondom samelewingsdiskoerse en ander kennis waaroor die gesinne beskik wat hulle in die verlede as verrykend ervaar het. Daarmee moet ek bysê dat ek nie glo dat alle gesinne dieselfde dinge as verrykend sal ervaar nie. Daarvoor leef elkeen te veel in 'n eie, ingekleurde draaiboek. My oogmerk met die vrae is om soveel as moontlik van die stemme in hul lewens (of draaiboeke) bloot te lê en te dekonstrueer. Die vrae sal nie-evaluerend van aard moet wees, aangesien ek nie woorde of gevoelens vir hul in die mond wil lê nie. Juis hulle ervarings en gedagtes moet na vore kom. Saam kan hulle as deskundiges konstrueer aan nuwe kennis oor gesinwees. My idee is dat dit die verryking sal bewerk op 'n meer permanente wyse as wanneer ek op 'n modernistiese wyse 'n bepaalde siening van gesinwees aan hulle sou voorlê.

### 3.2 Navorsingsproses

Gesinne is gevra om toestemming te verleen sodat die gespreksmateriaal in die navorsingsverslag/skripsie gebruik mag word. Dit is vir my belangrik om vertroulikheid te handhaaf om hulle onthalwe, sodat hulle op geen stadium uitgelewer moet voel nie. My siening van narratief is juis om die gesinne in beheer te plaas. Daarom gaan hulle gevra word om aan te dui watter skuilnaam hul sou verkies om te gebruik.

By die eerste groepsessie word die ko-konstruksie reeds sigbaar. Daar is gevra na die reëls wat die groep sou wou neerlê vir hul as groep. Hiermee wil ek my eie mag as sogenaamde deskundige dekonstrueer en hulle bemagtig. Dit wil ek verder voer deur verdere vrae te vra oor evaluering, byvoorbeeld hoe gaan ons weet of verryking plaasgevind het? Of anders gestel: Wat sal hulle as verrykend beleef? Hoe het dit gekom dat ons dit hieraan sou wou meet? Of aan die begin kan gevra word: As hulle gesin presies sou bly voortdoen soos tans, hoe sal hulle oor twee jaar daar uitsien? Sou hulle wou bly soos hulle nou is of sou hulle wou verander? Hoe sal die verandering daar moet uitsien? Die vraag sou aan die einde gevra kon word of ons wel verander het en dit sal dan as maatstaf kan dien (indien ons 'n maatstaf wil hê) van of ons verryking ervaar het, al dan nie? Aan die einde van die navorsing sou die vraag weer gevra kon word en die verskil sou op moontlike groei kon dui.

Daar sou ook gevra kon word na hulle huidige ervarings en pogings rondom verryking: Wat het hulle in die verlede gedoen om hulle gesinslewe te verryk? Het hulle gevoel dit werk? Was die groei blywend of voel hulle hulle het teruggesak? Wat doen hulle huidiglik om hulle gesinslewe te verryk? Wat sou hulle graag wou doen om hulle gesinslewe te verryk? Wat verhinder hulle? Dit sou kon dui op huidige kennis waaroor die gesinne beskik wat benut kan word. Dit is belangrik om hier daarop te let dat die vraag na die huidige kennis van die gesinne bepalend

kan inwerk. 'n Vraag soos: Hoe sou hulle spanbou by die werk benader? Watter kennis wat hy/sy by die werk opgedoen het, kan werk om hulle gesin 'n sterker, hegter eenheid te maak? Met die vrae wil ek huidige kennis vanuit wat Gerkin (1986:60) "die ander horisonne" noem, intrek om verrykend in te werk op hulle gesinslewe. Ek vermoed dat die kennis daar is, maar nog net nie toegepas is op hierdie terrein van hul lewens nie. As ek dan sê dat die gesinne deskundiges is oor hul eie lewens, dan is dit logies dat ek hulle deskundigheid moet betrek ten opsigte van die finale produk. In die volgende paragrawe meer hieroor.

### 3.2.1 Waarmerking

Vir 'n koper van 'n kunswerk is dit belangrik om te weet dit is 'n oorspronklike stuk en nie 'n kopie of 'n vervalsing nie. Ek wil my navorsing ("kunswerk") waarmerk. Met die woord "waarmerking" bedoel ek egtheid en geloofwaardigheid. My bedoeling is dat die gesinne die verbatims nagaan en dan kan sê of dit 'n getroue weergawe is van die ko-konstruksies wat hulle beleef het. Hierdie navorsing word op drie maniere gewaarmerk. Ten eerste het ek elke gesprek op band opgeneem, dit dan verbatim getik, gedupliseer en aan al die gespreksgenote versprei vir waarmerking. Hier gaan dit vir my om egtheid en betroubaarheid. Dit is vir my belangrik om vir 'n moontlike wyer leserskring te kan verseker dat hierdie konstruksies wel sosiaal gekonstrueer is en nie net my eie konstruksies is nie. Daarvoor het ek die getuienis van die deelnemende gesinne nodig. Maykut en Morehouse (1994:174) het sover gegaan as om hul gevolgtrekkings, of te wel hul "outcomes", voor te lê aan die deelnemers aan die navorsing. Hulle het hulle gevra of hulle dink dat hulle, Maykut en Morehouse, akkuraat was in die weergee van ten minste sommige van die geleefde ervarings van kinders en adolessente met outisme.

Na my mening is daar 'n verdere voordeel in die voorlê van die data aan die deelnemers: Ten eerste: die verfrissing van die geheue en sodoende stimulus tot verdere denke. Ten tweede: die verdere vaslê van die nuwe kennis en narratiewe in die geheues van elke gesin en laastens, 'n aanknopingspunt vir die volgende sessies. Die studieleier, doktor Johann Roux, het al die stukke ontvang, nagegaan en ook sy insette gelewer. Die groepslede is in een van die finale gesprekke gevra om hul belewing van die navorsing weer te gee: Was dit verrykend of nie? Het die navorser die doelwitte bereik? Hulle antwoorde is ingewerk in die slothoofstuk.

### 3.2.2 Die rol van die navorser

In die verlede is die rol van die navorser by geleentheid gesien as iemand wat agter eenrigtingglas sit en natuurlike verskynsels waarneem en dan sy waarnemings objektief aanteken. Die navorser beïnvloed nie die onderwerp nie en die onderwerp beïnvloed nie die navorser nie. 'n Ander siening is dat bevindings in navorsing geskep word deur die interaksie van die navorser

en die fenomeen. In die sosiale wetenskappe is dit gewoonlik mense wat die fenomeen of deelnemer is (Denzin & Lincoln 1994:108). Vanuit die sosiaal-konstruktivisme kan mens nie anders nie as om te erken dat die interaksie tussen navorser en fenomeen 'n uitwerking op die eindresultaat sal hê. Ek neem hierdie verhouding tussen navorser en fenomeen verder met 'n beeld: Die ideaal van onbemiddelde, suiwer kennis van die wêreld is soos 'n vel skoon, wit papier. Die oomblik wat jy dit begin ondersoek, laat jy merke op die papier. Ons kan ten beste net die merke ondersoek (Boyne 1990:94). Dit is dus onvermydelik dat ek as navorser wel "merke sal laat op die papier".

My uitkyk is postmodern en meer spesifiek sosiaal-konstruktivisties. Vir my is realiteit, of die sogenaamde werklikheid, nie objektief bestudeerbaar nie, aangesien ons van geboorte af gedompel is in kultuur. Hierdie kultuur het 'n blywende effek op ons. Alles wat ons ken en as werklikheid beskou, bestaan omdat ons as mense dit in taal geskep het. Elke werklikheid is 'n geïnterpreteerde werklikheid (Boyne 1990:94). Ons siening van die lewe, van ander, van onsself en van hoe dinge behoort te wees, is nie iets wat ons uit onsself voortbring nie. Eerder is dit iets wat geko-konstrueer is saam met mense. Wat ons dus in werklikheid bestudeer, is 'n ko-konstruksie van mense wat deur ons as die werklikheid gesien en ervaar word. Dit wat die kunstenaar op doek vaslê is 'n konstruksie van die samelewing en die bril waardeur hy na die voorwerp of toneel gekyk het. Die resultaat is sy weergawe of interpretasie van dit waarvan hy 'n studie gemaak het.

Sou 'n navorser werklik objektief kan wees? Watter rol speel sy/haar "kennis" van gesinwees? Die beskrywing wat die navorser van 'n gesin handhaaf, kan geensins meer objektief of werklik wees as enige van die gesinne wat leef in die taal van elke gesinslid nie. Die navorser se beskrywing is slegs 'n ko-konstruksie wat hy/sy saam met die gesin (wat by hom/haar is) gevorm het oor hoe 'n gesin behoort te wees. Denzin en Lincoln (1994:108) redeneer op hierdie punt dat die bevindings in alle gevalle menslike konstruksies is. Dit wil sê dit is konstruksies van die menslike verstand en dus onderworpe aan menslike foutering. Geen konstruksie kan volkome korrek wees nie.

In hierdie navorsing sal ek bewus moet bly van die wyse waarop die mens tot kennis kom. Wat is die geldigheid van my eie kennis vir die gesinne se lewens? Durf ek my kennis verhef bo dié van die gesinne? Die volgende beeld werk vir my goed: Soos 'n argeoloog versigtig stukkie vir stukkie van die artefakte blootlê, netso versigtig en met net soveel respek en deernis moet ek die gesinne se reeds bestaande en geleefde kennis blootlê vir hulle om te waardeer. Ook die samelewingsdiskoerse wat op hulle inwerk moet uitgewys (of in terme van die beeld: blootgelê) word op 'n wyse wat daartoe lei dat die gesinne 'n nuwe visie vir hul gesinwees daar kan stel. Indien die samelewingsdiskoers nie blootgelê word nie, twyfel ek of ek werklik my, epistemologies, sou kon plaas binne die sosiale konstruksie diskoers. Verder wonder ek of die

gesinne genoegsaam sou kon besef watter kulturele stories mag oor hul lewens uitoefen. Daarmee saam moet ek eerlik wees en erken dat dit onmoontlik is om in 'n narratiewe benadering objektief te wees, want deur die blote interaksie word daar geko-konstrueer saam met die gesinne.

Daarom meen ek is dit belangrik dat gevra word na die oorsprong van die konstruksies. Hoe is hierdie konstruksies gevorm, of anders gestel, hoe het hierdie "kennis" ontstaan? Daarom het die vraag na hoe mense tot kennis kom en die effek van hierdie "kennis" op hulle lewens, 'n groot rol gespeel in hierdie navorsing. Vandaar sal beweeg word na 'n nuwe konstruksie van gesinwees wat vir die gesinne nie net aanvaarbaar is nie, maar ook hulle eie stemme hoorbaar sal maak.

### 3.2.3 Die konteks van die navorser en die navorsing

Omdat ek 'n predikant is en my primêre werksterrein 'n afrikaanssprekende christelike gemeente is, word hierdie studie aangebied binne die praktiese teologie. 'n Meer spesifieke plasing sal wees binne die narratief-hermeneutiese benadering. Die verwagting is dat die geloofstorie as deel van die vele diskoerse in so 'n geloofsgemeenskap ter sprake sal kom, in die ontwikkeling van gesinne se narratiewe in hul verlede, maar ook hul huidige- en toekomstige narratiewe. Dit word verwag, aangesien gelowiges se lewens vanaf geboorte in 'n christelike huis "deurdrenk" word met die christelike diskoers. Hierdie gelowiges het 'n behoefte om te weet watter inkleding van hul gesinslewe die narratief, wat vanuit die Bybel op hulle inwerk, van hulle vereis.

Die geloofsdiskoers is egter net een van vele diskoerse wat, dikwels ook weersprekend, op gesinslede inwerk. Gevolglik moet ook die ander diskoerse (byvoorbeeld: werkgewer, werknemer, vader, moeder, skolier ensovoorts) onder die loep geneem word. 'n Gesinsverrykingsbenadering behoort in samewerking met die gesinne hierdie diskoerse te ondersoek, sodat die gesinslede bewus is van hierdie inskrywings in hul lewenstories of draaiboeke en dus kan kies om hierdie diskoerse te benut of nie te benut in die nuwe diskoers of draaiboek van hulle lewens nie.

In die volgende deel doen ons juis dit. Hier word die kwaste en potlode nader getrek en die eerste grondlae geverf wat moet meebring dat die collage met al sy dele saamgebind word tot een geheel. Soos vroeër (in die inleiding by hoofstuk 3) aangedui is, gaan ek nou die gedetaileerde potloodskets (werwing en 'n kort skema van die verloop van die navorsing) doen. In hoofstuk vier verf ek die basislaag en van die detail in (die narratiewe aspek van my benadering uitgebeeld aan die hand van die gesinne se konstruksies). Maar eers die potloodskets.

## 3.3 'n Narratief van ontmoetings met gesinne

Van hieraf gee ek kortliks die verloop van die ontmoetings met die gesinne weer. Ek gee dit programmatig weer: omtrent net die raamwerk met die tipes vrae gevra en net genoeg "vleis" om 'n oorsig te kan gee oor die gebeure. Sodoende voorkom ek oorvleueling, aangesien ek in hoofstuk vier die vernaamste narratiewe konsepte wat ek gebruik het, uitlig en toelig aan die hand van vinjette. Ek begin met enkele opmerkings oor die ontmoetings en die denke daaragter.

Die ontmoetings is versprei oor 'n tydperk van ongeveer drie maande. Daar is vooraf met elke gesin afsonderlik gesprek gevoer oor hulle verwagtings van die ontmoetings en die geleentheid is gegee vir die vra van vrae. Daarna is 'n Saterdag gebruik vir die eerste ontmoeting. Na hierdie ontmoeting het ek met elke gesin afsonderlik weer vergader. Ook die kleiner kinders is betrek vir 'n afsonderlike gesprek (later by 4.2.2.2. meer hieroor). Daarna is 'n tweede Saterdag benut waar daar weer as groter groep saam gekonstrueer is aan kennis wat hulle as verrykend beleef. Laastens het die gesinne weer saamgetrek vir 'n gesprek met die mede-studieleier.

Ek het die besluit om hulle vir twee Saterdagoggende byeen te bring (met 'n drie maande tydsverloop tussenin) geneem met 'n doel. Die idee agter die besluit om 'n tydsverloop tussen die sessies te hê, is om aan die een kant te kon bepaal of daar 'n behoudende verandering in die gesinne se lewens plaasgevind wat hulle as verrykend beleef het. Aan die ander kant het ek in gedagte gehou wat Buzan (1989:64,134) gesê het rondom onthou, naamlik dat geen leer-ervaring waarde het, tensy daar nie herhaling plaasvind nie. Die herhaling sou geskied deur die deurgee van verbatims van die groepsgesprekke aan elke gesin. Hulle moes dit deurlees en nagaan of dit na hulle mening 'n korrekte weergawe is van die betrokke Saterdag se werksaamhede. Ek het ook 'n brief gerig aan elke gesin met die doel om sekere sake weer uit te lig en dus weer eens iets te herhaal wat geko-konstrueer is deur die groep. In hierdie verband het ek my sosiale konstruksiedenkwyse gehonoreer deur dit wat die groep geko-konstrueer het, meer vas te maak in mense se lewens. Dit het ek op verskillende wyses gedoen deur briewe en 'n bordspel wat ek geskep het.

Voorts verduidelik ek die verloop van die verskillende ontmoetingsgeleenthede. Die verloop van die gesinsverryking was as volg:

- briewe wat uitnooi na die gesinsverryking;
- vooraf gesprekke met elke gesin;
- eerste Saterdag se groepsessies;

- briewe aan elke gesin, asook 'n besoek;
- sessie met kinders;
- die Beertjie storie ('n verwerking van die sessie met die kinders) aan die kinders gegee;
- tweede Saterdagbyeenkoms;
- briewe asook die verbatims aan die gesinne;
- Dr. Roux (studieleier) in gesprek met die gesinne oor hul belewing van die navorsing.

### 3.3.1 Briewe wat uitnooi na die gesinsverryking

In die brief het ek gepoog om iets van die konstruksies in my, rakende gesinsverryking, duidelik te maak. Ingesluit was ook toestemmingsvorms (voorbeelde van laasgenoemde is as addendums aangeheg). Die brief was as volg:

*Geagte* ____________________

*U word hiermee uitgenooi om deel te neem aan 'n navorsingsprojek. Die projek word gedoen as deel van 'n meestersgraadkursus in pastorale terapie (Mth Praktiese Teologie: Spesialisering in Pastorale Terapie) aan UNISA. Die tema is: GESINSVERRYKING: 'N NARRATIEWE BENADERING.*

*Dit is vir my uit my ervaring duidelik dat gesinne worstel met talle uitdagings en probleme. Hoe gemaak met invloede van buite af (byvoorbeeld maats, vriende, televisie, onderwysers, generasiegapings en kultuur). Gesinslede wat soms elkeen 'n eie rigting inslaan en eie agendas het, 'n gevoel dat ons kinders ons nie respekteer nie en dat ouers ons as kinders nie verstaan nie. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het in 'n publikasie gewys op die noodsaak van meer gesinsverrykingsprogramme in Suid-Afrika. In hierdie publikasie word onder andere gesê:*

*"Family functioning on a sound level plays an essential role in establishing religious and cultural values, norms and individual identity. In the family the child is prepared for his or her role in society" (1997:22). In bogenoemde RGN ondersoek wys Harvey, wie die ondersoek uitgevoer het, dat M. Van Staden reeds in 1987 tot die gevolgtrekking gekom het* ***dat gesinsverryking 'n positiewe uitwerking het op familieverhoudinge****. Harvey gaan dan verder deur die stelling te maak dat huweliksverryking kan bydra tot die* ***bevordering ('enhancing') van die kwaliteit van die gesinslewe*** *(1997:23). In haar tesis getiteld, Gesinsverryking as voorkomingsdiens in maatskaplike werk (1984), skryf Dr. Mara van Staden dat sy aanbeveel* ***dat geleenthede***

***daargestel moet word in gesinsverrykingsprogramme sodat kinders en ouers mekaar beter kan leer ken*** *(aangehaal deur Harvey 1997:25).*

*Die projek het ten doel om 'n ander benadering tot gesinsverryking daar te stel. Hierdie benadering gaan onder andere uit van die standpunt dat mense in stories leef, deur stories sin maak van die lewe, in stories droom, in stories dink en in stories speel. Selfs hierdie inligtingstuk sal deel word van 'n storie wat u oorvertel oor 'n inligtingstuk wat by u uitgekom het. So is daar ook stories in die samelewing wat op ons inwerk en ons eie stories onderdruk. 'n Tipiese voorbeeld lê verskuil in die woorde: "Wat sal die mense sê of dink?" Menige kind/mens se idees is al deur hierdie woorde kortgeknip. In die benadering wat ek wil navors en daarstel, wil ek graag kyk na watter stories en sieninge in die samelewing dit moeilik maak vir gesinne om hul eie storie te leef. Vandaar wil ek verder gaan deur hierdie stories te ontmasker en gesinne te help om hul eie stories meer na vore te bring. Stories wat hul drome en saamwees en geluk sal verwoord.*

*'n Voorbeeld kan verheldering bring: Kyk u na die sepies op TV? Staan u nie ook verstom oor hoe hulle so vinnig en so aanhoudend draaiboeke skryf vir elke episode nie? Het u ook al gewonder wie skryf almal aan die draaiboeke? Een mens kan seker nie so vinnig so baie dinge uitdink nie, kan hy? As mense na ons lewens kyk, sou hulle 'n sepie kon skryf? (Stephen Covey (1992:299-301) sê dat ons ook draaiboeke leef. As enkeling en as gesinne.) Die vraag is net of ons die draaiboek skryf? Is dit iemand anders? Is daar baie skrywers? Weet ons ooit wie skryf wat in ons draaiboeke? Leef ons nie dalk dit wat ander sê uit nie? Daarom gaan ons eers bietjie saamgesels oor 'n klomp dinge wat met die eerste oogopslag lyk asof dit niks met gesinwees uit te maak het nie. Hoe verder ons gaan, sal u sien dat dit eintlik alles daarmee uit te maak het. Daar is 'n paar hoofvrae waarby ek dink ons behoort uit te kom. Vrae soos:*

- *Hoe gebeur dit dat ons die dinge weet wat ons weet oor gesinwees?*
- *Wat weet ons van gesinwees?*
- *Hoe raak dit ons lewens elke dag?*
- *Hoe kan ons ons gesinslewe verryk op 'n blywende manier?*

*Ons gaan dan ook skryf aan 'n "nuwe draaiboek" vir elke gesin. Ek gebruik die woord "ons", sodat dit van die begin af duidelik sal wees dat ons almal saam sal werk. Dus, geen lesings. Net saampraat en saamdoen. Duideliker gestel: Lekker saamdoen as gesinne, gekoppel aan baie respek vir wat u leef en wil leef.*

*Aangesien hierdie navorsing is, is dit moeilik om presiese tydskedules vooruit neer te lê. Ek beoog om twee Saterdae te gebruik vir die groepwerk. U sal as gesinne individueel dinge saamdoen (ons wil graag die kinders se stemme hoorbaar maak), maar daar sal ook in die groot groep saamgesels word.*

*In die tyd wat sal verloop tussen die twee Saterdae, sal ek graag met elke gesin afsonderlik sessies wil hê waarin ons knelpunte kan oplos (indien enige), asook kan bou aan 'n nuwe waardering vir mekaar. Verder sal al die sessies op band opgeneem word. Ek sal dit uittik (woord vir woord) en 'n getikte afskrif aan u besorg om te kontroleer en vir u eie verwysing te behou. Op geen stadium wil ek hê dat u enigsins moet voel dat dinge buite u beheer raak nie. Ek wil u nou reeds die versekering gee dat u identiteit beskerm sal word. Op die toestemmingsvorms sal u ook sien dat u ter enige tyd sou kon onttrek. Skuilname of bloot net noemname sou ook gebruik kon word, indien u dit so sou verkies. Ek wil graag u identiteit beskerm en vertroulikheid handhaaf. Indien u enige vrae het, beantwoord ek dit graag.*

*Baie dankie dat u bereid is om te oorweeg om deel te neem aan hierdie projek.*

*Groete*

*Carlie Schiel*

*Bronverwysing:*


- *Harvey, E W 1997. Marriage and Family life in South Africa: Research priorities. Theme 7: Preparation for family life, family enrichment, family counselling and available services. Human Sciences Research Council. Pretoria: HSRC Printers.*
- *Covey SR 1992. The Seven habits of highly effective people. Simon & Schuster.*


### 3.3.2 Vooraf ontmoetings

Na die briewe ontvang is, het ek afsprake gemaak met elke gesin en hulle persoonlik gaan besoek. Die doel met hierdie gesprekke was om enige vrae te beantwoord wat hulle sou hê oor die navorsing. Waar nodig, het ek iets van my epistemologie verduidelik. Ek het ook by hierdie geleentheid gevra na temas wat hulle sou wou hê ter sprake moes kom. Met hierdie vraag het ek gepoog om my posisie as sogenaamde deskundige te dekonstrueer. Een van my oogmerke was tog immers om hulle deskundige kennis oor hulle eie lewens bloot te lê. Ek wou nie aanvaar dat ek sondermeer weet wat hulle nodig het nie.

### 3.3.3 Eerste Saterdag se groepsessies

Dit is nodig om riglyne vir interaksie neer te lê vir 'n groep om vrymoedig gesprek te kan voer oor hulle lewens. Enige vergadering het riglyne vir die ordelike verloop van die vergadering. Daarom was die skep van riglyne vir die groep se interaksie eerste aan die orde.

#### 3.3.3.1 Riglyne vir die groep

Ek vra die groep om riglyne daar te stel vir ons groepsbyeenkomste. Ek dink hier in terme van vertroulikheid, eerlikheid en ander waardes en sake wat hulle as belangrik sou beskou.

Met die nodige riglyne vir die groep in plek, is begin met die werk rondom gesinwees en verryking. Ek het begin deur te dekonstrueer aan die diskoerse wat aan die werk is in hulle lewens. Dit het ek gedoen vanuit verskillende hoeke. Ek het die gesinne afsonderlik laat werk en dan weer saam as groep. Die rede hiervoor was tweërlei. Aan die een kant wou ek die gesinne afsonderlik laat werk omrede hulle kla van te min tyd saam. Aan die ander kant was die groepsessies belangrik omdat my epistemologie sê dat mense kennis ko-konstrueer. Ek wou dit benut.

#### 3.3.3.2 Dekonstruksie

Tydens die eerste Saterdag se verryking het ek die meeste van die tyd bestee aan dekonstruksie. Ek wou dat elke gesin 'n duidelike beeld moet hê van waar hulle nou is, watter invloede op hulle inwerk en waar hulle kennis van gesinwees vandaan kom. In hoofstuk vier word al die elemente bespreek en toegelig met voorbeelde. Hier noem ek slegs die verloop van die gebeure.

- **Dekonstruksie van hul huidige scenario** (Gesinsaktiwiteit)

Ek het hulle gevra om die volgende vrae te bespreek en dan kortliks neer te skryf wat hulle as gesin daaroor dink: "As julle gesin presies sou bly voortdoen soos tans, hoe sal julle oor twee jaar daar uitsien?" *(Byvoorbeeld, watter goeie dinge sou daar nog wees? Wat sou verlore gegaan het? Watter krapperighede sou dalk ontwikkel in volskaalse probleme?)* "Wat doen julle as gesinne saam? Wat doen julle om julle gesin byeen te hou? Hoe gereeld doen julle dit?"

Aangesien van die kinders klein was en ek onseker was hoeveel van die besprekings hulle sou verstaan, het ek van 'n aktiwiteit gebruik gemaak om hulle stemme te probeer uitbring. Ek het gevra dat die kleiner kinders 'n prent moes teken van dinge wat hulle graag saamdoen as gesin. Dinge wat hul voel maak dit 'n goeie gesin. 'n Tweede prent het gegaan oor dinge wat hul dink hul gesin 'n beter en lekkerder gesin sal maak.

- **Dekonstruksie van die woord "verryking"** (Groepsaktiwiteit)

Ek het 'n bespreking aan die gang gesit rondom die kennis en verwagtinge wat hulle het rondom verryking. Ek het vrae gebruik soos: "Wat verstaan u onder verryking?" "'n Alternatiewe woord vir verryking?" "Hoe gaan ons weet of verryking plaasgevind het?" "Wat sal julle as verrykend beleef?" "Hoe het dit gekom dat ons dit hieraan sou wou meet?"

- **Hulle siening van hulself as gesin (**Gesinsaktiwiteit**)**

Ek het groot velle papier en ou tydskrifte voorsien en gevra dat elke gesin 'n collage skep met prentjies of sketse wat sê hoe hulle huidiglik is. Ek was van mening om die oefening aan die einde te herhaal en dan te kyk of die twee collages verskil. Die groep het sterk gevoel dat die verrassingselement hier deurslaggewend was en dat die tweede collage beplan en "gemanipuleer" sou wees en dalk nie eerlikheid sou hê nie. Daarna het ek elke gesin die geleentheid gegee om in die groter groep hulle collage te wys en te verduidelik. Hulle moes ook sê wie het watter insette gelewer. Laasgenoemde is om seker te maak dat die kinders se stemme wel hoorbaar word.

- **Dekonstruksie van kennis** (Groepsaktiwiteit**)**

Hiervoor het ek twee speletjies uitgedink. (Ek gee geensins voor dat die speletjies nuut en uniek is nie. In die geval van die eerste speletjie het ek die idee taamlik breedvoerig geleen by die bordspel "Balderdash" uitgegee deur Arlenco Toys. In die geval van die tweede speletjie is dit van so 'n aard dat ek moeilik sou kon erkenning gee aan enige bron van enige aard. "Uitgedink" wil bloot sê: iewers het ek dalk so iets gesien en vanuit die vergete kennis het 'n, vir my, nuwe idee voortgespruit.)

Speletjie een: Ek gee 'n paar woorde en elkeen skryf op 'n papier sy definisie (of wat die woord beteken) neer. Na elke woord vergelyk ons die definisies. Elke regte "definisie" kry een punt. Die gesin wie die meeste regte definisies gegee het (meeste punte het), wen. Die woorde was byvoorbeeld: Karmenaadjie, karet, iemand op sy karmenaadjie gee, poespas, en perk.

Hierna is bespreking gevoer aan die hand van die volgende vrae: "Wat leer ons uit hierdie speletjie? Sou dit 'n verskil gemaak het as ons in 'n ander tyd geleef het? Sou dit gehelp het as ons op 'n plaas grootgeword het? Met ander woorde watter invloed het tyd, plek en agtergrond (jou eie en ander) op hoe jy 'n woord gebruik of iets verstaan?"

Om die dekonstruksie te kon doen wat ek met die speletjie beoog het, het ek die laaste woord op die blaaibord doodgetrek, twee ander woorde ("gesin" en "ma-wees") geskryf en toe gevra: "Wat sou gebeur as ons dit wat ons hier geleer het, toepas op ander kennisvelde? Sou dit help

om te weet watter rol my grootword nou op my het?" (Let daarop dat die bespreking telkemale dieper gegaan het as net die vrae.)

Ek het tydens die bespreking die klein kinders gevra om 'n prentjie van 'n boom te teken. Die rede hiervoor was dat hul aandag afgedwaal het. Ek het die klein kinders se boomprentjies ingeneem en gevra: "Wie se boom is nie 'n boom nie? Lyk almal se bome eenders? Maar almal se bome is bome, is ek reg? As ons nou enige iets anders moet teken, beteken dit ons moet dit steeds presies dieselfde doen? So, ons mag anders dink en doen? As ek anders is, maak dit dan dat ek verkeerd is? Mag 'n maatjie dinge anders sien as ek?" Dit het die geleentheid gebied om iets te wys van my epistemologie, naamlik dat alle kennis gelykwaardig is. Die volgende speletjie het die gedagte met die groep verder geneem.

Speletjie twee:. Die gesinne is gevra om die volgende letters te neem en 'n nuwe woord te skep wat nie bestaan en dus nog geen betekenis het nie: a, b, e, g, s, u, i, o, l, m, p. Ek het al die gesinne se woorde op 'n blaaibord geskryf en gesê: "Kom ons kies een wat ons dink die beste is. Kom ons maak nou 'n betekenis op vir hierdie woord. As ons almal verskillende betekenisse het, hoe gaan ons uitkom by net een betekenis?" Dit het gelei tot 'n bespreking oor die gelykwaardigheid van alle kennis en dat sekere kennis onderdruk word deur kennis wat deur 'n groep saam gekonstrueer is. Die bespreking het ook uitgewys dat hulle beskik oor kennis oor konflikhantering. Iets wat aanvanklik aangedui is as 'n tema waaroor hulle meer sou wou leer.

Tipiese vrae wat ek gevra het is: "Wat word nou van die ander betekenisse? Beteken dit dat die betekenis wat die meerderheid voorstaan meer korrek is as die ander mense s'n? Hoekom nie? Sou dieselfde gedoen kan word in ons gesinslewe? Beteken dit dat daar meer as een manier kan wees waarop ons gesin kan wees? Soos? Moet ons net wees soos die meerderheid sê ons moet wees? Of soos ons ouers dit gedoen het? Sou ek dan, as ek wou, kon kies om 'n ander manier van gesinwees kon kies, al stem dit nie ooreen met hoe die mense sê 'n gesin moet wees nie?"

- **Dekonstruksie van sosiale diskoerse**

Ek benader hierdie deel met groepsbesprekings en -oefeninge. My oogmerk is om die sosiale diskoerse wat op hulle inwerk, bloot te lê. Hier volg 'n kort oorsig.

**Groepsbespreking.** Ek lei die groepsbespreking deur vrae te vra soos die volgende: "Dit wat jy in jou lewe geleer het, waar het jy dit geleer? Kom ons hoor by die kinders: Wat is "cool" en wat nie? Wie besluit dit? Is dit belangrik om "cool" te wees? Watter rol het vriende/onderwysers/ouers hierin gespeel? Wat het jy by die skool geleer behalwe skoolwerk? Wat het jy by politici/doktors/sportmanne geleer? Watter invloed het dit op jou gehad? Wat is die nuutste statussimbole?"

**Klein kinders.** Ter wille van die kleiner kinders vir wie die gesprek dalk te moeilik is, vra ek hulle om die volgende vir my te teken**:** "Maak 'n prentjie wat sê wat pappas moet doen, wat mammas moet doen en wat kinders moet doen. Jy kan een of drie prentjies maak. Jy kan teken, of uitknip en plak."

Ek neem die gesprek verder deur 'n vraelys te laat voltooi. Die gedagte is om ook die "stiller" lede van die groep se stemme hoorbaar te maak. **Oefening:** (Voltooi vraelys 2: *Elkeen afsonderlik*). Hoe verskil mans en vrouens van mekaar? Wat is 'n man se werk in die gesin en wat is 'n vrou se werk? Wat weet ons van hoe kinders deesdae is? (*Gevolg deur pa's, ma's, mans, vrouens, oupas, oumas en* tieners*?*)

Ek vra vir terugvoer in die groter groep. Die antwoorde lys ek op 'n blaaibord. Ek begin by die vrouens in die groep: "Sê wat julle sien as mans se rol en pligte. Hoekom? Waar het ons dit geleer?" Die mans moes op hierdie stadium net sit en luister. Later kry hulle kans om te reflekteer hierop. So ook die kinders.

Ek herhaal die proses met die mans hierdie keer aan die woord en die vroue wat luister: "Sê wat julle sien as 'n vrou se rol en plig in die gesin en hoekom. Waar het ons dit geleer?"

Ek vra aan die groep as geheel of daar 'n verskil is tussen hoe mans praat, dinge interpreteer, en na dinge kyk en hoe vrouens dit doen? Ruim geleentheid vir bespreking volg hierop.

Nou kom die kinders aan die beurt. Ek vra: "Sê wat is ouers se rol en pligte in 'n gesin. Wat verwag julle van ouers?"

**Groepbespreking.** Hier wou ek die gesprek verder laat gaan. Verder as net die blootlê van diskoerse. Ek wil die moontlikheid van alternatiewe suggereer, asook die gevaar van etikette uitwys. "In Engels is daar 'n gesegde: 'You can't teach an old dog new tricks'. Het u dit al gehoor? Wat dink julle probeer die gesegde verwoord? Stem julle saam met die betekenis? As ek nou 'n stukkie graffiti byvoeg, naamlik 'That is an insult to an old dog', sal julle dan anders dink oor die eerste gesegde? Hoe anders? Dink julle dat dit wat mense sê beperk die "old dog" in dit wat hy/sy kan bereik en wees? Hoekom sê julle so? Dink terug aan julle kinderdae: Watter dinge is daar wat julle vandag nog glo van julleself, wat die gevolg is van wat mense oor julle gesê het? Hoe het julle gevoel as mense julle 'label'? Watter etikette hang mense mekaar om die nek in gesinne? (*Byvoorbeeld, wanneer is iemand 'n swartskaap? En as hy/sy eenmaal tot swartskaap gemaak is, word hulle dit dan al hoe meer?) (Voorbeelde: luie, stadige een, humeurige een, slordige ensovoorts).* Wat doen sulke etikette aan mense? Wat sal dit aan ons gesinwees verander as ons anders oor mekaar begin praat en dink? Sou die spreekwoordelike swartskaap kan verander? Hoe praat ons in ons gesinne van mekaar? (Geleentheid om na te dink). Maak iewers 'n nota van wie dra watter etiket in julle gesin."

Vandaar is die bespreking gestuur in die rigting van oplossings deur die volgende tipe vrae te vra: "Wie se verantwoordelikheid is dit om die etikette te verander/te verwyder? Wie moet die inisiatief neem? Hoe kan ons mekaar help hiermee? Hoe doen julle dit in julle gesinne?"

Die gesinne het geleentheid gekry om 'n bespreking te voer oor wat in hulle huidige manier van gesinwees vir hul positief is? Dit is belangrik dat die kinders hier saampraat deur alles te noem wat vir hulle lekker en goed is aan hulle huisgesin, asook wat volgens hulle bou aan gesinsbande? Wat werk vir hulle?

Ek werk met die uitgangspunt dat mense kennis ko-konstrueer. Daarom vra ek dat die gesinne met mekaar deel dit wat hulle in hulle gesinne bespreek.

Ter wille van herhaling, asook om te sien watter konstruksies elkeen gevorm het vanuit die ko-konstruksies wat plaasgevind het, vra ek: "Wat is vandag, nou hier gesê, wat belangrik sal wees om te onthou? Wat het julle gehoor wat sin maak vir julle, of, wat julle dink julle graag sou wou probeer? Vra ook: Wat was van waarde? Wat het julle geniet? Wat sou julle anders wou hê?"

Ek sluit af vir die dag met huiswerk. Die oogmerk is om die gesinne te laat praat oor wie hulle is en watter waardes hulle het. Ek gee twee stukke huiswerk:

**Huiswerk 1:** "Teken 'n stamboom van julle gesin. Kinders, julle word aangestel as speurders. Sê my net, wat doen speurders? Julle is privaatspeurders. Julle opdrag is om ondersoek te doen na wie almal deel van julle familie is, wie hulle is, watter interessante stories oor hul vertel kan word. Vind ook uit hoe het pa en ma mekaar ontmoet. Hoe was hulle eerste ontmoeting? Waar? Hoe het dit gekom dat hulle met mekaar getrou het? Hoekom het hulle nou juis hierdie man of vrou gekies as lewensmaat? Met ander woorde, wat was vir hulle belangrik in hulle keuse? Watter waardes het hulle voor gesoek en watter waardes is nou vir hulle belangrik?) En ouers, julle moet nie inligting verswyg nie.. Julle sal aangekla word van regsverydeling van die reg. Maak tyd om die speurders by te staan. Help hulle met 'n stamboom om vanaf te werk."

**Huiswerk 2:** "Kies 'n liedjie wat iets sê van julle gesin. Dit moet iets soos 'n volkslied wees, net hierdie keer 'n gesinslied. Julle kan enige liedjie bring of self een skryf en dan kom sing." Ek het met hierdie huiswerk 'n tweede oogmerk, naamlik om 'n groepsidentiteit te bou vir elke gesin. Die opdrag sou gesprek voortbring oor wie hulle is, waarvoor hulle staan en hulle hopelik hegter saambind as 'n span of groep.

### 3.3.4 Tussen-in gesprekke

Tussen die twee Saterdagverrykingsgeleenthede, het ek elke gesin afsonderlik besoek en gesprek gevoer met hulle. Die geleentheid is gebied om knelpunte (indien enige) aan te spreek. Ek het ook met elke gesin begin gesprek voer oor moontlike nuwe verhale vir hulle as gesin.

Omdat die kleiner kinders in verskillende ouderdomsgroepe is, het ek met hulle 'n ekstra gesprek ingewerk. Die gesprek het gehandel oor hulle kennis van gesinwees en die bydraes wat hulle meen hulle tot hul gesinne kan maak. Sagte speelgoed is gebruik as hulpmiddel tot die gesprek. Die materiaal wat hieruit voortgekom het, is verwerk in 'n kinderstorie. Die ouers is gevra om dit vir die kinders voor te lees. Verdigting was die motief agter die storie.

### 3.3.5 Saterdag, 22 Julie 2000

Tydens hierdie byeenkoms word meer gekonsentreer op die daarstel van 'n nuwe diskoers vir elke gesin en die verdigting van die diskoerse en ko-konstruksies van die vorige byeenkoms. Ek skop af met laasgenoemde deur in die groter groep uit te vra oor die vorige sessie.

**Gesamentlike groepsessie:** "U het almal die verbatims van die vorige sessies ontvang. Is die inhoud korrek? Is daar dinge wat vir julle nuut aanspreek daaruit of waaroor julle weer wil gesels?"

Ek volg die gesprek op met terugvoer uit hul lewens: "Wat het die laaste tyd in julle gesinslewe gebeur? Het iets verander? Was die verandering positief of negatief? Wil iemand van hierdie veranderings deel met die groep?"

Ek haal die huiswerk op. Ek wys hulle daarop dat die speurderoefening later die oggend gebruik sou word. Ek vra uit: "Was daar betekenis in die opstel van gesprekke oor die oefening? Wat was van waarde? Die temalied?" Ek vra die gesinne om hul temalied te deel met die groep; asook om te sê juis hoekom hulle hierdie lied gekies het.

#### 3.3.5.1 Die ontwikkel van nuwe diskoerse

Dit is een ding om te weet welke diskoerse aan die werk is in jou lewe. Dit is 'n ander ding om iets te verander aan hierdie diskoerse. Daarom werk ek van hieraf saam met die groep om nuwe diskoerse te ontwikkel wat kan meewerk aan dit wat hulle as verrykend beleef. Ek maak hier gebruik van die sosiale konstruksie. Ek laat die groep ko-konstrueer deur hulle geleefde kennis met mekaar te deel. Om die gesprek te vergemaklik, maak ek gebruik van 'n metafoor.

**Die skaalmetafoor.** Ek skets 'n skaal soos wat te sien is op die embleme by regshowe. Die volgende opmerkings en vrae het voorgekom: "As die een kant van die skaal swaarder is as die

ander kant, wat kan ek alles doen om dit om te swaai? Goed, uitlaai. Goed, oplaai aan die anderkant. Sorg dat ek meer aan die positiewe kant inlaai as die negatiewe kant. Probeer om niks negatiefs in te laai nie en net positief in te laai. Wat is die goed wat die skaal teen ons as gesinne laat swaai? Met ander woorde, wat maak dat ons min tyd het vir gesinslewe? Wat breek verhoudings af in gesinne? Is dit dan alles goed wat aan die kant van die skaal kom? Wat moet ek die kant inlaai? Noem dinge wat gesinslewe aanhelp. Wat sou ons nog kan doen om die skaal te 'tip'? Watter dinge doen julle wat julle laat voel dit help om julle as gesin naby aan mekaar te hou? Wat doen julle by die skool/werk om spanbou te bevorder? Hoe word hierdie aktiwiteite beplan? Bly dit net by beplanning?"

**Rituele.** "Watter plek neem rituele in julle gesinslewe in?" (As alternatiewe woord ter wille van die groep se verstaan: tradisies, byvoorbeeld rondom Kersfees, Paasfees, verjaarsdae en vakansies). "Wat doen dit aan julle gesinwees? Positief of negatief. Is daar sulke rituele wat ander gesinne doen waarvan julle weet wat julle met ons kan deel?"

Vanuit vorige gesprekke het ek gehoor dat die gesinne behoefte het aan saamdoen aktiwiteite. Ek het 'n bordspel vir hierdie doel benut. In die volgende paragraaf toon ek aan hoe ek die bordspel benut het.

**Gesinspeletjie:** Die gesinspeletjie is 'n bordspel wat ek ontwerp het met die doel om verdigtings van vorige gesprekke te bewerk. Ek het aan die groep die reëls verduidelik. Ek het klem daarop gelê dat hulle gesprek moet stimuleer. Elke gesin speel die spel afsonderlik. In hoofstuk vier, vanaf punt 4.2.2.7, gee ek 'n uitgebreide bespreking van die spel.

Na almal klaar gespeel het, verkry ek terugvoer oor die spel. Die volgende is voorbeelde van die tipe vrae wat ek gevra het: "Wat het die spel vir julle beteken? Wat aan die spel het die betekenis teweeg gebring? Wat het dit verhinder? Was die element van pret genoeg ingebou? Het die pretaspek gesinsgroei gestimuleer of teengewerk? Wat was die lekkerste aan die speletjie? Is dit 'n speletjie wat julle weer sou wou speel? Watter voorstelle sou julle wou maak rondom die speletjie?"

Ek benader verdigting nou vanuit 'n ander hoek. Ek poog om met pret elemente dit wat vir elke gesin belangrik is, uit te lig en te verdig. **Tydkapsule:** "Ons skryf dinge neer oor ons gesin wat nou vir ons belangrik is. Dinge wat ons geniet om te doen. Waardes wat vir ons belangrik is. Eienskappe wat ons nou het wat vir ons positief is, ensovoorts. Watter tipe aktiwiteite doen ons graag? Hoe wil ons graag met mekaar praat? Watter tipe atmosfeer wil ons graag by die huis hê? (Baie belangrik: Ons skep nie 'n liniaal waarmee ons onsself gaan meet nie. Ons sit bloot wat nou vir ons belangrik is, op papier. Dit wil sê, dit wat ons nou op goeie dae geniet, daaroor gaan ons nou dink, byvoorbeeld hoe is die atmosfeer op 'n lekker dag by die huis, wat maak dit

lekker? Skryf dit dan neer. Lig hierdie deel van jul gesinstorie uit. Hoekom is vakansies lekker? Wat doen ons wat ons as gesin na aanmekaar laat voel? Analiseer dit en skryf dit neer. (Meer hieroor in hoofstuk vier, punt 4.2.2.8.)

Ek bou voort deur die gedagtes wat in die vorige oefening uitgekom het op 'n ander wyse vas te knoop vir die gesinne. Ek vra dat hulle die volgende aktiwiteit moet uitvoer: "Ontwerp nou saam 'n familiewapen wat hierdie dinge uitbeeld. Julle kan prentjies gebruik, teken of bou of welke medium ookal gebruik."

Ek meen dat sonder herhaling al die werk aan 'n tydkapsule en 'n embleem nutteloos kan wees, net soos wat nuwejaarsvoornemens in my huis nie lank hou nie. Om hierdie gevaar pro-aktief teen te werk, kry ek die groep om saam te konstrueer aan oplossings.

**Groepsaktiwiteit:** "Hoe kan ons ons missie en ons gesinswapen/embleem verder neem om te gebruik as kompas? Hoe kan ons as groep mekaar help sodat hierdie embleem en missiestellings nie in 'n laai bly lê en verlore raak nie?"

Ter afsluiting by hierdie Saterdagsessie lei ek die groep in 'n bespreking rondom die volgende vrae en gedagtes: "In die begin het ons gevra, hoe sal ons weet of ons verryking beleef het? Kom ons evalueer dit nou. Hoe sal ons dit doen? Wat aan die benadering was vir u positief? Wat het u as negatief beleef? Wat aan my aanbieding het dit vir u makliker gemaak en wat moeiliker? Wat kan ons doen om ander gesinne meer bewus te maak van die belangrikheid van gesinne?" *(Gee geleentheid vir hulle idees).* Een van die idees was 'n gesinserediens. Ons bestee tyd om so 'n erediens te beplan (meer hieroor in hoofstuk vier, punt 4.2.2.9).

### 3.3.6 Eiland toe

Die finale fase of geleentheid was 'n gesamentlike afsluiting op die Grooteiland in die Vaaldam. By hierdie geleentheid voer die mede-studieleier, doktor Johann Roux, gesprek met die groep. Uittreksels uit die gesprek vind u in die laaste hoofstuk, hoofstuk vyf. Die gesinne braai en eet dan saam en kuier die middag om.

In die volgende hoofstuk neem ek die vernaamste konsepte van narratiewe verryking en illustreer dit met voorbeelde uit die navorsing. Waar ek in hierdie hoofstuk bloot dit wat ek gedoen het vermeld het, word dit (waar van toepassing), in hoofstuk vier telkemale bespreek.

## HOOFSTUK 4: VAN BEITBRUG TOT ROBBENEILAND

In hierdie hoofstuk bespreek ek die vernaamste narratiewe konsepte en idees wat ek gebruik het. Ek deel die hoofstuk hoofsaaklik in twee dele op, te wete, dekonstruksie en bloudruk: nuwe diskoerse vir elke gesin. Dekonstruksie en verdigting word telkemale onderverdeel om 'n beter verstaan van die teoretiese onderbou te bied. Dit word toegelig met voorbeelde uit die navorsing.

Om u te help om iets van die interaksie van die ontmoetings beter te verstaan, gee ek ook van die dialoog verbatim deur in die vorm van vinjette. Neem in ag dat een van die vrouens Engelssprekend is en dat dele (veral haar woorde en ook groepslede wat met tye oorgeslaan het na Engels) in Engels weergegee word.

Ek het begin deur te dekonstrueer aan die diskoerse wat aan die werk is in hulle lewens. Dit het ek gedoen vanuit verskillende hoeke. Ek het die gesinne afsonderlik laat werk en dan weer saam as groep. Die rede hiervoor was was dat ek aan die een kant die gesinne afsonderlik wou laat werk omrede hulle kla van te min tyd saam. Aan die ander kant was die groepsessies belangrik omdat my epistemologie sê dat mense kennis ko-konstrueer. Ek wou dit benut. Ek het ook gemeen dat afwisselling sal voorkom dat veral die kinders verveeld raak.

My uitgangspunt is een van kennis wat gekonstrueer is deur mense en dat hierdie kennis diskoerse word wat mag verkry oor mense. Mense leef dan binne hierdie diskoerse omdat "dit is soos dit hoort / gedoen word". Om hierdie diskoerse enigsins te kan aanspreek, moet hulle blootgelê en ontmasker word. In 'n narratiewe benadering word dit gedoen deur te dekonstrueer.

### 4.1 Dekonstruksie

In die deel wat nou volg bespreek ek dan dekonstruksie soos ek dit toegepas het. Ek het ook dekonstruksie benut as gereedskap om die deur vir alternatiewe diskoerse oop te maak. Dit het ek gedoen deur 'n spel te skep wat vra na die oorsprong van kennis. Ek breek die bespreking oor dekonstruksie op in kleiner dele. Dit gee, myns insiens, 'n beter blik op die verskeidenheid van diskoerse en aspekte van diskoerse wat ter sprake gekom het.

#### 4.1.1 Dekonstruksie en epistemologie

Die eerste Saterdag se gesprekke is veral bestee rondom sosiale diskoerse, hoe mens tot kennis kom en die invloed wat hierdie kennis en konstruksies op gesinne het. In my epistemologie het ek reeds aangedui dat ek myself binne die sosiale-konstruksie diskoers plaas. Kennis is dan (soos ek aangedui het in hoofstuk 1, paragraaf 1.6) nie die gevolg van

objektiewe waarneming nie, maar eerder die gevolg van sosiale prosesse. Ek is van mening dat waar gesinne begin verstaan dat ons nie met onweerlegbare feite oor gesinwees werk nie, en dat hulle kennis oor die onderwerp sosiale konstruksies is, daar vir hulle 'n wêreld van moontlikhede oopgaan. Hulle besef dan dat hulle huidige kennis nie die alfa en omega oor gesinwees is nie. Hulle is dan meer bereid om nuwe konstruksies daar te stel wat vir hulle werk.

Dit was vir my belangrik om hulle op hul gemak te hou en te laat besef dat hulle in beheer is en dat hulle opinies en kennis waardevol is. My motivering hiervoor lê daarin dat ek my eie mag wou dekonstrueer en dat ek hulle stemme hoorbaar wou maak. Ek het van meet af gepoog om hulle stemme hoorbaar te maak en hulle te laat saam konstrueer. Daarom het ek begin deur hulle te vra watter riglyne hulle vir ons groepinteraksies daar sou wou stel.

### 4.1.2 Dekonstruksie van mag

Wanneer mens met groepe werk, word dit aanvaar dat jy bepaalde vaardighede rakende groepwerk het. Volgens Silvester (1996:234) word dit sondermeer aanvaar dat die groepleier oor goeie fasiliterings- en onderrigvaardighede beskik. Dit plaas oombliklik die groepleier in 'n posisie van mag. Hy/sy is die deskundige wat met hierdie deskundige kennis, vaardighede en middele gesprek gaan voer met die hoorders wat "minder kundig" is. As kennis dan mag is, is die groep (hoorders) by implikasie, (gemeet aan sogenaamde deskundigheid), met minder mag as die groepleier gelaat. Dit is ook waarskynlik dat die groepleier ondersteuning sal bied aan die kultureel-dominante diskoerse. Dit sou kon meebring dat die groep se eie diskoerse onderdruk word (Silvester 1996:234). Ek het deurentyd probeer om my mag te dekonstrueer deur die spreekwoordelike bal terug in hulle hande te plaas. Hiervoor het ek uitdrukkings gebruik soos byvoorbeeld: "Julle is die deskundiges" en/of met 'n vraag die saak terug te plaas in hulle hande.

'n Ander manier wat ek gebruik het om hierdie sogenaamde mag van my te dekonstrueer, was om te aanvaar dat die groep oor baie kennis, op vele terreine verwerf, beskik en dat hulle dit hier sou kon aanwend. In plaas daarvan om voorskriftelik te wees en riglyne vir die groep neer te lê, het ek om bogenoemde redes besluit om af te skop met die volgende vraag aan die groep: "Watter riglyne wil u as groep neerlê vir die groep?" Op die volgende riglyne is ooreengekom (ek het elke riglyn op die blaaibord geskryf en dikwels gevra na die verstaan en betekenis wat die woord vir die groep dra):

Mandy: "Ek dink juis vertroulikheid. Dit gee jou die vrymoedigheid om te praat."

Carlie: "Vertroulikheid. Dat ons kan praat. Wat bedoel ons met vertroulikheid?"

Mandy: "Dat dit wat jy sê, hier bly."

Frances: "Eerlikheid."

Carlie: "Eerlikheid. Wat bedoel jy daarmee?"

Frances: "Dat 'n mens nie iets sal sê om te dink hoe die ander daaroor voel nie, maar jou ware gevoelens weergee. Ek weet nie hoe om dit te stel nie."

Carlie: "Nie te sê wat jy dink ander wil hoor nie."

Frances: "Ja."

Carlie: "'n Mens kan byvoeg deur te sê dat ons nie sal probeer om 'n beter beeld van die gesin voor te hou as wat ons regtig is nie. Sal dit vir u werk? Dat ons nie sal maak asof ons beter is as wat ons is nie. Wat sou nog belangrik wees?"

Mandy: "Ek dink dat die kinders - 'n mens sê altyd dat kinders gesien word, maar nie gehoor word nie, maar die teenoorgestelde: dat ons juis die kinders sal hoor. In my dae word jy groot dat kinders gesien maar glad nie gehoor word nie. Dat ons dit so geborge vir hulle sal maak, dat hulle juis aangespoor sal word om te praat."

Frances: "Dat ons moet luister."

Carlie: "Wat bedoel jy met 'luister'?"

Frances: "Regtig te hoor wat die ander een sê en bedoel. Hoe hy voel."

Gisela: "To accept criticism constructively and not deconstructively."

Carlie: "Criticism. Constructively. Shouldn't we make a rule about criticism too? If you're thinking of challenging a viewpoint?"

Gisela:: "Ja. To critizise in a way not to hurt."

Frances: "Ja. Positiewe kritiek."

Carlie: "Criticism not to hurt. Hoe lyk positiewe kritiek?"

Mandy: "Dis altyd opbouend en nie afbrekend nie."

Die volledige konstruksie waarvolgens ons die verryking sou laat verloop was as volg: Ons sal "vertroulikheid handhaaf"; "nie uitpraat nie"; "ons sal eerlik wees"; "opreg in dit wat ons sal sê";

"nie sal sê wat ons dink die ander wil hoor nie"; "dat ons nie sal maak of ons beter is as wat ons is nie"; "dat ons die kinders ook sal hoor"; "dat ons hulle sal aanmoedig om te praat en dat die kinders wel sal praat"; "don't be shy"; "luister regtig"; *[Hier het ek gevra wat word met luister bedoel]* "om te hoor wat die ander bedoel"; "hoe hulle voel"; "to accept criticism constructively"; "criticism not to hurt"; "opbouend wees"; "positief te praat oor al die dinge" en "don't get angry".

Met die "platform" geskep vir openhartige gesprek kan daar met dekonstruksie rondom gesinwees begin word.

#### 4.1.3 Dekonstruksie van diskoerse rondom gesinwees

Ek het in die werwingsbrief en vooraf gesprekke vir die gesinne gesê dat ek hulle wil help om 'n nuwe draaiboek vir hulle gesinne te skryf. Om dit te vermag moes ek gesprek tussen die onderlinge gesinslede stimuleer. Ek wou sodoende begin dekonstrueer aan hulle huidige gesinsopset. Gevolglik het ek die volgende tipe vrae gevra: "Wat doen julle as gesinne saam? Wat doen julle om julle gesin bymekaar te hou? Hoe gereeld doen julle dit? As julle gesin presies sou bly voortdoen soos tans, hoe sal julle oor twee jaar daar uitsien? Watter goeie dinge sou daar nog wees? Wat sou verlore gegaan het? Watter krapperighede sou dalk ontwikkel in volskaalse probleme?"

'n Ander voorbeeld van dekonstruksie van diskoerse rondom gesinwees kom uit 'n gesprek met die een gesin na aanleiding van 'n terapeutiese brief aan hulle. Die effek wat 'n diskoers op 'n persoon kan hê, word duidelik uit die woorde van Liesl wat moes ontdek dat daar nie iets soos 'n perfekte huwelik is soos sy nog altyd geglo het nie. Die persone van wie se huwelik sy dit geglo het, is geskei. In hierdie gesprek dekonstrueer ek aan diskoerse rondom gelukkig en normaal. Ek gebruik die kaart van eksternalisering deur van "normaal" te praat asof dit 'n persoon buite die gesin is (ek plaas die deel in vetgedrukte letters). Die gesprek verloop as volg:

Carlie: "Julle het as opskrif, nie opskrif nie, maar woorde gekies soos, "uniek wees", "uitstyg".

Mandy: "Wat ek netnou wou sê van uniek wees. Liezl het haar idee van uniek wees, maar my idee was meer. Ek dink, as ek na my kinders se persoonlikhede kyk, dan is dit uiteenlopend. Daar is nie een van hulle wat halfpad dieselfde is nie. En dit maak vir my uniek. Mens het altyd die idee as mense dieselfde voel oor goed en dieselfde dink oor goed, dan kom hulle goed oor die weg. Maar ek dink juis in ons gesin het elke ou sy eie manier van dink en sy eie manier van doen en nie een van hulle kon ek grootmaak soos die ander een nie.

Carlie: "Is dit vir jou positief of negatief?"

Mandy: "Ja! Ja. Ek dink mens druk dan nie jou kinders in 'n blik nie. En jy besef maar hulle is op hulle eie en hulle mag anders wees."

Carlie: "Liezl, hoe voel jy oor uniek?"

Liezl: "Hoe sien ek uniek?"

Carlie: "Jou ma sê jy sien uniek anders as sy."

Liezl: "Ja, ek dink sy ... toe ek uniek gesien het, het ek gedink aan, ons is eintlik uniek om gelukkig te kan wees."

Carlie: "Die uitsondering op die reël? Is dit vir jou goed?"

Liezl: "Baie goed. Maar net 'n bietjie, ek dink, negatief gemaak teenoor die lewe."

Carlie: "Hoekom?"

Liezl: "Want ek dink ek is op 'n punt, al erken ek dit nie maklik nie, maar dat ek dink dat mens, ek dink veral in 'n huwelik, dat mens nie gelukkig kan wees nie. Ek dink ek het dit baie gesien. Al die mense wat ek gedink het het hierdie huwelike wat so standvastig is en toe op die ou einde, nie baie goeie huwelike gehad het nie."

Carlie: "Al die mense?"

Liezl: "Al die mense? Ek dink byvoorbeeld aan oom Hansie en tannie Alta. Ek en Trieksie het so saam grootgeword en ek het gedink daar kan nie 'n beter verhouding wees as daardie twee mense s'n nie. Ek het gedink dis hoe dit moet wees.

Carlie: "Maar hoe lyk daardie 'dis-hoe-dit-moet-wees'?"

Liezl: "Hulle is, hulle is gelukkig. Hulle het goed saam met hulle kinders gedoen. Grappies gemaak. So 'n ontspanne atmosfeer as jy daar kom. Dit was al die tyd ... "

Carlie: "Dit was jou normaal?"

Liezl: "Dit was my normaal. Ja."

Carlie: "**En toe Normaal nie die engeltjie** is wat dit lyk nie, wat doen dit toe aan jou?"

Liezl: "Ek dink dit het my negatief gemaak. Ek dink ek het skrikkerig geraak."

Carlie: "Ken jy mense wat gelukkig getroud is? Werklik gelukkig getroud is?"

Liezl: "Nee, ek het toe op 'n stadium in my lewe gekom wat ek amper daaraan getwyfel het."

Carlie: "Is dit Liezl wat dit sê, of is dit Normaal wat dit sê?"

Liezl: "Seker maar 'n persepsie van Liezl of albei ... " (? onduidelik).

Carlie: **"Is dit hoe Normaal wil hê jy die lewe moet sien?"**

Liezl: "Ja en ek weet ek moet seker besef dat 'n huwelik en gesinslewe nie perfek kan wees nie. Gaan sy 'ups and downs' hê. Dink ek het dit van ons uiterste na 'n ander uiterste toe gevat en hierdie mooi beeld gemaak wat seker nooit so sal kan wees nie."

Eksternalisering help Liesl om afstand te kry tussen haar en haar ou diskoers. Dit open die deur vir verdere dekonstruksie wat persone kan help om ander moontlikhede te kan oorweeg. Vir verryking is dit belangrik, aangesien dit die deur oopmaak vir moontlikhede wat hul as minder beperkend en meer verrykend sal beleef. Die volgende gesprek met Nicky illustreer **eksternalisering** mooi. Nicky het, volgens die gesin, 'n geweldige humeur. Dit was al die bron van menige geveg. Nicky dra waarskynlik 'n onuitgesproke etiket/identiteit as die kwaai een. Let op hoe ek Nicky help om los te kom van hierdie diskoers oor haarself. **Ek karteer ook die effek wat Kwaad op haar lewe het**:

Nicky: "Nie so vinnig kwaad te word nie. Dit vat alles saam."

Carlie: "Okay. Kan ons oor dit gesels?"

Nicky: "Dominee-hulle kan maar gesels."

Carlie: "Hoe gaan jy dit benader?"

Nicky: "Ek weet nie."

Carlie: "Terwyl ek en Nicky hier praat moet die ander dalk dink, kies een daar uit wat jy dink 'n 'real issue' is en begin dink watter aksiestappe gaan ek neem om dit reg te kry. Karin kan solank op haar lysie daar kyk en dink, soos bv. kamer of wat ookal en dink: Hoe gaan ek die kamer netjies maak? Wat gaan ek doen? Watter tye is die beste tye vir my om my kamer bietjie op te ruim ... "

Carlie: "En Nicky? Wat doen kwaad als aan jou? Wat sê kwaad vir jou wat maak dat die "trip switches" gaan?"

Nicky: "Dis my broeder daardie. Dis my roetswartbroer."

Carlie: "Okay. Dis jou roetswartbroer?"

Nicky: "Oom Clive sê dit altyd."

Carlie: "Okay. Hierdie Roetswartbroer, is hy 'nice' met jou of 'bad'?"

Nicky: 'Bad'

Carlie: "Hoe 'bad'?"

Nicky: "Baie."

Carlie: "Hoekom is dit so baie 'bad'?"

Nicky: "Want dit maak mense rondom my seer. Dan sê ek dinge wat ek nie moet sê nie."

Carlie: "Maak mense seer. Sê dinge wat ek nie moet sê nie." [Skryf op blaaibord]

Nicky: "Ja."

Carlie: "Okay. Wat kry Kwaad nog met jou reg? Kos Kwaad jou op ander terreine ook dinge?"

Nicky: "Dit laat my goed sê wat hulle seermaak, dan raak ek kwaad en dan word hulle kwaad en dan probeer ek nog bietjie harder seermaak. Net om die laaste sê in te kry."

[Onduidelik][Liezl: ....bietjie ?]

Nicky: "Los my uit."

Carlie: "So dit probeer jou die laaste sê laat inkry. Wat is die effek wat dit dan het op die verhoudings waarin jy staan?"

Nicky: "Mmmm"

Carlie: "Moet ek dit vir jou anders vra?"

Nicky: "Ja."

Carlie: "As Kwaad kan aanhou om jou Roetswartbroer te wees, as Kwaad kan aanhou om jou lewe oor te neem, en 'n lekker 'grip' op hom te hê, wat gaan van julle gesin word? As Kwaad dit kan regkry?"

Karin: "'Crash, boom, bang.'

[Stilte]

Carlie: "As Kwaad totaal beheer van Nicky kan oorneem en behou … "

Nicky: "Hy sal dit nie regkry nie."

Carlie: "Okay. En as hy dit sou regkry, wat sou van die verhoudings in die gesin word?

Nicky: "Sal onder gaan."

Carlie: "Dink jy Kwaad sou dit graag wou regkry?"

Nicky: "Ja."

Carlie: "Dink jy Kwaad het goeie bedoelings met jou?"

Nicky: "Nee."

Carlie: "Watter verhoudings maak Kwaad nog sleg? Kom ons vergeet die gesin. As Kwaad 'n 'grip' op jou lewe gryp, hierso op die skouer vat, wat maak dit nog sleg in Nicky se lewe?

Nicky(?): "Skool."

Carlie: "Doen Kwaad iets aan jou kuns? Kom ons sê, as jy beneuk is die dag, hoe is jou kuns?"

Nicky: "Dan verf ek nie."

Carlie: "Kan jy nie dan verf nie?"

Nicky: "Nee. Ek doen dan niks nie, al moet ek. Ek doen nie eers my huiswerk nie."

Carlie: "Hoekom nie?"

Nicky: "Omdat ek kwaad is."

Carlie: "Dan kom jy in die moeilikheid?"

Nicky: "Ja. Die moeilikheid kan ek hanteer. Dis môre se probleem."

Carlie: "My punt is: Kwaad maak vir jou die lewe sleg op ander plekke ook."

Nicky: "Ja."

Carlie: "Waar maak Kwaad die lewe nog vir jou sleg? Met jou kuns, met jou huiswerk, skoolwerk. Tussen jou vriende: Hoe maak Kwaad daar? As Kwaad nou regtig sy kop uitsteek in jou lewe in ... "

Nicky: "Hy het nog nie. Nie by my vriende nie."

Carlie: "Hoe het jy reggekry om Kwaad by jou vriende uit te hou?"

Nicky: "Ek kom huis toe en ek praat met Liezl."

Carlie: "Verduidelik vir my 'n bietjie."

Nicky: "As ek kwaad raak vir my vriendinne, dan kom ek by Liezl en dan praat ek my hart uit en dan voel ek beter en dan môre het ek alles vergeet."

Carlie: "Sou dit vir jou 'n taktiek wees wat vir jou werk teen Kwaad? Om so jou hart teen iemand te gaan uitpraat?"

Nicky: "Ek dink so. Ek weet nie. Ek dink amper. Die probleem is ek praat met niemand anders nie. As ek kwaad is vir hulle, moet ek dit vir hulle sê."

Carlie: "Sou jy Kwaad uit jou lewe uit wou hê?"

Nicky: "Ja"

Ek meen dit is belangrik om in gesinsverryking geleenthede te skep om apart met gesinne berading en/of ontwikkeling te doen. Aanvanklik is daar gesê daar is nie groot probleme meer nie. Niks is gesê van Nicky se stryd met Kwaad nie. Die gesprek het dit spontaan op die voorgrond laat bring. Wanneer dit gebeur, moet gesinne gehelp word om dit te hanteer. Sulke werk, meen ek, kan nie altyd in die groot groep sinvol hanteer word nie.

Nou begin ek die grondlaagverf op my collage aanbring. 'n Grondlaag is die "basis kleur" wat al die los dele gaan bind. Ek is van mening dat die diskoerse op grond van die sterk invloed wat dit op alle terreine op ons uitoefen, hierdie funksie van grondlaag sal vervul. McKenzie en Monk (1996:105) het gewys op die belangrikheid daarvan dat die terapeut moet kontrolleer of die

uitkoms waarna toe gewerk word, wel die uitkoms is wat die kliënt begeer. Daarom het ek die groep uitgevra oor hulle konstruksies rondom die woord "verryking". Met ander woorde, ek het begin om die konsep "verryking" te dekonstrueer saam met die groep.

#### 4.1.3.1 Die dekonstruksie van diskoerse rakende verryking

Ek wou probeer agterkom watter sosiale konstruksies hulle deur die jare gevorm het rondom die woord. Dit sou my kon help vasstel aan die einde van die navorsing of hulle wel verryking beleef het. Ek het vrae gevra soos byvoorbeeld: Hoe gaan ons weet of verryking plaasgevind het? Wat sal hulle as verrykend beleef? Hoe het dit gekom dat ons dit hieraan sou wou meet? Wat is u verwagtings van hierdie gesprekke?

Die dekonstruksie het so verloop:

Kobus: "Waarskynlik dan **iets wat 'n mens kan doen wat 'n verbetering** is."

Carlie: "Kom ek vra dit anders: Wat dink julle maak ons vandag hier?"

Kobus: "Maak mens se oë oop."

Carlie: "As ons hulle oë oopmaak, wat wil ons hê moet hulle sien?"

Kobus: "'n Mens kan so maklik 'n paadjie stap wat jy dink alles is reg en so is dit; sonder om te besef dat daar hier of daar 'n ding is wat ander dalk pla. 'n Mens raak gewoond aan mekaar, dalk **weer net 'n nuwe waardering** kry.

Carlie: Mekaar gewoond geraak en nou nuwe waardering vir mekaar kry. Watter alternatiewe woorde sou u nog vir verrykend wou gebruik?"

Mandy: "**Om by mekaar te leer**."

Carlie: "Wat sou ons by mekaar wil leer?"

Gisela: "**Ways of doing things differently**."

Carlie: "If we learn and hear how we can do things differently, what would that bring about?

Gisela: "We can maybe try it out and see if it works for us."

Mandy: "Ek dink ook dat **probleme en frustrasies wat jy ervaar nie so uniek** is nie. Daar is ander mense wat deur dieselfde dinge gaan. Jy is nie alleen in die wêreld nie. Daar is ander wat dieselfde omstandighede het as jy."

Carlie: "Hoe gaan dit my help? Gaan dit my nie meer ellendig laat voel nie ?"

Mandy: "Nee, dan gaan jy voel hulle "survive", so ek kan ook. Hulle is dalk al deur so 'n situasie waarin jy nou is."

Carlie: "Wat sou jy vir hulle wou vra oor die dinge? Sou 'n mens dit so..."

Mandy: "Ja, wat het jy in die situasie gedoen? 'n Mens sou **dan dalk kon sien dat daar verskillende maniere is om uit 'n situasie uit te kom. Verskillende oplossings** waaraan jy dalk nooit gedink het nie."

Carlie: "Oplossings by ander te leen. Hoekom is dit vir u so belangrik om aan te hou om ander dinge te wil sien? Wat sal dit aan u verhoudings doen om ander maniere te vind?"

Clarissa: "**Sodat ons kan groei**."

Carlie: "Daar sal groei kom as ons anders kan sien?"

Gisela: "**I think better understanding**, for instance, a mom can only see one way if her child does something, but if another mom understands, she can let you understand."

Carlie: "Do you think we can get stuck in our ways of looking at things?"

Frances: "Ja."

Carlie: "That we would like to make a mould?"

Frances: "Ja."

Kobus: "Dis nie dat die ou "moulds" juis sleg is nie, 'n mens moet dalk net eers kyk of..."

Gisela: "Renovate the old mould., no **rather upgrade the old mould!"**

Carlie: "Voor ons terugkom by "doing things differently" en anders kyk, kan ek net eers vra, wat sou u as verrykend beleef ? M.a.w. aan die einde van die dag, hoe sou ek weet dat ons verryking beleef het?

Op hierdie vraag het hulle as deskundiges oor hulle eie lewens laat blyk dat hulle verryking sou ervaar het as hulle langer tydperke kon beleef van gelukkig-bymekaar-wees. Vir Kobus sou verryking beteken " ... as jy na vandag, ... instede van net blindweg in 'n situasie in, kan terugstaan en sê, wag, hier is ander maniere, kom ons kyk daarna". En " ... m.a.w. as ek

vandag ander denkpatrone kry, sal dit al klaar vir my 'n resultaat wees." Vir Frances sou dit wees as " ... ons vandag sal leer om meer sensitief vir mekaar te wees, gevoelens, sieninge." Mandy het weer as volg van haar laat hoor: "Dat ons die kwantiteit-tyd wat ons as gesin saam spandeer, kan omskep in kwaliteit-tyd. Ek dink ons as gesin het nie regtig tyd nie, dat ons sal leer om die bietjie tyd wat ons wel het, kwaliteit-tyd te maak, dat die tyd regtig iets sal beteken." Ben: "Ek sou sê dat ons konflik op 'n gesonde manier kan oplos." Op hierdie punt het ek weer begin dekonstrueer aan konflik en sosiale diskoerse.

#### 4.1.3.2 Dekonstruksie van diskoerse rondom konflikhantering

Ek het die gevoel gekry (op grond van die wyse waarop die gesinne vir die onderwerp se bespreking gevra het) dat hulle dink dat daar 'n regte manier is om konflik te hanteer en hulle *moes dit nou leer*. Anders gestel: Ons meet ons teen die konsep van konflik hanteer en nou voel dit vir ons dat ons te kort skiet. Die enigste manier om vas te stel of ek die situasie reg lees, was vir my om navraag te doen. Die antwoorde wat ek terug ontvang het, noop my om 'n aanname te maak, naamlik dat dat daar 'n diskoers bestaan rondom verryking en gesinsgeluk wat sê: "Jy moet die ideale manier van konflikhantering aanleer en bemeester." Ek meen Kobus se opmerking staaf hierdie aanname van my. Ek meen ook dat die volgende vinjette raak illustreer dat gesinne wel oor kennis beskik rakende konflikhantering, maar dat hulle as gevolg van die diskoers (hierbo gemeld) dit nie besef nie:

Carlie: "As jy sê konflik op 'n gesonde manier oplos, sou jy sê daar is 'n manier, 'n "regte" manier ?"

Kobus: "Ja, ek dink daar's verskeie regte maniere. Ek dink dit hang baie af van persoon tot persoon. As daar 'n konfliksituasie kom, en daar sal wees, **en jy wil die persoon aanval, is dit totaal verkeerd**. As jy liewer die persoon eenkant kry en sê; kyk, hierdie konfliksituasie, kom ons kyk hoe ons dit kan oplos ... maar dis maklik gesê."

Gisela: **"Attack the problem, not each other**."

Kobus: "Meeste konflik kom meestal **nie oor wát gesê word nie, maar oor hóe dit gesê word."**

Frances: **"Of oor hoe dit opgeneem word**."

Carlie: "Hierdie regte manier of paar maniere van oplos; hoe laat dit u voel? Oor hiérdie manier van oplos?"

Kobus: "Dis moeilik, want elkeen dink sy manier van konflikhantering is die regte manier ... hier om idees te kry. Ek dink my manier van konflikhantering is wonderlik, terwyl Gisela sal sê 'not a damn'."

Ek sou op hierdie punt vir hulle inligting kon deurgegee het rondom konflikhantering soos wat L'Abate en Weinstein (1987:8) byvoorbeeld doen in hulle programme (sien ook my hoofstuk twee, paragraaf 2.2.1). Ek het gekies om dit nie te doen nie, aangesien 'n subdoelwit (sien hoofstuk een, paragraaf 1.2) van hierdie studie was om te konsentreer op die "lived experiences" van gesinne. Die vinjette hierbo (en wat hierna volg), illustreer dat gesinne wel kennis het oor kommunikasie en konflikhantering.

Die vetgedrukte dele hierbo (en in die hieropvolgende vinjette) kon net sowel aanhalings gewees het uit byvoorbeeld die werk van Daniël Louw (1985:174,175), of Nicky Alpaslan (1994:262). Beide wys daarop dat in konflikhantering jy nie die persoon moet aanval nie, maar die probleem moet pak. Ook dat stemtoon belangrik is: " ... dis nie net wat ek sê nie, maar hoe ek dit sê" (Alpaslan 1994:262).

In een van die speletjies (hoofstuk 4, paragraaf 4.1.2.) het die diskoers rondom konflikhantering weer opgeduik. By daardie geleentheid het ek aan die groep gevra: "As ons hierdie speletjie konflik noem, watter manier sou die maklikste werk om konflik op te los?" (*Met ander woorde, die speletjie dien ook as 'n metafoor om 'n bespreking rondom konflikhantering te bewerkstellig. Konflikhantering was 'n onderwerp wat deur die gesinne in die vooraf gesprekke aangevra is.)* Hulle antwoorde was as volg:

Iemand: "Stem"

Carlie: "Sal ons alle konflik met 'n stem kon oplos?"

Ben: Jy behoort te kan."

Frances: **"Om te praat daaroor."**

Carlie: "Wat kan ons nog doen om daarby uit te kom?"

Mandy: "Ek dink 'n mens kan betekenisse vat en **daaroor praat en redeneer en dan aan die einde van die dag besluit watter een."**

Carlie: "Sou dit nie kan eindig in wie die hardste skree nie?"

Mandy: **"Om 'n tafel sit en daaroor praat** - as dit konflik is."

McKenzie en Monk (1996:107) skryf dat mense aangenaam verras is wanneer hulle ontdek dat hulle oor bevoegdhede beskik wat voorheen onder probleme verberg is. Die vinjette hierbo onderstreep dat gesinne wel oor die nodige kennis beskik.

#### 4.1.3.3 Speel-speel dekonstrueer

Ek het verder gedekonstrueer aan hulle huidige manier van gesinwees. Alvorens hulle werklik nuut kon begin dink oor gesinwees, moes hulle tog immers 'n raakbeeld van hulle eie gesinslewe hê. Bateson (in Monk 1996:7) het gesê dat 'n mens slegs nuwe inligting kan optel as hy/sy dit kan vergelyk met 'n vorige stel inligting. Waarteen sou hulle hul gesinwees kon meet? Teen die een of ander ideale beeld van 'n gesin? Sou dit nie 'n dominante diskoers wees wat nog meer mag oor hulle verkry deur hulle te laat voel ons skiet nog te kort nie? Sou dit nie veel eerder deel kon uitmaak van verdigting as hulle kon sien ons het 'n skuif gemaak van byvoorbeeld A na B nie. Gevolglik het ek gekies om hulle hulself te laat meet teen hulself. Hiermee bedoel ek: Kry 'n duidelike beeld van waar jy nou is en as jy vorentoe terugkyk en 'n verskil sien tussen dan en nou, dan weet jy daar was groei, hetsy negatief of positief. Uit jou vergelyking kan jy dan besluit of dit positief vir jou as individu was, of negatief.

##### 4.1.3.3.1 'n Collage vir 'n kombuisdeur

Ek het aan elke gesin 'n vel karton en 'n klompie tydskrifte gegee. Hulle is vooraf gevra om 'n skêr, pen, kleurkryt en gom saam te bring. Nou het ek hulle versoek om 'n collage van hul gesin daar te stel wat hulle uitbeeld soos hulle huidiglik is: Die Wilsons (1976:42), van wie ek die idee ontleen het, laat elkeen in die gesin 'n mini-collage skep wat iets vertel omtrent hulle gesin. Ek het gedink dat, in die lig daarvan dat gesinne kla oor die min geleenthede wat hulle het om dinge saam te doen, ek hierdie 'n gesinsaktiwiteit behoort te maak. Die gesin moes saam die collage doen en die ouers moes vra hoekom elkeen 'n sekere ding/prent wou inbring. Ek het gehoop dat dit gesprek sou stimuleer en die kinders se stemme meer hoorbaar sou maak vir die ouers. Die volgende opmerkings van Kobus en Ben wys daarop dat die collage wel daarin geslaag het om die gesinslede met mekaar te laat praat en sodoende (een van die subdoelwitte van hierdie navorsing) die kinders se stemme meer hoorbaar te maak.

Kobus: "Definitief. Ek dink dit sou 'n baie goeie tradisie kon raak en dan sou mens kon terugkyk ook oor die kinders se persepsie, van kleuter tot tiener. Baie lekker tradisie daarvan kan maak; kom ons sê elke Kersfees kan die familie so plak."

Ben: "Ek dink dis ook 'n maklike manier om die kinders te laat kommunikeer. Jy kan dan vir hulle vra hoekom hulle juis hierdie spesifieke prentjie in wil hê, en dan kan hy verduidelik waarom hy dit daar wil hê. So kan jy dalk iets optel wat jy nooit eers van geweet het nie."

Mandy: "Wat my ook nogal opgeval het, is dat ek die hele tyd 'n man of 'n leë stoel ook in die prentjie wou inbring, omdat ek gevoel het ek het my kinders iets ontneem, maar die hele tyd het hulle dit weer uitgehaal. Waar ek gedink het dis 'n behoefte by hulle, het dit vir my gewys dat dit juis nie 'n "issue" vir hulle is nie. Dieselfde met Liezl se oog: sy bly probeer om iets in te sit oor haar oog, terwyl die res van ons dit eintlik nie meer raaksien nie. In sulke situasies dink jy dit pla hulle, maar eintlik pla dit nie meer nie, hulle aanvaar jou soos jy is."

Die collage moes die funksie van 'n metafoor vervul. Pearce (1996:xiii) omskryf 'n metafoor, op sy eenvoudigste, as 'n manier om te beweeg van die bekende na die onbekende. Metafore en narratiewe verskaf 'n buffer teen spanning wat ontstaan as gevolg van ervarings, persoonlike vrese, probleme en lewenstorme. Metafore gee, volgens Pearce (1996:xiii), vir mense die geleentheid om, soos hy dit stel, "... to distance themselves from events in their own experiences and become the protagonist in their own lives' narratives. Metaphor and narrative enable them to rehearse potential solutions until they achieve insight and new direction (1996:xiii)." 'n Metafoor is 'n storie wat mense help om die gaping tussen wat is en wat kan wees, te oorbrug (1996:xiii). Die collage was dan die metafoor van hul gesinslewe wat die hier en nou verwoord met die oog op dit wat moontlik kan wees. Op hierdie stadium het die gesinne met die saamstel van die collage waarskynlik nie die "wat-kan-wees" in sig gehad nie. Tog het dit vele verrassings meegebring. Ek gee enkele kommentaar deur:

Mandy: "Waar Frances net nou gesê het dat liefde in die middel van alles staan, het dit my nogal opgeval dat die boom met die geld by ons in die middel staan, Geld speel nogal 'n belangrike rol in ons lewe. Nicky het daarby geskryf : *'If only money could grow on trees!'* en ek dink sy sou dan die hele tyd onder die boom gesit het!"

Kobus: "Dit is 'n visuele prentjie van 'n mens se gesinwees, wat jy nooit aan gedink het nie. Wie sou nou kon dink dat dit sal werk as jy 'n klomp prente uit boeke vat en daar kom 'n prentjie uit . Dis 'n baie goeie idee. Ek dink dis iets wat 'n mens as gesin van tyd tot tyd kan doen en sê : 'Kom ons plak weer die familie'."

Mandy: "Ek dink om te sien dat dit wat vir jou nou belangrik is, dalk oor 'n jaar glad nie meer so belangrik is nie. Ons kyk nou teen geld vas; want ons het nie nou geld nie, maar oor 'n jaar is dit nie meer van belang nie; ons is uit die situasie uit en gaan dan dalk iets anders in die middel sit. Die lewe gaan aan, jy voel jy's nou in 'n put en gaan nooit weer daar uitkom nie; maar tog as jy later terugkyk, het jy dit oorwin en bo jou probleme uitgestyg."

Kobus: "Ek dink, weer eens, ek dink persepsie. Dis vir my 'n baie belangrike ding, omdat ek dink persepsie is baie keer die ding wat iets maak of breek. Hoe jy iets opneem en ek dink dié een dink so of soos jy nou-nou gesê het, sy behoort so te dink, intussen sien sy dit totaal anders. Hierdie collage bring dit nogal uit."

Carlie: "Sou hierdie oefening deel wees van die venstertjies oopmaak en ander moontlikhede sien?"

Kobus: "Ja, dat ek kan sien hierdie het ek gedink is deel van die probleemarea. Ek het so gedink, maar nie een van die ander het so gedink nie."

'n Laaste verrassing was om die collage opgeplak teen een van die gesinne se kombuisdeur te vind. Dis daar, strategies geplaas, om hulle te herinner aan hulle uniekheid. Aangeheg by hierdie verhandeling as addendum 3 is 'n voorbeeld van die collage wat teen die kombuisdeur hang.

Ek het vroeër aangedui (hoofstuk 3, paragraaf 3.3.1. en hoofstuk 4, paragraaf 4.1.2.) dat ek my eie mag wil dekonstrueer met die doel dat ek nie my sogenaamde deskundige kennis op hulle afdwing nie, maar hulle eie stemme hoorbaar maak. Die volgende vinjette illustreer, myns insiens, die waarde daarvan om gesinne se deskundige kennis oor hulle eie lewens na vore te bring. Hulle kennis was vir my waardevol omdat dit uitgewys het dat die trefkrag van die collage geleë is in die verrassingselement. Om die oefening te herhaal (sodat 'n vergelyking getref kan word) sou volgens die gesinne die risiko inhou dat die gesinne die uitslag van die oefening sal probeer manipuleer.

Carlie: "So, ons kan mekaar ook beter leer ken deur dit. Sou ons oor 'n maand of twee weer so iets kon doen en dan kan aflei wat daar in die tydperk gebeur het ten opsigte van verryking?"

Kobus: "Ek dink dit sal te gou wees."

Carlie: "So, ek sou dit nie kan gebruik om te beweer of daar verryking plaasgevind het nie?"

Kobus: "Ek dink nie so nie, die oomblik wat jy dink wat jy doen; hierdie was baie spontaan. Ek dink as jy dit vat vir verryking, dan soek jy self die regte prentjies uit. Dit moet so spontaan moontlik wees - sodra jy dit probeer meet of daar iets plaasgevind het, vat jy die spontaniteit daarvan weg."

Mandy: "Ek dink wel oor 'n tydperk sal jy kan sien dat jou fokuspunt verskuif het. Wat was in die middel van jou prentjie? By ons was dit geld. By Frances-hulle liefde. Jy sal dalk kan sien dat jou fokuspunt verskuif het."

Carlie: "Dink jy 'n mens het dit tong-in-die-kies daar gesit?"

Mandy: "Nee, nie toe ons begin plak het nie. Nadat Frances gesê het dat liefde die middelpunt is, het ek begin dink. Ek dink as jy na die tyd op 'n afstand terugkyk, sien jy eers wat sentraal in jou lewe staan."

Kobus: "Ek wil nou eers kyk wat staan sentraal in ons s'n."

Mandy: "Dit hoef nie noodwendig in die middel te wees nie. Wat vir my nogal uitkom, is dat jy dit vat wat nou sentraal staan in jou lewe. Niemand het dit eintlik besef nie.

Die laaste opmerkings van Kobus en Mandy illustreer die trefkrag van sosiale konstruksies soos ek dit probeer benut het. Die feit dat een persoon iets wat sentraal staan in hulle collage uitgewys het, het meegebring dat twee ander gesinne begin vra het na wat sentraal staan in hulle eie lewens. Indien die groep nie saam in gesprek was nie, sou hierdie konstruksies nie plaasgevind het nie. Vir hierdie doel het ek elke gesin die geleentheid gegee om hulle collage aan die groter groep te verduidelik. Die gesinne moes ook sê wie het watter insette gelewer. Laasgenoemde was om seker te maak dat die kinders se stemme wel hoorbaar word. Een van my aanvanklike doelstellings was om die kinders deel te maak van die konstruksie. Hulle moes saam skryf aan 'n nuwe draaiboek.

As Bateson (1996:7) korrek was (en ek glo hy was) met sy stelling oor die verwerf van nuwe inligting deur te vergelyk met ou kennis, dan maak dit sin om te vra hoe het die ou kennis in die eerste plek tot stand gekom? Hoe kom mense tot kennis? Is hierdie kennis die gevolg van die ontdekking van die een of ander werklikheid of is dit sosiaal gekonstrueer? In die vinjette hierbo weergegee, is dit opmerklik dat die gesinne ko-konstrueer. Byvoorbeeld, Mandy maak 'n opmerking oor iets wat sentraal staan en skielik soek almal na wat sentraal in hulle lewens staan.

Anders gestel, 'n magdom vrae het by my ontstaan: "Wat is die werklikheid? Ken ons dit? Gaan die werklikheid verskil van mens tot mens? Het dieselfde muntstuk nie dalk meer as net twee kante nie? Sou daar nie 'n ander benadering vir gesinsverryking ontwikkel kon word wat hierdie 'realiteite' of verskillende werklikhede kon versoen nie?" In hierdie sessie wou ek die gesinne begin bewus maak dat daar alternatiewe maniere van gesinwees bestaan. Dat ander sosiale groepe ander konstruksies oor gesinwees sou kon hê en dat hierdie of ander konstruksies nie noodwendig meer korrek is as die ander nie.

#### 4.1.4 Al spelenderwys opsoek na die ontstaan van ons kennis

Hierdie aktiwiteit is gesamentlik in die groot groep uitgevoer. Die doel met die gebruik van speletjies was om deur die speletjies interaksie te bewerk tussen gesinslede wat heel moontlik weinig tyd saam deurbring of parallel saam verkeer sonder om aandag aan mekaar te gee. Dit laat hulle ook as span saam funksioneer. In die geval van hierdie spesifieke speletjie was die doel ook om die groep iets te laat ontdek van sosiale konstruksies.

**Speletjie 1**. Reëls: Ek gee 'n paar woorde en elkeen skryf op 'n papier sy definisie (of wat die woord beteken) neer. Na elke woord vergelyk ons die definisies. Elke regte "definisie" kry een punt. Die gesin wat die meeste regte definisies gegee het (meeste punte het) wen. Die woorde is: "Karmenaadjie; iemand op sy karmenaadjie gee; karet; poespas en perk".

Die HAT se verklarings van die woorde is gebruik as maatstaf. Na wenners aangewys en met 'n sjokolade beloon is, het ek 'n paar vrae aan die groot groep gestel. Wat leer ons uit hierdie speletjie? Watter invloed het tyd, plek en agtergrond (jou eie en ander s'n), op hoe jy 'n woord gebruik of iets verstaan? Wat sou gebeur as ons dit wat ons hier geleer het toepas op ander kennisvelde? Byvoorbeeld (*Trek laaste woord op blaaibord dood en skryf dan*) "gesin", of "ma-wees". (Ek dekonstrueer hier aan diskoerse rondom gesinwees asook diskoerse oor rolverdelings.)

Die gesinne was dit eens dat dit 'n verskil sou maak aan jou verstaan van die woorde as jy in 'n ander tydperk en selfs net op 'n ander plek, byvoorbeeld op 'n plaas en nie in die stad nie, geleef het. Dinge soos rekenaars en e-pos kom nuut by. Aan die anderkant het tye verander. Soos Kobus dit stel: "Byvoorbeeld, karmenaadjie, jy slag nie meer op die plaas en gee 'n karmenaadjie vir die bure nie." Ander het gevoel dat dit wat jy vandag in jou gesin doen en beleef, dit is wat jy weet. Almal kyk ook anders na die woorde; met ander woorde daar is vier verskillende maniere van kyk na 'n woord. As ons dit terugneem na die situasie in die huis, is daar altyd vier kante aan 'n saak. Hulle het ook gemeen dat dinge van lank gelede wel 'n invloed het, maar dit hoef nie te hê nie, want tye het verander. Daardie jare het mense vroeg geëet, want dan is dit donker en jy moet kerse aansteek; maar met elektrisiteit is dit heeltemal anders. Daar is sekere gebruike, hulle wou nie sê waardes nie, sekere rituele, wat nie meer van waarde is nie omdat tye verander het. In hulle ouers se tyd mag jy byvoorbeeld glad nie op 'n Sondag boek gelees het nie. Jy gaan kerk toe, kom terug, en dan mag jy die Bybel gelees het. Hulle het daardie tyd gevoel dat dit is hoe dit hoort! Nou voel ons anders daaroor.

Ek het gevra na die effek wat die verandering in tye op ons gesinne het. Die groep het gemeen dat hulle hul gesinslewe steeds inkleur volgens wat hulle in hulle ouerhuise gesien het. Kobus was taamlik uitgesproke hieroor en het gesê: "Ek dink in 'n groot mate is dit hoe jy jou

gesinslewe hardloop; in die opsig van, jy het sekere voorbeelde gesien en nou glo jy daardie voorbeelde is reg; en dit net omdat jy nie werklik blootgestel, ge-'expose' is, aan ander moontlikhede nie." Van die ander het hierby aangesluit en daarop gewys dat jy sekere voorbeelde nie navolg nie, omdat jy dink jou ouers verkeerd gedoen het. Die waarde van gesinsverryking lê dan ook vir hulle in die verkry van ander idees. Dinge waaraan jy nooit gedink het nie. Volgens Ben kan mens " ... dalk hoë waarde aan iets heg, soos Kobus gesê het, 'n mens gaan dalk vroeg eet omdat daar nie elektrisiteit was nie. So, 'n mens heg dalk waarde aan iets, maar jy weet self nie waar dit vandaan kom nie. So, eintlik is dit nie so belangrik as wat jy gedink het dit is nie."

Ek het gevra: "Sou dit help as ons kan uitwerk waar sekere kennis vandaan kom? Hoekom doen ons dit? U ken die storie van die wildsboudjie, waar hul vir die vrou gevra het hoekom sy daardie deel van die boudjie afsny. Sy sê toe jy moet dit doen. Hoekom? Nee, sy weet nie, haar ma het dit altyd gedoen en haar ma se ma ook. Toe hulle op die storie ingaan, want al drie die vrouens doen dit; kom hulle toe agter dat die Ouma se pot te klein was. Ander het dit oorgeneem. My vraag is heel rustig: Hierdie kennis wat ons so oorneem, is dit altyd goed vir ons?"

Die groep was baie duidelik hieroor: Dit is nie noodwendig altyd goed vir hulle nie. Hierdie "oorgedraagde kennis" kan konflik veroorsaak, veral omdat die huweliksmaats uit verskillende ouerhuise uitkom. Prakties sien hulle ook probleme in die hantering van sake romdom hulle kinders. Mandy, byvoorbeeld, het gesê: "Definitief. Ek dink ook aan iets waaraan ons baie skuldig is, veral teenoor ons kinders. 'n Mens sê baie vir jou kinders: 'Toe ek so oud soos jy was moes ek nege uur in die huis gewees het, of ek mag nie hierdie program op TV gekyk het nie.'" en " ... ek dink dat 'n mens tradisie vat wat so met die jare oorkom, en dat dit nie altyd goed is en van toepassing op die huidige is nie."

'n Ander voorbeeld rondom diskoerse uit die samelewing en hoe dit meewerk tot konflik, is geleë in die benadering tot die grootmaak van kinders. Die groep, wat die voorbeeld self opgehaal het, meen dat hulle ouers graag vir hulle probeer voorsê hoe hulle hul kinders moet hanteer en dat dit spanning teweegbring. Aan die anderkant moet daar iewers 'n streep getrek word. Tussen al die alternatiewe wat daar is, het die groepslede gevoel, dat jy iewers 'n keuse moet maak. In die maak van die keuse moet jy inagneem hoe die ander lede van die gesin daaroor dink en voel, maar op die ou einde moet iemand 'n finale besluit neem. Ek het gevra hoe hulle by hierdie slotsom uitgekom het. Dit was duidelik uit die antwoorde dat ons hier weer eens met 'n sosiale diskoers te make het. Kobus het dit so verwoord: "Ek weet nie, ek het in 'n huis grootgeword waar daar oor enige ding gepraat kon word en dit was lekker om te praat, te redeneer oor 'n ding. Met my ma-hulle kon jy jou saak gestel het, en dan, as dit reg is, dit doen, maar aan die einde van die dag het hul besluit die deurslag gegee, As hulle as grootmense

besluit het na aanleiding van hulle ondervinding en kennis, het hulle die finale sê gehad en jy moes daarby berus. Ek stem daarmee saam, want 'n mens moet tog sekere perke hê - iemand moet dit stel."

In my reaksie hierop wou ek hulle teruglei na die praktyk van hul gesinslewe en die effek wat diskoerse op hul as gesinne het. Ek het die bal teruggeplaas in hulle hande deur te vra: "Wat doen kennis wat uit die ou tyd kom, kennis wat nie tred hou met die veranderde wêreld en lewenstyle nie, byvoorbeeld die rol van die vrou, die rol van die man, hoe ons kinders sien, hoe ons tieners sien, hoe ons Oupas sien ...? Wat doen dit aan mense?" Kobus se antwoord meen ek verwoord die groep se gevoel raak: "Ekskuus, dis waar die hele ding interessant raak. Aan die einde van die dag moet jy probeer, of die gesin moet probeer bepaal wat goed is uit die verlede en wat huidig is goed. Want ek sal baie sterk daaroor voel dat goed in die hede nie noodwendig goed is nie, en nou kom die groot kuns van gesinwees, naamlik om te probeer bepaal wat goed is en wat nie is nie. 'n Mens kan voel dat die vrou deesdae werk: is dit goed aldan nie. Kom dan terug, maar dit is noodsaaklik, want anders kan die gesin nie oorleef nie."

Ek is van mening dat dit nie genoegsaam is om bloot die effek en houvas wat deur diskoerse op gesinne se lewens verkry word, uit te lig nie. Daar moet 'n besef ontwikkel word van die sosiale konstruksies wat kennis uitmaak. Sodra gesinne besef dat kennis sosiale konstruksies is, meen ek verkry hulle die vryheid om te werk aan nuwe konstruksies vir hulle lewens wat meer tred hou met die tyd waarbinne hulle leef. Daarom het ek die **tweede speletjie ingespan**. Met hierdie speletjie wou ek hê dat hulle moet ontdek dat sekere kennis vanweë sosiale konstruksies mag verkry oor ander kennis wat deur 'n minderheid gesteun word. Die speletjie het ook die geleentheid gebied om 'n gesprek oor konflikhantering te voer. Konflikhantering is 'n diskoers wat telkemale opgeduik het in die groep.

**Speletjie 2**: Reëls: Elke gesin moet 'n nuwe woord skep. Ek gee vir u letters en u moet 'n nuwe woord skep, enige woord. Ek wil nie 'n woord hê wat jy in die woordeboek sal kry nie. Jy mag ook nie die letters twee maal gebruik nie, maar jy hoef nie al die letters te gebruik nie. Dit moet dus 'n splinternuwe woord wees, sonder enige betekenis. Elke gesin moet dus een woord skep. Die volgende stap is om vir elke woord 'n definisie te skep. Daarna het ek gevra: "Hoe gaan ons by een definisie uitkom wat ons kan ingee?"

Frances het gesê: "Stem." Iemand anders: "Die een wat die hardste skree?" Ben: 'In 'n hoed gooi" en "arbitrasie gebruik". Mandy: "Ek is jou ma, ek sal sê – magspeletjie."

Nadat die groep besluit het hoe mens die kies van 'n regte verklaring vir die nuwe "woord" kon benader, wou ek by hulle die volgende weet: "Wat word nou van die ander betekenisse? Beteken dit dat die betekenis wat die meerderheid voorstaan meer korrek is as die ander

mense s'n? Hoekom nie? Sou ek dan, as ek wou, kon kies om 'n ander manier van gesinwees te kies, al stem dit nie ooreen met hoe die mense sê 'n gesin moet wees nie?" Hulle antwoord was onomwonde: "Ons gooi die ander betekenisse weg. Slegs die een wat ons as groep voorstaan sal dekking geniet. Dit beteken nie dat die ander betekenisse ongeldig of verkeerd is nie. Nee, dit beteken slegs dat die een betekenis wat ons as groep gekies het, al een is wat *aanvaar gaan word. Jy kan wel een van die ander gebruik, maar ons gaan dit nie aanvaar nie.*"

In 'n volgende deel het ek gevra: "Dit wat jy in jou lewe geleer het, waar het jy dit geleer? Watter rol het vriende / onderwysers/ ouers hierin gespeel? Wat het jy by die skool geleer behalwe skoolwerk? Wat het jy by politici / doktors/ sportmanne geleer? Watter invloed het dit op jou gehad? Wat is die nuutste statussimbole?" Soos u kan sien, gaan dit steeds oor dekonstruksie van diskoerse. Nou meer gefokus op die effek wat dit in hulle lewens het. Anders gestel, in hierdie tipe vrae het dit gegaan oor wie skryf wat in hulle draaiboeke. Joan Atwood (1996:xvi) skryf dat haar boek se mees basiese uitgangspunt dié is dat mense draaiboeke leef. "Human beings expect their lives to follow certain scripts, and they make efforts to follow these scripts. Human beings try to make their experiences congruent with these scripts, sometimes even reinterpreting their reality so as to make it fit them better." Volgens Atwood (1996:xiv) sal ons hierdie draaiboeke kan herken. Dit is die "goeie-ma-draaiboek" en die "gelukkige-gesin-draaiboek" en die "draaiboek-oor-die-wonderlike-betrokke-vader."

Van hieraf verder wil ek dan hierdie draaiboeke uitmekaarhaal (dekonstrueer). Die doel is nie om dit te vernietig nie. Eerder om gesinslede te help om te herken waar hul rolvertolkings vandaan kom en wie het wat ingeskryf in hul draaiboeke. Gerat met hierdie kennis, kan hulle 'n nuwe konstruksie daarstel wat vir hulle as gesinne sal werk. Een van die sake wat hulle vooraf gevra het ek ter sprake moet bring, was rolverdelings. Ek het gemeen dit sluit goed aan by die *voorafgaande waar diskoerse bespreek is. Om die groep te kry om eers self te dink oor hierdie* onderwerp, het ek hul gevra om elkeen op 'n vel papier die volgende vrae te antwoord: "Hoe verskil mans en vrouens van mekaar? Wat is 'n man se werk in die gesin en wat is 'n vrou se werk? Wat weet ons van hoe kinders deesdae is?" (*Gevolg deur pa's, ma's, mans, vrouens, oupas, oumas en tieners?*) Die wat nie kan skryf nie, kan teken en later vertel. Daarna het ek terugvoer gevra in die groot groep en die antwoorde op 'n blaaibordvel geskryf.

#### 4.1.4.1 Etikette as bewaarders van sosiale konstruksies

'n Rol wat soms aan mense toegeken word, is die rol van swartskaap, of witbroodjie, of ... (voeg in 'n bynaam wat dalk negatief beleef word). Ek meen dat dit belangrik is om ook hierdie "rolle" (etikette) te dekonstrueer, aangesien dit beperkend beleef mag word deur die ontvanger van die etikette. Ek het afgeskop met 'n gesegde as metafoor, naamliks in Engels is daar 'n gesegde "You can't teach an old dog new tricks". Ek het bespreking uitgelok oor wat hulle

meen die betekenis van die gesegde is. Ek wou weet of hulle daarmee saamstem. Met 'n stukkie graffiti wat ek bygevoeg het ("That is an insult to an old dog") het ek die metafoor tot die spits gedryf. Die gesprek is gesentreer om drie verdere vrae: "Dink u nou anders oor die eerste gesegde?" "Hoe anders?" en "Dink u dat dit wat mense sê die 'old dog' beperk in dit wat hy/sy kan bereik en wees?"

My idee agter dit alles was dat elke gesinslid oor positiewe subjektiwiteite (karaktereienskappe) beskik wat kan bydra tot die verryking van die gesin. Hierdie subjektiwiteite moet na vore gebring word en deur die ander lede beklemtoon word. Gesinslede is dikwels meer bewus van negatiewe subjektiwiteite en gedrag in mekaar wat hul as irriterend beleef. Hierdie dinge word die maatstaf waarmee ander gehanteer word. Byvoorbeeld, wat kan jy anders van die swartskaap verwag? Dit sal positief beleef word as die ander gesinslede jou sterk punte uitlig. In ons verkry van kennis is dit juis die konstruksies van ander wat 'n geweldige invloed op ons uitoefen. Dit sou kon meebring dat die positiewe, eerder as die negatiewe, die dominante verhaal word. Vanuit my ervaring met huweliksverrykingsgroepe, vermoed ek dat bitter min gesinne die moeite doen om konstant te fokus op hul sterk punte en op dit wat hul naby aan mekaar laat voel. Hul doen waarskynlik min van die dinge wat hul as verrykend ervaar vanweë omstandighede. (Ek het in huweliksverryking opgemerk dat egpare makliker tien eienskappe van hul maat wat hul as negatief beleef kan lys, as wat hulle tien positiewe eienskappe van hul maats kan lys. Ook wat betref die dinge wat hul as verrykend beleef: Hulle weet wat hul behoort te doen, maar doen dit selde).

Met die effek van die metafoor as basis, het ek nader beweeg na die praktyk van hul lewens. Ek het gevra dat hulle moet terugdink aan hul kinderdae. Watter dinge is daar wat hul vandag nog glo van hulself, wat die gevolg is van wat mense oor hulle gesê het? Hoe het hulle gevoel as mense hulle "label"? Watter etikette hang mense mekaar om die nek in gesinne? Ek het die voorbeeld van die spreekwoordelike swartskaap gebruik en toe gevra: "Wat sal dit aan ons gesinwees verander as ons anders oor mekaar begin praat en dink? Sou die spreekwoordelike swartskaap kan verander?" In 'n poging om nog nader aan die praktyk van hulle gesinslewe te beweeg het ek gevra: "Hoe praat ons in ons gesinne van mekaar?" Dit het ek opgevolg met 'n versoek: "Maak iewers 'n nota van wie dra watter etiket in u gesin." Daarna het verdere bespreking gevolg rondom die vraag: "Wat is die effek wat etikette op mense het? Wie se verantwoordelikheid is dit om die etikette te verander/te verwyder? Wie moet die inisiatief neem?"

'n Mens kan nie help om te wonder oor wat dit wat die meerderheid sê, aan mense doen nie? Ek wou nog verder dekonstrueer rondom die sosiale diskoerse en die effek van hierdie diskoerse op die gesinslede. Vanweë tyd wat besig was om uit te loop, het ek egter volstaan by dit wat reeds in die verband gedoen is. Wat ek nog sou wou vra, was vrae soos: Dit wat jy weet

van gesinwees, waar het jy dit geleer? Hoe het jy dit geleer? Gesien?, Gehoor? Is jy voorgesê? Watter rol het jou ouers hierin gespeel? Vriende? Ander mense? Wat het jy by die kerk geleer oor gesinwees? En by die skool? Watter invloed het dit op jou uitgeoefen? Hoe beinvloed dit jou gesinslewe vandag? Watter dinge doen julle presies soos in julle ouerhuise? Is dit die enigste manier om na gesinwees te kyk? Julle kom tog uit twee verskillende ouerhuise uit, dus is daar reeds twee maniere van doen. Watter ander maniere van gesinwees weet julle nog van? Wat maak dit moeilik in ons samelewing vir gesinne om hegte bande te handhaaf?

Wat behoort 'n man se rol in die huisgesin te wees? Is daar dinge wat dit moeilik maak? Wat help om hierdie dinge teen te werk? Wat is die vrou se rol in 'n gesin? Hoe het dit gekom dat hulle so oor die vrou se rol dink? Wat sê die mans is 'n vrou se plek in die huis en gesin? Wat sien die vrouens as hul rol? Wat verwag kinders van hul ouers? Hoe moet ideale ouers wees? Wat kan kinders doen om hul gesinne te versterk? (Vraag gerig aan kinders: Wat sien kinders is Pa / Ma se rol in die huis?) Watter effek het dit op elkeen se lewe? Waar het julle vir die eerste keer bewus geraak van die effek wat dit op julle lewens het? Is hierdie effek positief of negatief vir julle?

### 4.2 Bloudruk: nuwe diskoerse vir elke gesin

Tot hiertoe is moeite gedoen om deur middel van dekonstruksie en speletjies die huidige dominante diskoers rondom hulle gesinwees bloot te lê. Hiermee moet egter nie volstaan word nie. Hudson (1999:75) wys in 'n omskrywing van narratiewe terapie daarop dat persoonlike probleme gegenereer word deur sosiale-, kulturele- en politieke kontekste. Elke persoon interpreteer sy lewe vanuit die stories wat beskikbaar is in hierdie kontekste. Om verandering mee te bring moet die gesin gehelp word om te "... 'redescribe' themselves, through their own stories, to take responsibility for their own scripts (1999:75)." Die terapie beweeg, volgens hom, vanaf die gegewe verhale na alternatiewe verhale. In my benadering tot gesinsverryking beweeg ek dan nou vanaf die diskoerse wat tot hiertoe blootgelê is, na die skryf van 'n alternatiewe diskoers vir elke gesin. Dit is gedoen deur verder te dekonstrueer aan hulle huidige vorme van gesinwees.

Elke gesin is gevra om die volgende te bespreek: "Wat in hulle huidige manier van gesinwees is vir hul positief?" Ek het weer eens gewys op die belangrikheid dat die kinders saampraat: Laat hulle alles noem wat vir hulle lekker en goed is aan hulle huisgesin. Wat voel hulle bou aan gesinsverbande? Wat werk vir hulle?

Ek het gevra vir terugvoer in die groot groep, waarna ek gevra het na wat hulle gehoor het wat vir hulle sin maak of wat hulle dink hulle kan probeer? My epistemologie was hier bepalend:

Met die terugvoer in die groep was die idee dat daar saam gekonstrueer word aan alternatiewe moontlikhede en dat gesinne hierdie konstruksies sou wou inbou in hul eie gesinsdiskoerse in.

Tussen die twee Saterdagsessies het ek 'n paar opdragte vir hulle gegee. Ter wille van die kleiner kinders het ek dit "huiswerk" ('n skoolterm waarmee hul bekend was) genoem. Die huiswerk is gekies om ten eerste die gesprek tussen die kinders en hul ouers verder te stimuleer en tweedens om met behulp van 'n metafoor die gesinne te begelei in die skryf van 'n eie diskoers. Die metafoor wat ek hier gebruik, is 'n gesinslied. Anders gestel, elke land het 'n volkslied wat iets verwoord van die land se mense en aspirasies. Die gesinslied moes iets van elke gesin se aspirasies en drome verwoord. Die huiswerk was as volg:

- **Huiswerk 1: "**Teken 'n stamboom van u gesin. Kinders, julle word aangestel as speurders. Julle is privaatspeurders. Julle opdrag is om ondersoek te doen na wie almal deel van julle familie is, wie hulle is, watter interressante stories oor hul vertel kan word. Vind ook uit hoe het Pa en Ma mekaar ontmoet. Hoe was hulle eerste ontmoeting. Waar het dit plaasgevind? Hoe het dit gekom dat hulle met mekaar getrou het? Hoekom het hulle nou juis hierdie man of vrou gekies as lewensmaat? (Met ander woorde: Wat was vir hulle belangrik in hulle keuse? Vir watter waardes het hulle gesoek en watter waardes is nou vir hulle belangrik?) En ouers, julle moet nie inligting verswyg nie. Julle sal aangekla word van regsverydeling. Maak tyd om die speurders by te staan. Help hulle met 'n stamboom om vanaf te werk." Hierdie idee is ontleen uit die werk van Russell en June Wilson (1976:38,42).

- **Huiswerk 2: "**Kies 'n liedjie wat iets sê van julle gesin. Dit moet iets soos 'n volkslied wees, net hierdie keer 'n gesinslied. Julle kan enige liedjie bring of self een skryf en dan kom sing."

### 4.2.1 Landskapskilderytjies

Dit is moeilik om in 'n groot groep te fokus ("to zoom in") op een gesin se vonkeloomblikke (oomblikke in die verlede waaroor hulle positief voel) met **landskap-van-aksie-vrae** en dan hul vonkeloomblikke aan mekaar te verbind in 'n nuwe verhaal ten aanskoue of tot frustrasie van die ander gesinne. Gevolglik het ek die gesinsliedmetafoor gekies om dit te vermag: In hul terugvoer aan die groep moes hul hul keuse(s) vir die lied motiveer. Dit het die geleentheid gebied om landskap-van-aksie- en **landskap-van-identiteit-vrae** te vra sonder om iemand ongemaklik te laat voel of ander te verveel. Die volgende vinjette dien as illustrasie:

Ben: "Ons het nog nie juis konsensus bereik oor een liedjie nie, maar een wat ons ernstig oor voel is daardie liedjie in die 'Sing Onder Mekaar': 'My enigste troos in lewe en in dood, is dat ons aan Jesus Christus behoort.' Maar almal is nog nie so tevrede dat dit ons liedjie moet wees nie. So ons sal nog aan 'n ander werk of dalk nog ons eie liedjie skep."

Carlie: "Wat was ander moontlikhede wat al ter tafel gekom het?"

Clarissa: "Vir my was dit daardie liedjie 'You are the Wind beneath my Wings'. Ek kon dit nou net nie gekry het nie."

Carlie: "Hoekom het jy juis aan hom gedink?"

Clarissa: (onduidelik) "... ons mekaar ondersteun en aanmoedig en ... "

Landskap-van-aksie-vrae en landskap-van-identiteit-vrae bring volgens Morgan (2000:68) mee dat waardes, verbintenisse ("commitments"), begeertes, bedoelings en sterk punte na vore gebring word. Hierdie inligting word gebruik in die skryf van 'n nuwe diskoers. Die skryf van 'n nuwe diskoers vir elke gesin het ek aangehelp deur elke gesin afsonderlik te besoek en gesprek met hulle te voer. By hierdie geleentheid kon hulle enige probleme wat hulle gehad het, ter tafel bring. Ek moes 'n onderneming gee dat die deel van die gesprekke vertroulik sou bly. Van een gesin het ek toestemming ontvang om wel hiervan weer te gee. Ek het van hierdie inligting in hierdie hoofstuk gebruik.

'n Deel van die gesprekvoering het ek benut om vir elke gesin 'n nuwe diskoers te begin skryf. Ek het dit as volg benader: Op 'n blaaibord het ek met die gesinne se hulp elke gesinslid se sterk punte gelys. Van Mandy, byvoorbeeld, is gesê: "Sy het die vermoë, as sy in 'n goeie bui is, om almal om haar in 'n goeie bui te sit. Maak nie saak hoe jy voel nie." "Sy kan baie, baie lekker kos maak." "Sy staan by 'n mens in moeilike tye." "Sy kielie my as ek kwaad is." "My ma stel belang in 'n mens. En sy plaas ander voor haarself."

Van Liezl is gesê: "Sy sal ander mense voor haar stel. Ten koste van haarself. Sy dink altyd aan ander." "Sy luister laat in die aande na my." "Sy het 'n manier om mens gelukkig te maak." "Atha kan nogal baie goed luister." "Sy verskaf vir my kos in die middae." "Sy is lief vir almal." "Sy is maar eintlik die tweede ma."

Ek het dit opgevolg met landskap-van-aksie- en landskap-van–identiteit-vrae: "Hoe voel dit as hulle mooi dinge van julle sê? Sou dit lekker wees om dit meer te hoor? Meer kere te sê? Sou dit julle gesinwees verryk?" Die gedagte is om hier iets van die stereotipes of etikette af te breek. Dit kan ook meewerk tot 'n hernude waardering van mekaar, asook om identiteit te bou. (Neem in ag dat my epistemologie sosiale konstruksie is. Wat en hoe mense met mekaar praat en waarop hulle ooreenkom, maak tog deel uit van elke mens se subjektiwiteit.) "Oor watter talente/gawes beskik julle as gesin (individue)? Wie is julle helde? Hoekom? Sou julle sulke eienskappe deel wou maak van julle gesinwees (Covey 1997:89)?"

In die skryf van 'n nuwe diskoers vir die gesin het ek gevra na moontlike positiewe bydraes wat elkeen van hulle kans gesien het om te maak. Let op die vraagstelling. Ek het op die ry af gegaan en elkeen gevra: "Wat dink jy sou hulle wou hê moet jy doen om dit lekkerder in die huis te maak?" Epston (1998:61-68) skryf oor hierdie lyn van vrae-stel as dit kom by strydende partye. Dit verhinder dat die terapeut regter moet speel. Epston het gevind dat dit mense op 'n ongewone wyse laat reflekteer, terwyl die ander baie fyn ingestel is op luister. Ek wou in hierdie geval elkeen laat reflekteer oor haar bydrae tot die gesin, terwyl die ander dit hoor waaroor hulle altyd kla. Hulle response was:

Liezl: "Wat kan ek doen? Ek dink ek kan nie my moegheid saam van die werk af bring nie." "En ek dink ek moet meer luister. Net, ek het nou die dag gesien Karin was in 'n verskriklike bui en almal het baklei en ek het haar net gevra om by te kom sit en vertel wat sy die naweek gedoen het. Sy was so opgewonde om te praat ... " "Ja. Net om te kan praat. Sy het so 'n groot behoefte gehad. Ek luister nie genoeg nie. Veral teenoor Karin." "Ek kan haar *[Nicky]* help om haar kamer netjieser te hou."

Mandy: "Wat kan ek doen?" "Ek dink, dalk beter kosmaak." "Okay, meer kos maak." "Umm. Karin help met haar huiswerk." "Vir Nicky sal ek vroeër in die oggend wakker maak." "Dan hoef ons nie so te jaag nie."

Nicky: "Nie so vinnig kwaad te word nie. Dit vat alles saam."

Ek meen dat dit (die vraag en antwoorde) geslaagd was, veral omdat dit by die ander 'n gevoel gelaat het van "ons is gehoor". Die persone het elkeen onderneem om iets te doen waaroor die ander al gekla het.

Retrospektief gesien sou ek dalk die volgende iewers wou bygewerk het: "Wat is vir julle as gesin belangrik? Wat wil julle (praat met die kinders) sien gebeur in julle gesin? Watter tipe aktiwiteite sal julle as ouers graag wil doen?" Hiermee sou ek dan kon begin werk aan 'n gesinsmissiestelling. Ek dink hier in terme van Covey (1997) se stellings van waardes wat as 'n kompas kan dien. Ek dink dat gesinne dit verrykend sal beleef om self te besluit oor wat hul in hul gesinstorie wil hê en wat nie. 'n Gesinsmissie kan 'n manier wees om samelewingsdiskoerse se effek te beperk in hul lewens. Hoe wil ons graag met mekaar praat? Watter tipe atmosfeer wil ons graag by die huis hê (Covey 1997:89)?

Enige nuwe diskoers moet versterk of verdig word. Morgan (2000:74) sê dat dit moeilik is vir mense om verbind te bly aan 'n nuwe verhaal wat nog aan die ontwikkel is. Maniere moet gevind word om hierdie verhaal op die voorgrond te hou. Maniere wat Morgan (2000:74) gebruik om 'n verhaal te verdig, is om 'n gehoor te skep van mense, rituele, notas van sessies

en die skryf van briewe. In die volgende paragrawe illustreer ek die gebruik van hierdie "middele" om verdigting te bewerk.

### 4.2.2 Verdigting

Van hieraf, in die taal van my metafoor van die navorsing as 'n collage, begin ek besluit in samewerking met die gesinne, watter kleure en detail ons wil uitlig in die "collage" wat ons skep. Dit maak van die collage is 'n groepswerk en nie 'n een-manstuk nie. My uitgangspunt was van meet af aan dat hierdie 'n ko-konstruksie sou wees: ek sou saam met die gesinne ko-konstrueer aan gesinsverryking. Die samewerking van die gesinne is belangrik omdat die nuwe diskoers vir hulle 'n positiewe diskoers moet wees. McKenzie en Monk (1996:104) en Morgan (2000:74) wys daarop die kliënt (gesin) self moet besluit of 'n nuwe diskoers vir hulle gunstig is, al dan nie.

#### 4.2.2.1 Briewe as verdigting

In die tydsverloop tussen die twee Saterdae se ontmoetings het ek aan elke gesin 'n brief geskryf waarin ek aanhaal uit die verbatims van die twee Saterdae se gesprekke. Die aanhalings is gemik op probleme of sake wat die gesin in die voorafgesprekke aangeraak het. Ek het ook vir hulle die volledige verbatims gestuur en hul versoek om dit te lees en my te laat weet of hulle dink dit 'n getroue weergawe van die gebeure is. Aan die een kant sou dit my help met die navorsing. Aan die anderkant sou dit geheues verfris en sou die herlees van wat gesê is, die geheueprosesse bevorder en verdigting meewerk. Met die toestemming van een gesin gebruik ek die brief aan hul gerig, asook die vinjette uit die gesprek met hul gesin om die waarde van hierdie briewe te illustreer.

In hoofstuk twee (2.3.4.) het ek die doel van terapeutiese briewe verduidelik. Hier benut ek dit om die storielyn te verdig, glinsteroomblikke uit te lig (byvoorbeeld waar die gesin hulself as uniek beskryf) en die brief weer as aanknopingspunt vir 'n verdigtingsgesprek te gebruik. In hierdie gesprek tel hul spontaan die vonkeloomblik op en word die geleentheid gebied om met landskap-van-identiteit-vrae dit verder te eksploreer en verdig. Let daarop dat die gesin se eie woorde keer op keer aangehaal word. White en Epston (1990:126) sê: "In a storied therapy, the letters are the version of that co-constructed reality called therapy and become the shared property of all parties to it." Volgens White en Epston (1990:126) maak hierdie briewe die terapeut aanspreekbaar teenoor die gesin. Dit skep, volgens hulle, die geleentheid om nie soseer retrospektief verslag te doen van die probleemverhaal nie, maar eerder 'n pro-aktiewe blik te verskaf op wat kan wees.

In die volgende voorbeeld van so 'n brief probeer ek juis dit vermag. Ek poog om deur die gebruik van die gesin se eie woorde die glinsteroomblikke uit te lig en so die nuwe verhaal van

hulle lewens uit te lig en te verdig. Deur gebruik te maak van vrae, laat ek deurskemer wat dalk kan wees op grond van wat reeds gesê en geleef is. In die geval van hierdie gesin wat uit 'n egskeidingsituasie kom en hulself as "disfunksioneel" beskou, het die "nuwe verhaal" waarskynlik reeds bestaan, maar was dit onderdruk deur die dominante diskoers van "disfunksioneel" wees: 'n gebroke huis.

- **Die terapeutiese brief**

*2000-05-16*

*Hallo Mandy en dogters*

*Ek het die gesprekke met julle baie geniet. Dankie vir die voorreg om op hierdie wyse 'n deel te kan saam stap met julle as gesin. 'n Klompie dinge het my opgeval oor julle en ek wil dit graag met julle deel. Ek sal ook graag wil hoor hoe julle oor sekere dinge dink.*

*Ek hoor dat julle sê dinge kan maar rof raak. Dat ons met mekaar oor konflik moet praat. Mandy, jy het gesê: "Ek het nog my hele lewe lank 'n probleem met konflikhantering en ek kry nogal, ... hoe hanteer mens konflik binne so 'n intieme verhouding?"*

*Ek het jou gevra: "Wat bedoel jy met konflik?" en jou antwoord was: "As situasies opduik en iemand word vir iemand kwaad. Jy weet. Wat is die regte manier?" Ek het gewonder of die Gesin nie alreeds 'n manier gevind het wat wel werk nie. Een wat met tye resultate lewer. Kom ek verduidelik: Karin se kamer, (bron van gevegte tussen ma en dogter) is soms netjies. As ma in een van haar "moods" is, dan, so hoor ek, vind hulle 'n weg daarom. Wil julle nie 'n oomblik vat en die volgende aanhalings weer bekyk nie?:Watter oplossings vir konflik lees ons hierin raak? Sou dit werk?*

*Mandy:* *"Ja. **Saam besluit.** Ek sukkel daarmee omdat ek nie so groot geword het nie. Ek sukkel om my kinders te betrek in besluite. Ek onttrek my in my dop en gaan lê vir twee dae met 'n hoofpyn in my kamer en dan besluit ek daarna dis wat ek wil hê. Sonder dat ek **my kinders daarby betrek** en sê: 'Ek het nou hierdie **probleem. Kom ons kyk wat is die oplossing** of ons het nou nie geld vir dit nie, maar miskien as ons saamwerk dan -- ek weet nie hoe om dit regtig te interpreteer nie, om dit te implementeer nie.'"*

*Liezl:* *"Ek vat myself by die werk. As iets gesê word is jy vinnig opstandig, maar **as jou opinie gevra word en jy besluit saam, dan maak dit jou meer gemotiveerd om dit deur te voer.** En dan kan hulle nie vir jou sê waar kom jy daaraan nie."*

Carlie "Sou mens **hierdie saampraat ook op 'n positiewe manier** kan gebruik? Nie net om 'n probleem deur te praat nie, 'n konflik te ontlont nie. Sou mens dit ook kan gebruik om **'n konflik te voorkom**?"

Mandy: "Ja. En opbouend. Ek weet jy dink die oomblik dat 'n mens, byvoorbeeld ek en Karin het nou al so goed gebaklei oor haar kamer, maar dis oor ek en sy baklei. **As 'n mens die probleem kan 'tackle'** en hier sit ons nou en besluit oor hoe gaan ons Karin kry om haar kamer aan die kant te maak."

Carlie: "Het julle al gepraat oor **hoe lyk 'n aan-die-kant-kamer**?"

"Sal dit help om die konflik te hanteer as ons **praat oor hoe albei definieer** oor hoe lyk 'n aan-die-kant-kamer? Karin se aan-die-kant-kamer is dalk anders as ma se aan-die-kant-kamer. Is dit reg?"

Carlie: "Is dit so? As julle ma 'down' is, is julle 'down'?"

Nicky: "Nee, as Ma down is, maak sy ons down."

Carlie: "Verduidelik 'n bietjie. Ek verstaan nie mooi nie?"

Nicky: "Dan kom sy by die huis en ons is in 'n goeie bui en sy is in 'n 'mood' .... "

Carlie: "Wat sal gebeur as jy in 'n goeie 'mood' bly, dalk uit haar pad uit bly, maar in jou goeie 'mood' bly en die hele huis ..... "

*Op hierdie punt het ek besef dat as "Mood" in jul Ma se lewe 'n aanval loods, raak dinge taamlik omgekrap. Ek het gewonder of julle besef dat julle jul Ma sou kon help teen "Mood"? Ek het gevra: "Wat sou julle kon doen om 'Mood' se greep op julle ma te kon verander?"*

*Julle het geantwoord: "Jy kan niks doen nie. As jy vir haar koffie maak dan, ag, sê sy dankie en bly in haar kamer lê. As jy sê, kom speel saam met ons Monopoly, dan sê sy nee sy gaan eers wasgoed was, of eers kar was, of eers dit doen, of dat doen. En as jy haar wil gaan help dan, dan vervies sy haar." Ek wonder of julle daaraan gedink het dat julle benadering dalk in die regte rigting was, dalk net nie ver genoeg nie? Ek het vir Ma gevra: "Hoe sou hulle jou kon help as jy so 'n 'mood' het?" Die antwoord was: "**Los my uit**. Ek sal netnou daaroor praat." en "Ek het al baie gevoel as **ek daar lê as hulle net so 'n rukkie langer aangehou het, dan het ek miskien opgestaan en het ek beter gevoel.** Nou lê jy nou maar."*

*Carlie:* *"Nou as jy daar lê en 'sulk' en hulle sou met die huiswerk aangaan en die kar was en die goed wat moet gebeur, uit hulle eie uit doen. Wat sal dit aan jou 'mood' doen?"*

*Nicky:* *"Ons doen dit baie hoor. As Mamma daar lê, dan maak ek die huis aan die kant en ek en Liezl was die skottelgoed en pak die goed weg. Dan kom Mamma en – o, dankie vir die huis."*

*Carlie:* *"Wat doen dit dan aan jou 'mood'?"*

*Mandy:* *"**Dit laat my goed voel**. As ek weet. Ek weet hulle kom altyd. Baie keer het dit al gebeur, dan kom Vincent so op die nippertjie iemand hier in die huis inbring en dan is Nicky soos 'n warrelwind hier deur die huis om die plek aan die kant te maak. **Dan voel ek so trots op my kinders**. Soos Karin as sy haar kamer aan die kant gemaak het."*

*Ek wonder of daar dalk ander kreatiewe maniere sou wees waarop julle vir Konflik en Moods nog verder sou kon stil maak? Op bladsye 17, 18,19 van die gesinsverrykingsoggend is daar nog wysheid oor Konflik. Dinge wat ook deur julle voorgestel is. Kan julle nog die fliek "Ghostbusters" onthou? Ek wonder of julle nie besig is om te ontluik as "Conflict-busters" nie. Hoe dink julle? Ek wonder ook oor iets anders: Wat het ons hierbo gedoen (dit waaruit ek die aanhalings geneem het)? Hoe het dit wat ons hierbo gedoen het gehelp om 'n beter verstaan te kry oor hoe ons mekaar kan help as "Moods" byvoorbeeld 'n aanval loods?*

*Die collage wat julle gemaak het met die gesinsverrykingsdag het my laat dink dat in hierdie gesin het jy met 'n span te doen. Was ek reg? Nie net enige span nie, 'n besonderse span. Is dit 'n goeie beskrywing? Ek het dit beleef in die manier waarop julle die oggend die collage gedoen het. Kan julle nog onthou hoe julle saam gewerk het, en die onbelangrike dinge (vir julle onbelangrik) kon uitskuif met konsensus? En die woorde en prente wat julle gekies het om julself mee te beskryf, woorde soos: "Brein, senuwees en hormone"; "ons voel ook dat ons 'n unieke gesin is"; "Liezl se oë - ons sien dit raak en gee om vir mekaar"; "onder hierdie 'styg uit' is 'n leë yskas - baie keer is die yskas bra leeg, maar juis omdat ons Christene is, kan ons ook uitstyg bo ons omstandighede". Het julle die "**ons**" so eenvormig beplan? Ek let daarop dat julle nêrens gesê het "ek" nie, maar altyd "ons". Wat sê dit van julle as gesin? Is dit vir julle 'n positiewe ervaring?*

*Die woorde wat julle kies om julself mee te beskryf is vir my interessant. Woorde soos: "ons voel ook dat ons 'n **unieke gesin** is", "**uitstyg bo ons omstandighede**", "Liezl se oë, ons **sien dit raak en gee om vir mekaar**". Ek wonder hieroor: Hoe het dit gekom dat julle sulke woorde*

*kies? Is dit belangrik vir julle om juis hierdie woorde te gebruik? Wat sê al hierdie woorde vir julle oor julle toekoms?*

*Kan ek 'n uitdaging rig? Kan ek die Brein-senuwees-en-hormone-span uitdaag deur te vra: Wat sal gebeur as ons die bal speel en nie die persoon nie? Om "Vark" (julle woordkeuse) te pak en nie vir Karin nie, om "Ma" af te dank en Liezl vry te maak van die ma-verpligting, om "Moods" te "tackle" en Ma Mandy te help om "Moods" se greep te breek as dit weer sou aanval. Ek wonder oor wat alles kan gebeur as hierdie span "Conflict-busters" mekaar se goeie punte kan vier en uitlig. Sou meer Probleme sneuwel? Dit het my nuuskierigheid geprikkel:* ***Wat is Nicky nog alles? Watter mooi interessante dinge sou julle my nog oor Nicky kon vertel? En oor Karin en oor Liezl en oor Mandy?***

*Mandy, jy het gesê: "Ek wil eendag as ek oud is [sy bly 'n oomblik stil] en mens hoor so baie van die mense wat glad nie meer met hulle kinders praat nie, [stilte] en hoeveel hulle kinders uit hulle lewens uitgeskryf het. Nou weer met Tannie Rina. As ek in haar situasie was, [stilte] ek sou wou hê my kinders moet kan saampraat en saambesluit oor my omdat hulle geleer het om bymekaar te staan. En nie die ander te blameer nie. Dat ek weet 'no matter what', hulle sal bymekaar staan. Of as ek die dag iets sê, dan sal hulle luister omdat jy so 'n verhouding met iemand opgebou het. Ek is so bang ons spat uitmekaar uit. Miskien oor 'n misverstand. Dit gebeur so maklik."* ***Ek het gewonder hoe jy nou oor die toekoms voel.*** *Ek vra dit in die lig van julle gesin se antwoord op die vraag: As julle gesin sou bly voortdoen soos tans, hoe sal julle oor twee jaar daar uitsien? Julle het geskryf: "Nog steeds saam – 'Stick together'! (Liezl) Nog steeds arm! (Nicky sien ons skatryk!) (Mandy) Nog gelukkig (Karin)."*

*Ten laaste, ek het gewonder wat julle sou wou uitlig in 'n paar kort sinne, wat raak sal saamvat, wie julle is? Sou ons by 'n volgende keer weer daaroor kon praat?*

*Nogmaals dankie vir die* ***voorreg*** *om julle so te kan leer ken.*

*Groete*

*Carlie*

*(Julle vermoë om te lag oor dinge draai nog in my gedagtes.)*

In die sessie wat ek met die gesin alleen gehad het tussen die twee verrykingsgeleenthede, gebruik ek die brief as aanknopingspunt. Die vinjette wat ek hier weergee wys op die effek wat so 'n brief op 'n gesin het.

- **Opvolggesprek: 17 Mei 2000**

Op 17 Mei 2000 het ons 'n opvolggesprek gevoer. Ek het gevra wat hulle van die brief gedink het. Hulle het die volgende deskundige kennis oor hulself aangebied:

Liezl: "Mm. Kan partykeer nie dink ons het sulke goed gesê nie. Soos, Karin, wat ..."

Liezl: "Maar ek meen, ons sê baie vir haar, haar kamer lyk soos 'n varkhok. En as jy lees, dan lyk dit bietjie ... Ek dink nie ons moet dit vir haar sê nie."

Mandy: "Ek dink mens moet die goed vat wat jy sê jy gaan doen en dit doen. Dit is maklik om hier te sit en te praat, want ek onthou my ons het gesê ons gaan saamsit en ... en meer probeer praat as daar bakleiery is. Maar ons het dit nog nie een keer gedoen nie."

Liezl: "Wanneer het ons dit nodig gehad?"

Mandy: "Ons het eintlik lanklaas baklei."

Karin: "Van daardie Saterdag af. Ons het oorlog gehou, toe, ons het oorlog gehou tot daardie Saterdag wat ons by die dominee was, totdat hy daardie goed vir ons gegee het. Daardie gesin-ding en toe het ons nie meer so baie baklei nie."

Liezl: "Dis nogal waar."

Die brief het die geleentheid gebied om die nuwe verhaal wat aan die ontvou was af te speel teen die ou verhaal van oorlog (Karin se woordkeuse). Ek het dit as volg benut. (Ek tel die lyn van die gesprek op waar hulle spontaan die ou geskiedenis begin ophaal het):

Liezl: "Ek sien dit meer dat hier meer vrede in die huis is. Dis nie daardie wag dat iemand met jou baklei nie."

Mandy: "Ja ... "

Liezl: "Ons het, ek dink, ek weet nie, ons het baie baklei in die ou huis, en nie noodwendig, ons het baklei of my pa nou daar is of nie."

Nicky: "Ek onthou dit nie."

Liezl: "Regtig. Ek kan dit goed onthou. Dit was vreeslike gespanne omstandighede."

Mandy: "Ja, mens het nooit geweet wat wag ..."

Liezl: "Ek is nie so radikaal om aan demone en sulke goed te glo nie, maar dis soos daardie spanning in almal was en net die hele tyd wil baklei. Dis nie meer so nie. Baie rustiger."

Mandy: "Iemand het gesê 'plante groei nie waar daar nie vrede in 'n huis is nie' of so iets, en Sondag toe oom Attie hier instap toe sê hy, 'Joe, maar jou plante is pragtig, dit was lanklaas so mooi. Kyk net hierdie varkoor. Hoe mooi het hy gegroei.' En toe skielik kom die gedagte by my op: Ek kon nooit 'n plant laat groei by die ou huis nie en ek het al vas geglo ek het vrot hande, want ek kan nie 'n plant laat groei nie. Nie dat ek wil sê daar steek waarheid in dat as daar onmin in 'n huis is, die plante nie wil groei nie, maar ek dink tog dit het iets weerspieël van my eie innerlike. Dat ek miskien meer tyd het en meer lus het om die plante mooi te laat lyk, maar dat ek definitief rustiger in myself is. En die vrede is lekker. En om te kan beplan en te dink hierdie naweek gaan ons dit doen en jy weet jy gaan dit doen. Daar's niemand of iets wat gaan gebeur wat dit vir jou anders gaan bewys nie. So lekker om, Dinsdagaand bel Kobus-hulle en sê hulle kom Sondag kuier en jy hoef nie aan honderd-en-tien verskonings te dink nie hoekom jy gaan sê hulle kom kuier en al die fights wat daarop gevolg het. Ek dink omdat mens in daardie opsig meer in beheer voel, bring dit ook meer vrede. En dit was nog nooit vir my lekker om te skree en goed rond te gooi nie, wie het gesê bakstene."

[gelag]

Liezl: "Karin!"

Nicky: "My ma het regtig my Pa met bakstene gegooi [gelag] en Liezl het my pa met glase gegooi."

Nicky: "Nee. Liezl het op die bed, Liezl het op die bed gesit en haar visse vasgehou dat mamma nie die vis ... "

Mandy: "Ja, man. Okay nou! Dis seker 'off the record'. Ons het daarbo gestaan en al wat ons wou is keer dat hy bo kom en elke keer as sy kop om die hoek kom, dan het ons iets daar af laat val."

Carlie: "Ek onthou die aand, ja."

Nicky: "Dit was 'n paar aande."

Carlie: "Of die weergawe van die aand of 'n aand."

Karin: "Dit was daardie aand."

Mandy: "Dis nie 'n deel van my lewe wat ek wil terughê nie."

Tot op hierdie punt het ek hulle spontaan laat her-vertel aan die ou verhaal. My gedagte was om nou weer eens te beweeg na die nuwe verhaal as teenoorgestelde van die oue. Soos reeds gesê, fokus Epston (1998) in sy briewe aan kliënte op die aspekte van die gesprek wat alternatiewe gegenereer het. (Of anders gestel: Dit wat in opposisie staan tot die probleem-verhaal). Hier het ek gepoog om dit verbaal te doen.

Carlie: "Hoekom het julle die woord 'uniek' gekies in die collage?"

Nicky: "Want ons is uniek."

Carlie: "Wat maak julle uniek?"

Liezl: "Ek dink ek sien uniek in die idee van, mens het altyd die prentjie gehad, normaal en 'n gesin is gelukkig. Ek het daardie idee gehad in my kleintyd en al hoe meer het ek gesien dit is eintlik unieke gesinne wat gelukkig is. Dis die uitsondering op die reël wat gelukkig is en nie anders om nie. Ek het altyd gedink ons gesin was ongelukkig en al die ander mense s'n is gelukkig. My oë het begin oopgaan en *(ek het)* gesien, maar dis eintlik nie so nie."

Die woord 'uniek' was hul beskrywing van hulself in die collage. Deur hul stem (die gebruik van die woord 'uniek') uit te lig, het 'n nuwe moontlikheid vir hulle oopgegaan. Hulle is nie verdoem tot "disfunksioneel" wees nie, want hulle is uniek. Hulle kon dit nie afmaak as my beskrywing nie (deur te sê: hy weet nie regtig wat in ons lewens aangaan nie), aangesien dit hulle eie beskrywing was. Dit wys, myns insiens, op die belangrikheid van die gebruik van gesinne se eie woorde en omskrywings. Hulle is tog immers die deskundiges oor hul eie lewens.

Karin was by hierdie geleenthede twaalf jaar oud. 'n Vraag wat in my gemoed bly steek het was: "Het haar en die ander kinders se stemme sterk genoeg na vore gekom?" Ek het reeds in hoofstuk twee (2.2.3) my bedenkings geopper teen gesinsverrykingsnaweke waar die kinders elders besig gehou word terwyl die ouers sessies bywoon. Was ek nie besig om dieselfde "fout" te begaan deur nie genoegsaam ruimte te skep vir die kinders se stemme nie? Die kinders was in verskillende ouderdomsgroepe. Sommige was voorskools.

#### 4.2.2.2 Dokumente wat verdig

Briewe is nie die enigste skriftelike wyse waarop verdigting gedoen kan word nie. 'n Ander wyse is om gebruik te maak van dokumente, verklarings, sertifikate, handboeke, notas van

sessies, videos, prente en lyste (Morgan 2000:85). Volgens Morgan (2000:85) word hierdie wyses gebruik wanneer mense belangrike verbintenisse ("commitments") maak of 'n oorwinning oor 'n probleem wil vier. Volgens Morgan (2000:86) help dit mense om 'n geskrewe rekord te hê van dit waartoe hulle hul verbind het, asook die rigting wat hulle besluit het om in te slaan. So 'n dokument kan 'n "work-in-progress" (2000:87) wees, of dit kan onveranderbaar word vir die persone betrokke. Dit dien ook as "counter-documents" (Morgan 2000:86) wat staan teenoor die probleemdiskoers. Ek het sertifikate en lyste gebruik om die positiewe wat deur die gesinne gegenereer is, te verdig. As voorbeeld dien Karin se aksieplan:

- **Karin se aksieplan**

Ek het hier gepoog om Karin te lei om verby woorde te beweeg en die besluit af te breek in "bite size steps". Ons het saam op 'n blaaibord die beplanning gedoen. Dit is aan haar gegee in gedrukte vorm sodat sy gereeld daarna kan verwys of dit kan aanpas indien nodig.

Karin: "Ek het net een gekies. En dit is om my kamer netjies te hou."

Carlie: "Jou kamer. Het jy beplan hoe jy dit gaan doen?"

Karin: "Ja."

Carlie: "Okay. Vertel bietjie."

Karin: "Om elke liewe oggend soos my ma my gesê het, my bed op te maak asook die goed om my bed, gewoonlik lê my komberse daar. So as ek my komberse oplig, dan is my kamer aan die kant. Dis die waarheid."

Carlie: "Elke oggend: Bed opmaak."

Karin: "Ja. En om my skoon te maak en agter my skoon te maak."

Carlie: "Om my."

Karin: "En agter my."

Carlie: "Watter kant gaan jy begin."

Karin: "Om my."

Carlie: "Wanneer gaan jy jou bed opmaak of gaan jy eers jou bed opmaak en dan ..."

Karin: "Eers my bed opmaak."

Carlie: "Sal hy die eerste ding wees?"

Karin: "Ja, en die gordyne saam met my bed."

Carlie: "Okay. Die tweede ding is die gordyne. Hoe moet die gordyne wees?"

Karin: "Oop en my 'blinds' moet daar toegetrek word en die onderste ding moet reg wees."

Carlie: "'Blinds'. Jy sal dit weet. Wat is die derde ding wat jy na kyk."

Nicky: "Vensters oop."

Karin: "Ja. My vensters oopmaak."

Carlie: "Okay. 'Right'."

Karin: "Dan my kas netjies te hou."

Carlie: "Die goed om my, voor en agter my [wys na geskryf op blaaibord], voor of na jou kas?"

Karin: "Na. Nee, voor die kas."

Carlie: "Voor. So daardie kan ek vier maak [skryf op bord]. En dis elke oggend?"

Karin: "Mmm."

Carlie: "Sou dit dalk makliker wees as jy voor jy gaan slaap van die goed doen?"

Karin: "Ja. Ek kan seker maak my kas is netjies. En ..."

Carlie: "So die kas, om en agter my."

Karin: "Nee, nie agter my nie, ja, agter my."

Carlie: "Dalk in die aande doen."

Karin: "Ja, maar die bed kan ek nie in die aande doen nie, want dan gaan ek dit weer omkrap. Of ek kan op die grond slaap."

- **Nicky se verdigting**

Ek het die gesinne gevra (in die individuele gesinsgesprekke wat plaasgevind het tussen sessies) om mekaar se goeie hoedanighede te lys. Dit het ek op die blaaibord geskryf. Ek het

uitgevra na die betekenis van woorde en omskrywings. As dit wat mense van ons sê en dink, 'n invloed op ons lewens het (die sosiale konstruksies oor ons), dan gebruik ek hierdie geleentheid om gesinne te lei om positiewe konstruksies oor mekaar te konstrueer. Dit wat op die blaaibord geskryf is, het ek dan verwerk in 'n sertifikaat soos die een hieronder:

**NICKY**

"Sy is een van die konsidererendste mense wat ek ken."

"Ek bewonder my aan haar."

"Sy kan raakvat."

"En sy staan op vir 'n mens. Sy is 'n baie goeie ondersteuner."

"En met my hele oë-situasie is sy die een, wat as ek aan omgee dink, eerste in my kop kom."

"Omgee-mens."

"Sy doen altyd, as sy die dag in 'n goeie bui is, (doen) (sy) klein dingetjies, soos 'n blommetjie pluk, wat jou laat wys, maar sy dink eintlik aan jou sonder dat die ander daaraan gedink het."

"Sy laat ons lekker lag. Nee. Sy staan vir my ook op. Sy laat my lag oor my pa."

"Sy is nogal die humor-gewer hierrond."

"En sy is vir my baie kunstig en skeppend."

| ______________ | ______________ | ______________ |
|---|---|---|
| Mandy | Liezl | Karin |

Geteken te Deneysville op hede die ________ dag van Mei 2000.

Ek het voorgestel dat elkeen sy sertifikaat in sy/haar klerekas vasplak sodat dit op gereelde basis gelees kan word en sodoende 'n blywende diskoers oor hulself kan word.

#### 4.2.2.3 Kinderstories

Ek was bekommerd dat ek nie my aanvanklike doelstelling, naamlik dat ek die kinders se stemme hoorbaar wil maak, sal bereik nie. Ek het met die kinders ooreengekom om 'n afsonderlike gesprek met die kleiner kinders te kan hê waar ek hulle in ouderdomsgroepe kon

neem. By hierdie geleentheid het ek 'sagte diere' geneem as 'n denkbeeldige gesin en ons het gesprek gevoer oor hierdie dieregesin.

Die verbatims van hierdie gesprekke het ek gedupliseer vir die gesinne en die ouers versoek om dit saam met die kinders deur te lees (ter wille van die wat nog nie goed kon lees nie). Dit sou gesprek stimuleer tussen ouers en kinders en ook meebring dat die kinders se stemme meer hoorbaar word. Ek het die verbatims verwerk in 'n kort storie van denkbeeldige kinders. My idee was om die **verhaal te gebruik as verdigting** van die nuwe diskoerse wat aan die ontwikkel was. Ek het gehoop dat die kinders hulle eie stemme en menings sou herken in die storie en sodoende as konstruksie vaster lê in hul lewens. Anders gestel: hulle weet wat gedoen moet word en hoe dinge moet wees, implementeer dit dan nog meer. In 'n sekere sin dien die storie dieselfde doel as 'n brief. Die terugvoer van die ouers op hierdie storie was baie positief. In hoofstuk ses word hul reaksie op die storie teenoor dr. Roux verwoord. Die Beertjie-storie verskyn as 'n addendum by hierdie hoofstuk.

In die volgende deel verf ons al hoe meer detail in ons "collage" in. Los deeltjies word vaster gebind aan die geheel en die eindproduk begin meer sigbaar word. Die temalied wat hulle as huiswerk gekry het, kom eerste aan die beurt.

#### 4.2.2.4 Sing-sing nader aan mekaar

Die gesinslied (wat huiswerk was tussen sessies) dien as 'n metafoor wat hulle, aan die een kant, sou laat besin oor wie hulle as gesin is, wat vir hulle belangrik is, en aan die anderkant, as 'n aksie sou saambind. Covey (1997:96) wys in 'n gevallestudie op 'n gesin wat 'n gesins-kreet gebruik het om eenheid te behou en deur moeilike krisisse te kom. Ek het die gedagte "geleen" en gekies om 'n gesinslied te laat skep in plaas van 'n kreet. Ek gebruik die geleentheid om landskap-van-identiteitvrae te vra. Die doel is om die betekenis van hulle gekose lied verder uit te lig en te verdig in die nuwe diskoers oor hulle gesin. Die resultate van die temalied was interessant en wys op 'n enkele tema wat by elke gesin uitgelig is. Die gesinne het as volg gereageer (ek gee hulle woorde verbatim weer):

Gesin 1: "Dit was '*I'll walk 5 000 miles for you*'. Dit gaan basies daaroor, dit was ook die temalied van die fliek Benny & Joon. Ek weet nie wie van julle het hom gesien nie. Ons het hom al 'n paar keer oorgekyk en dit gaan basies oor hierdie ou en die meisie. Hulle het albei gebreke en die meisie is ook verstandelik gestrem en dan raak hy verlief op haar, en hoe 'n mooi lewe hulle saam kan hê met al hulle foute. Dis dan met ons as gesin ook so. Met ons foute gee ons om vir mekaar en is ons lief vir mekaar."

Gesin 3: "I think everybody knows our song. I want to ask the girls to sing it for you, but they are too shy. It's the Barney Song. '*"I love you, You love me , We're a happy family. Won't you say you love me too !"*'

Carlie: "Why? I know it is obvious from the words, but why did you choose it?"

Gisela: "I think we are really a happy family and ... "

Kobus: "I think that we are a happy family, because we are together and we are going out, showing people that we are a happy family! As 'n mens gelukkig is en gelukkig voel en jy wys ander mense dat jy gelukkig is ... "

Die gesinslied het bygedra tot die verdigting van die nuwe diskoers, deurdat die gesinne mooi moes gaan dink oor wat van hul gesinwees hulle verwoord wou hê in die lied. Waardes, drome en maniere-van-wees moes gesif word sodat dit as 'n tema vir hul gesin kan dien. In beide van die liedere hierbo het die gesinne iets probeer verwoord wat hulle as kenmerkend van hulself beskou. As addendum 2 plaas ek 'n uitgebreide uiteensetting van so 'n lied. Die gesin het 'n samestelling gemaak van verskeie liedere. Die samestelling verwoord 'n klomp fasette en uniekhede van hul lewens.

In die volgende poging tot verdigting het ek "teruggegryp" na sosiale konstruksies. Ek het die groep laat ko-konstrueer aan die hand van nog 'n metafoor: die weegskaal.

#### 4.2.2.5 Geweeg en positief gevind (nie te lig nie)

Ek het 'n outydse weegskaal op 'n blaaibord geteken. Een soortgelyk aan die een wat die Departement Justisie as embleem gebruik. Ek het die skaal as metafoor gebruik om hulle kennis en sieninge oor gesinslewe na vore te probeer bring. In die eerste been van hierdie gesprek, het ek bloot geëksploreer rondom wat mens alles kan doen om die skaal te laat swaai, byvoorbeeld om aan die een kant goed in te laai en aan die anderkant goed te verminder. Vandaar het ons die metafoor oorgeskuif na die gesinslewe. Ek het gevra: " ... as dit nou ons gesinslewe is en dit (*wys op die skets op die blaaibord)* dinge wat maak dat dit minder goed met ons gaan; of dinge wat ons gesinslewe bederf of keer dat ons dit kan geniet. Dié aan die ander kant van die skaal is die lekker dinge of die dinge wat ons positief laat voel oor die gesin. Hoe kan ek dit kry om die skaal te laat balanseer? Wat kan ek alles doen, aan hoeveel maniere kan u dink om daardie deel nie net te laat balanseer nie, maar om te swaai dat hy so lê?" (*Beduie op die blaaibord.)"*

Dit het 'n taamlike debat meegebring. Van die belangrikste dinge wat na vore gekom het was:

Ben: "Jy moet aan die positiewe bou."

Liezl: "Jy kan in plaas van om te hamer op die slegte goed *konsentreer op die positiewe* ... (onduidelik gewees: skuinsdruk is my invoeging) ... byvoorbeeld as Karin haar kamer skoongemaak het, haar aan te prys in plaas van om net met haar te raas as dit vuil is."

Ben: "Sorg dat jy meer aan daai kant insit."

Carlie: "So, ek hoef nie noodwendig hier uit te haal nie. Ek moet net sorg dat ek meer daar insit. Goed, dis 'n tweede manier. Wat kan ek nog doen?"

Ben: "Lelik met mekaar praat."

Carlie: "Dit sal ons uithaal, né?"

Mandy: "Mekaar nie 'labels' gee nie."

Liezl: "Nicky sê aan die positiewe kant moet jy respek vir mekaar hê en luister as jou Ma praat."

Kobus: "Ek stem saam met wat Liezl daar sê. 'n Mens kan self met dissipline en die tipe van ding baie verder kom, deur aanmekaar die positiewe te "reinforce", as wat jy die hele tyd sê; 'Moenie dit, moenie dat, ens.' As 'n ou regtig gaan sit en dink en kyk na die kommunikasie, met kinders wat nog klein is, en jy wil sê hoeveel sinne jy gesê het op 'n dag of hoe lank het jy met hulle gepraat het, en jy kyk hoeveel van hulle is in der waarheid 'Moenie dit; moenie so maak nie, oppas hier...' in stede van lekker kommunikeer, met mekaar te praat."

Carlie: "Moet ek 'heeltyd moenie' hierdie kant sit?"

Kobus: "Ja!"

Ben: "Positief is dan ook seker om tyd te maak vir mekaar."

Gisela: "To support them in what they do. To accept them for what they are."

Kobus: "Ek dink kommunikasie. Daaroor kan 'n mens ook ure gesels, maar werklike kommunikasie in 'n gesin is seker die belangrikste. Dit beteken om werklik te luister wat die ander persoon sê en soos jy verlede keer gesê het: 'Seek first to understand, then to be understood.'"

Ben: "As jy iets goeds gedoen het, om dit te herken."

Liezl: "Om regtig te luister en belang te stel. Deur moeite te doen en uit te vra oor hoe was jou dag, wat het jy in die skool geleer, hoe was werk?"

Ek het die gesprek probeer beweeg na meer praktiese of konkrete aksies wat hulle neem. Ek het gevra: "Kom ons vat 'n bietjie dinge wat julle laat goed voel oor gesinwees as julle dit doen. Wat help ons as gesin om nader aan mekaar te bly?" My gedagte was om uit te kom by iets wat hulle as belangrik geag het in gesinsverryking, naamlik om bymekaar te leer as gesinne en om te hoor hoe ander dit doen. Hulle het as volg gereageer:

Liezl: "Ons speel baie bordspeletjies saam, kaart. Nou nie Monopoly nie, my Ma hou nie daarvan nie!"

Gisela: "Ek dink 'n mens moet meer saam eet. Ek bedoel om 'n tafel!"

"I think if you eat together it leads to communication and if you are together around the table *there are fewer distractions* (kasset onduidelik: skuinsgedruk my invoeging)."

Liezl: "Spontane goed saam doen. My Ma het Donderdag na die Selgroep besluit ons moet gaan kyk hoe lyk die maan oor die dam. Dit was nogal lekker en ek dink dit het ons gebind, dit was sommer net 'n spontane .... "

Nicky: "Toe ry my Ma amper in die dam!"

Mandy: "Ek dink daarmee saam, as jy iets mooi sien om dit as gesin te geniet. Jy sien baie keer iets moois, maar dan hou jy dit vir jouself. Ek dink om dit dan spesifiek met jou gesin te deel."

Gisela: "Ja, so you make them more aware of things as well."

Mandy: "Ek moet ook sê ek het met 'n ander oog na die natuur begin kyk vandat Nicky begin teken het. Toe ek nou die aand sien hoe mooi en hoe rooi die maan is, toe dink ek ons kyk elke oggend na die son op die dam as ons skool toe ry, sodat sy die effek kan sien van dit op die water. Toe dink ek hoe die maan sal lyk op die water."

Sonja: "Piekniek hou ook."

Ben: "Saam grappies maak gaan ook seker daarmee saam."

Ek wou die positiewe momentum van die gesprek verdig in 'n positiewe storielyn. My ervaring in die verlede met huweliksverryking is dat mense gewoonlik meer negatiewe goed oor hulle

huweliksmaat kan lys in 'n kort tyd as positiewe dinge. Hier beleef ek nou die teenoorgestelde. Ek het dit as 'n vonkeloomblik beskou. Daarom wou ek weet wat hulle dink sou die feit dat daar so vinnig so baie goed aan die positiewe kant gesê kan word en so min aan die negatiewe kant, sê van waar hulle as gesinne nou is.

Kobus: "Ek hou daarvan, want dit wys vir my 'n mens fokus tog meer op die positiewe. Daar is seker negatiewe in enige gesin, maar wat belangrik is, is dat die positiewe ... ek dink ons sien dit raak."

Carlie: "Sou dit aanhou uitkring?"

Kobus: "Ek dink so, daar is 'n goeie proses wat plaasvind en as 'n mens so gesels, laat dit jou opnuut weer daaraan dink."

Gisela: "I think that we are blessed!"

Carlie: "Is it better this way or do we prefer war?"

Ek het hier die keuse gemaak om dit af te speel teen die samelewingsdiskoerse. Dit sou my uitbring by hulle 'lived experience', maar ook help om 'n vergelyking te trek tussen 'ou kennis' (wat die samelewing volgens hulle oor gesinne sê) en nuut verworwe kennis (dit wat hulle nou oor gesinne sê). Hier wou ek dit as verdigting gebruik.

Carlie: "What does society say about families in general?"

Kobus: "Ek dink deesdae lag hulle vir 'n hegte familie of hulle dink jy's uit die oude doos of outyds as jy familiewaardes wil handhaaf. Byvoorbeeld, as die mense na werk iewers bymekaar kom om 'n ietsie te drink en hulle vind dit vreemd as 'n ou nie 'n drankie gaan maak na werk nie en jy eerder huis toe gaan! As jy sê, maar dis lekker by die huis - dan het jy amper 'n siekte!"

Ben: "Baie keer as 'n mens konsentreer op die negatiewe, kom jy eintlik nêrens nie."

Mandy: "Ja, ek dink as 'n mens by die negatiewe begin, wil die een ou erger slaan as die ander en dan 'boomerang' dit. Die een probeer erger wees as die ander, dis asof dit sneeubal."

Ben: "Ek het al baie na daardie gebed gekyk *(wys na geraamde, gehekelde weergawe van die Onse Vader teen die muur)* en elke keer as ek na hom kyk, sien ek daardie 'die' wat verkeerd geskryf is. Net omdat ek dit raakgesien het,

kyk ek elke keer na daardie fout. Al is daar eintlik so baie wat mooi is op daardie kunswerk, ek sien elke keer dit raak ... "

Carlie: "En dit maak dat jy eintlik die res mis?"

Ben: "Dis reg, ja."

Carlie: "Jy het gesê met die negatiewe kom 'n mens eintlik nêrens. Die feit dat ons met die negatiewe nêrens kom en ons het hier net positief geskryf, sê dit ons het nou êrens gekom?"

Mandy: "Ja, ek dink ons is op pad na êrens - met die negatief kom jy nêrens; met die positiewe kom jy iewers! Daar is altyd, as jy die een ding reggekry het, dan is die volgende ding daar, maar dan moet jy weer daaraan werk, maar jy kom êrens."

Kobus: "Ja, dis tog 'n verrykingsproses; as 'n ou dalk reg in die begin gedink het al hierdie positiewe dinge gaan ons doen, dan het jy gedink nooit in jou lewe nie, maar stap vir stap kom jy daar en kyk jy terug - sien jy, maar dit was tog lekker en dit raak al lekkerder om meer positief en meer positief te raak .... en dit maak ook in gesinsverband dit lekker."

Carlie: "Kan ek die afleiding maak dat ons wel gesinsverryking beleef het?"

Kobus: "Absoluut."

#### 4.2.2.6 Rituele

Een van die mikrokaarte wat ek in gedagte gehad het, was om rituele te gebruik. Evan Imber-Black (1988:51) is van mening dat alle menslike sisteme te make het met die kwessie van lidmaatskap, wie is in en wie is uit. Hy wys daarop dat lidmaatskaprituele daagliks plaasvind in gesinne. Dit gebeur rondom etes, waaroor mag ons praat en wat is taboe en selfs wie sit waar (1988:51). Ander rituele rondom groet (om uit te gaan vir die dag) en terug te keer na die woning, definieer sake soos nabyheid en intimiteit ("closeness and distance") (1988:51). Ek het gewonder hoe hierdie daaglikse en ander rituele kan meewerk om gesinne te verryk. Dit wat Imber-Black (1988:51) uitgewys het, is gestaaf deur Covey (1997:280-312) en die groepslede.

Covey (1997:280-312) sê: "Through traditions you reinforce the connection of the family. You give a feeling of belonging, of being supported, of being understood." Deur tradisies is jy deel van iets groter as jouself. "To celebrate a birthday is to celebrate the person (Covey 1997:293)." Rituele en tradisies kan verskeie vorme aanneem, byvoorbeeld verjaarsdagvierings, die viering van Kersfees, gebruike rondom etes, of bloot die gebruik om op

Vrydae vis en skyfies vir middagete te eet. 'n Dame wat ek ken, sê haar ma het haar elke Vrydag biblioteek toe geneem en daarna vir 'n roomys. Dit het vir haar soveel beteken dat sy nou dieselfde met haar dogter doen.

"These traditions – big and small- are the things that bond us, renew us, and give us identity as a family. And each family is unique. Each family must discover and create its own. Our children have grown up with a lot of traditions, but they have discovered —as everyone else – that when you marry, you may well enter into a relationship with someone who has an entirely different set of traditions (Covey 1997:309)". "Over time, these renewing traditions become one of the most powerful forces in the family culture (Covey 1997:309)."

Vir die lede van die groep was rituele en tradisies nie net om saam te eet en saam te doen nie. Dit was ook dit wat die mooi herinneringe van kinderdae geskep en help behoue bly het. Gisela vertel: "My Christmas rituals for instance .... It is something I learnt from my Father. On Christmas Eve there must be nuts." en " ... it is of the most beautiful memories of my childhood." Haar man, Kobus, het ander tradisies ingebring. Hy sê: "Dit werk eintlik by ons baie mooi uit, want Oukersaand is dan van die Duitse kant af en vir ons weer is Kersfees vir my 'n absolute familiedag wat ons dan gelukkig is om die oupas en oumas en almal hier te hê. Dan kom ons almal bymekaar en dan na kerk die tradisionele Kersete met skaapboud, ens. So, dit werk dan eintlik baie lekker, want Oukersaand is dan *(kasset onduidelik)* ... so jy eet dan heeltemal te veel!" Ek meen dat dit belangrik sou wees vir gesinne om te let op die tradisies en rituele wat hulle in hulle gesinne handhaaf. Dit sou dalk sinvol wees om selfs nuwes te skep.

'n Ritueel wat ek by een van die gesinne opgetel het was die speel van bordspeletjies na ete oor 'n naweek. Alhoewel dit nie so gereeld gebeur nie, was dit 'n gedeelde aktiwiteit waarna hulle almal uitgesien het. Dikwels was dit "Noot vir Noot" en gewoonlik nie "Monopoly" nie, want "my ma hou nie daarvan nie." Dit was vir my duidelik dat die rituele verrykend vir hulle was. Dit was opmerksaam hoe hulle met entoesiasme hieroor gepraat het, na mekaar gekyk het as gesinslede en glimlaggend die rituele en staaltjies opgediep het. Ek is van mening dat die saam gesels oor hulle onderskeie rituele, hulle opnuut weer laat dink het oor die rol daarvan in hulle eie gesinne.

#### 4.2.2.7 Bordspel: Van Beitbrug tot Robbeneiland

Om verdigting te bevorder en om gesinne te laat saam kuier om iets prettigs, het ek 'n bordspel geskep. Dit was vir my duidelik uit die gesprekke dat een van die rituele wat van die gesinne het, is om oor 'n naweek bordspeletjies te speel. Die gesinne het vooraf gesê dat hulle nie genoeg tyd het om dinge saam te doen nie. Ek het die bordspeletjie gesien as 'n manier om hulle saam te laat tyd deurbring, terwyl ek gesprek tussen die gesinslede probeer bevorder.

Clarissa: "Die spel by ons was baie reguit gewees en jy het nie baie tyd gehad om regtig .... *(kasset onduidelik) jou gevoelens weg te praat nie. Jy moes eerlik sê wat in jou gedagtes opkom."*

Carlie: "So, was dit positief of negatief?"

Clarissa: *(Kasset onduidelik: "Ja")*

Mandy: "Wat ons ook gesien het, as dit jou beurt is mag jy praat en die ander moet luister - wat nie altyd gebeur nie - elkeen is vinnig om sy sê te sê en dan moet hy stil gemaak word. Dit werk nogal goed."

Carlie: "Wat het dit vir jou beteken dat die ander luister en nie praat nie?"

Mandy: "Ek dink soos byvoorbeeld Karin: Jy luister nie altyd wat sy sê nie en nou moes jy luister. Hoeveel keer moes ek nie vir Nicky stilmaak en sê: 'Dis haar beurt, sy moet sê!'"

Carlie: "Het jy iets gehoor wat jy nie geweet het nie?"

Mandy: "Ja, en ek dink Nicky ... "

Liezl: *(kasset onduidelik)* "Dit was heel prakties."

Carlie: "Prakties?"

Liezl: "Ja, 'n mens moes sê hoe jy voel, en mens sê nie altyd hoe jy voel nie."

Carlie: "Het dit dus iets beteken om te hoor hoe iemand oor goed voel?"

Liezl: "Ja."

Carlie: "Sou u sê dit was kommunikasie? Om te sê hoe jy oor dinge voel?"

Mandy: "Ja en nee. Ek dink nogal 'n mens het gekommunikeer, maar die moeilikheid is eintlik om te kommunikeer én regtig te luister, want soos ek gesê het, as 'n vraag vir Karin gevra word, dan is die ander vinnig om te antwoord en jy gee nie vir haar kans om haar sê te sê nie. So, as jy dit baie speel, gaan jy naderhand leer om te luister as die ou praat, oor wat hy sê; en die ander moet dan luister in plaas van om in te chip en te sê wat hulle dink sy moet sê of behoort te dink!"

Carlie: "Is daar genoeg van 'n pretelement in die speletjie?"

Ben: "Ja, veral dat 'n mens vir iemand 'n drukkie moet gee of so iets."

Carlie: "Sou julle hom weer wou speel ?"

Groep: "Ja, ja."

Carlie: "Met watter verwagtings?"

Liezl: "Om te sien of ons verander het."

Gisela: "As ons dit weer speel as hulle groter is, sal ons ander antwoorde kry..."

Kobus: "Ek voel vir hierdie twee (*verwys na sy twee jongste dogters)* is dit bietjie bo hulle vuurmaakplek - veral as 'n ou kyk na emosies en die tipe van ding."

Carlie: "Die emosie-kaarte: die oorspronklike idee kom uit Neuman en Romanowski se boek "Helping your kids coping with divorce (1998:305)." Hy het dit geskep dat jy die kaarte gesig na onder neersit en dan moet jy hom 'match', tel een op en probeer 'n maatjie vir hom kry - as jy reg 'match', dan moet jy sê, emosie of kwaad word of wat ook al. Wat hom ook op 'n ander manier bruikbaar maak. Dit leer konsentrasie, dit leer 'n klomp ander goed daarby wat hom vir die kleiner kind meer werkbaar maak. Die idee is ook om hulle te help om emosie beter te verstaan en ook so oor te dra, om dit te verwoord. Sou u voorstel dat 'n mens dalk verskillende vlakke kaarte moet hê. Dat 'n mens hom moet ontwikkel vir mense met kinders van verskillende ouderdomsgroepe?"

Mandy: "Nee, ek dink nie so nie, ek dink die vrae wat jy vra, byvoorbeeld: "Hoe voel jy as jou ma met jou raas omdat jou kamer deurmekaar is?", dan sê hy onmiddellik: 'My hartjie is seer.' So, as jy die vraag net 'n bietjie anders stel of afbreek na bietjie laer, want anders sal jy dit net vir 'n sekere tyd kan gebruik."

Carlie: "Watter 'skills' tel 'n mens op in hierdie spel?"

Liezl: "Patience. Karin moes vier keer 'n ander roete volg!"

Ben: "Ek dink jy leer ook om te luister (ook om te luister) na 'n ander se emosies."

Karin: "Dit leer jou waar jy dalk kan verander."

Carlie: "Wat het dit beteken vir julle as gesin of as deel van gesinsverryking? Het dit waarde gehad dat ons dit gespeel het?"

Mandy: "Ja, dat ons kan sien daar is nog steeds haakplekkies. Ons het vanoggend gesê dat ons al gevorder het, ons sien net die positiewe, maar nog steeds is daar dinge waaroor ons maklik baklei! Negatiewe dinge wat ons vir mekaar sê."

Wat vir my interessant was, was dat hulle die verdigting van die narratief van hulle gesinne, wat tergelyk ook 'n soiale konstruksie was (materiaal waaroor hulle by 'n vorige geleentheid saamgekonstrueer het, nou net in 'n ander vorm) herhaal, meer positief beleef het as wat ek verwag het. Ek wou seker maak dat ek nie 'n nuwe dominante diskoers skep wat hulle lewens gaan reguleer nie. Daarom het ek gevra:

Carlie: "Julle weet wat 'n diskoers is? Ons het laas baie daaroor gepraat; die samelewing sê 'n ding behoort so te wees en dan moet hy so wees. Soos byvoorbeeld oor die wildsboudjie? Die vrees is dat van die vrae dalk stereotiep is, diskoerse is, wat nou op julle afgedwing word. Het julle so iets beleef?"

Groep: "Nee."

Carlie: "Julle het nie gevoel dat ek julle in 'n blik druk en in 'n bepaalde rigting stuur soos met die vrae op die kaartjies nie, byvoorbeeld: 'As jy 'n probleem het, probeer soveel moontlik alternatiewe uitdink.' Sou dit wees dat ek 'n bepaalde siening wou afdwing op julle of het julle dit nie so beleef nie?"

Groep: "Nee, nee."

Carlie: "Nie? Ek dink darem nie julle sou dit so beleef het nie, want ek het dit gehaal uit laaste keer se kommunikasie-goed, en waaroor ons gepraat het."

Die speletjie het gesprek gestimuleer in die gesinne oor 'n aantal emosies en belewenisse en sieninge. Ek het gemeen dat die groep na alles wat bespreek en gedoen is, nou 'n beter verstaan van mekaar het.

Ter afsluiting wou ek vir 'n laaste keer probeer verdig aan 'n hegte gesinsverhaal. Ek het papier uitgedeel en gevra hulle moet 'n tydkapsule ("time capsule") "skep".

#### 4.2.2.8 Boodskap-in-'n-bottel: tydkapsules

Ek het die volgende opmerkings gemaak ter inleiding van hierdie "oefening": "Die gedagte is dat ons op van die papiere wat daar neergesit is, dinge neerskryf wat vir ons belangrik is oor wie ons gesin <u>nou</u> is. Dinge wat oor, sê nou maar 'n duisend jaar, vir mense iets sal sê van julle gesin, van hoe julle nou is. Wat sal dit wees? Watter waardes is nou vir ons belangrik?" Ek het gevra wat hulle nog sou wou bysit. Die antwoord was: "Aktiwiteite; gevoelens; giere en ideale."

Elke gesin het hierna hulle bydraes in 'n koevert gesit en toegeplak met die doel om dit oor 'n jaar of twee, soos hulle dit sou verkies, weer oop te maak en dan daaroor te praat. Neuman en Romanowski (1998:408) wys daarop dat kinders lief is om te behoort aan 'n klub of vereniging. Sy gedagte om 'n familiewapen of vlag te ontwerp, span ek hier in om as verdigting van hul gesinsnarratief te dien. Ek het hulle die geleentheid gegee om op die koevert 'n gesinswapen te teken wat iets saamvat van hulle as gesin.

In my aanvanklike beplanning het ek in gedagte gehad om 'n gesin missiestellings te laat optrek. Covey (1997:70-111) is sterk ten gunste hiervan. Hy redeneer dat jy in alles moet begin met die begeerde eindresultaat in gedagte. Sy slagspreuk in die bepaalde hoofstuk is dan ook: "Begin with the end in mind." Daarmee bedoel hy: "Begin with the end in mind – is to create a clear, compelling vision of what you and your family are all about (1997:71). Dit moet dien as 'n kompas wat voortdurend die 'ware noord' vir ons aandui. In die opstel van die missiestellings moet al die gesinslede deelneem en almal se bydraes moet ewe belangrik wees. Die proses is, volgens Covey (1997:81), net so belangrik as die produk. In sy eie woorde gestel: "The power of co-missioning is that it literally transcends 'your way' or 'my way'. It creates a new way, a higher way – 'our way'." Tyd was egter vir my 'n faktor omdat van die kinders baie klein is en 'n vol dag van sessies en gesprekke nie tred hou met hulle konsentrasievermoëns nie. Tweedens het ek gewonder of 'n missiestelling nie 'n nuwe diskoers sou bemagtig wat nou hulle lewens gaan regeer nie. Soos ek dit aan die gesinne gekommunikeer het: " ... maar dis nie wat ek wil hê nie, want as ons dit doen - dan gaan ons hom soos 'n liniaal daar hou en sê hy gaan tot daar en hier is ons maar op 60% - so ons is 'n ongelukkige gesin. 'We are not coping!'"

Retrospektief beskou wonder ek of ek nie dalk oorversigtig was nie. Die missiestelling sou tog nes 'n draaiboek kon werk, mits die gesinslede dit saam konstrueer soos hulle as gesin dit wil hê. Solank hulle net in gedagte hou dat dit ten beste net 'n werksdokument is wat voortdurend geskaaf en aangepas kan word. Moontlik sal ek in die toekoms weer die gesinne betrek en wel aan 'n missiestelling met hulle werk.

'n Ander alternatief sou wees om die weg van briewe skryf te volg. Jonathan Diamond (2000:40-47) vra sy kliënte om 'n brief te skryf aan die probleem in hul lewens. Hierdie brief is dan later hardop voorgelees deur die kliënt. Hy het gevind dat die hardoplees die brief nuwe betekenis vir die kliënt laat ontwikkel (Diamond 2000:43). In die woorde van ene Miranda (2000:43) op sy vraag na wat die aksie van briefskryf vir haar beteken het: "I can't believe how much shit I've taken from this stuff – it blows me away, ..." Diamond is van mening dat briewe skryf mense help om minder te identifiseer met hul probleem en om die probleem te ontmasker as 'n verhouding waarin die kliënt met die probleem staan en dus by magte is om te verbreek. Sodoende begin hulle die vernietigende aard van die probleem raaksien.

'n Moontlike gebruik hiervan in gesinsverryking sou wees om gesinne 'n brief van afskeid te laat skryf aan hulle ou-manier-van-wees. In hierdie brief kan hul dan die ou-manier-van-wees bedank vir die mooi wat daaruit gekom het. Ook kan hulle die ou-manier-van-wees ontmasker vir al die sleg en gebrek aan verryking wat dit meegebring het. Daarna kan dit duidelik gesê word dat hulle in 'n nuwe verhouding staan; met 'n nuwe selfgekose manier van gesinwees. Ek sou vra (om dieselfde redes as Diamond se bevinding hierbo) dat hulle dit hardop voorlees in die groter groep. Ek is van mening dat dit meer voordeel sal inhou vir die gesinne as wat 'n gesinsmissiestelling dalk sal doen. Dit sou waarskynlik die nuwe diskoers oor hulle lewens versterk en duidelik stel teenoor die ou, oorgeërfde diskoers.

#### 4.2.2.9 'n Gesinserediens

Ter afsluiting het ek gevra of hulle meen dis belangrik vir gesinne, ander gesinne, om ook by gesinsverrykingsgeleenthede uit te kom. My motief vir die vraag was om verder te verdig aan hulle gesinsdiskoerse. Hierdie keer in lyn met wat White en Epston (1990:114) noem, "recruiting an audience". Hulle omskryf dit as volg: "The endurance of new stories, as well as their elaboration, is enhanced if there is an audience to their performance (1990:114)." Morgan (2000:77-84) se term, "re-membering conversations", omvat nie vir my presies dieselfde as wat ek beoog het nie. Sy gebruik dit om mense te kry wat as getuies kan optree van die nuwe verhaal en om die verhoudinge wat deur die probleem gestrem geraak het, te herstel. Haar gedagtes rondom "declarations" (Morgan 2000:89) is dalk meer in lyn met wat ek in gedagte gehad het. Ek wou die gesinne betrek met 'n uitdra van die "goeie nuus". Ek wou hê dat hulle 'n 'statement' moes maak. In die maak van die 'statement', lê 'n stuk herbedink en hersiening in wat, as ek dink in lyn met wat Buzan (1989:64,134) gesê het, net kan bydra tot die onthou en internalisering van 'n nuwe verhaal. Ek het gevra:

Carlie: "Dink julle dis belangrik in die groter konteks van wat in baie huisgesinne gebeur? Dat mense by dit moet uitkom? Sou julle ander wou aanmoedig om te kom?"

Liezl: "Ja, ek het al 'n hele lys van gesinne wat ek dink moet kom, want ek dink ons het ontsettend baie daaruit gegroei en dat mens graag ander ook wil help."

Carlie: "Net 'n vinnige vraag: Weer so oor twee Saterdae versprei? Met 'n tydjie tussenin?"

Groep: "Ja."

Carlie: "Is tydsverloop belangrik? Wat ek bedoel, as dit in een dag ingedruk word, sou dit dieselfde effek gehad het?"

Groep: "Nee."

Carlie: "Gee vir my 'n voorstel hoe ek dit kan doen?"

Mandy: "Ek dink, byvoorbeeld, soos ons collage - ons het ons s'n in die kombuis opgesit en almal wat daar kom, vra wat dit is. Dan vertel ons. Dan kom jy daarby uit dat jy dit op 'n gesinsverryking gedoen het en dat dit vir ons soveel beteken het en almal sê: 'Dis wat ons ook moet doen!' Maar ek dink as 'n mens nie by so 'n dag betrokke was nie, sou jy nie op jou eie daarby uitgekom het nie. So, dis praktiese goed wat jy self nie aan dink nie, wat ander mense kan doen om gesinsbande hegter te maak."

Carlie: "Wat van 'n bydrae vir die Skipper? *(Die gemeente se kwartaalblad).*

Kobus: "Ja, 'n mens kan dit ook doen."

Carlie: "Wie sal vir ons een skryf?"

Ben: "Ek doen hierdie kwartaal die Skipper, so ek sal maar."

Ons het verder as groep gekonstrueer en het besluit op 'n gesinserediens waar een van die gesinne 'n getuienis sal lewer en 'n ander gesin die wetsdeel sal uitwerk. Die derde gesin, wat baie musikaal is, sal verantwoordelikheid neem vir die gesange en liedere en ekself sal die prediking hanteer. Die kleiner kinders sal diaken speel en die kollekte opneem. Dit was vir die gesinne belangrik dat ek nie maar net namens hulle 'n getuienis voorlees nie, maar dat een van hulle dit doen namens die groep, want "sodra iemand anders daar voor staan, behalwe die dominee, luister hulle nogal." Daar en dan het hulle aan Kobus, wie die getuienis moet doen, idees begin deurgee. Dit het opsigself as verdigting gedien, maar het my ook die geleentheid gegee om te evalueer. Hier is hulle bydraes:

Mandy: "Wat vir my die belangrikste was, is dat 'n mens as gesin gedwing is om saam te kom sit en te sien dat ons 'n unieke gesin is- en juis omdat ons uniek is moet ons daaraan werk. Dis harde werk, dit kom nie sommer vanself nie! Jy kan nie sommer net een oggend opstaan en dan is jy 'n gelukkige gesin nie! Dit kos werk!"

Ben: "Iets wat 'n mens ook kan sê is dat in die verlede altyd gekonsentreer is op huweliksverryking, die verhouding tussen 'n man en vrou, maar nooit op gesinsverryking nie. Ek dink dis tyd dat 'n mens na die gesin as 'n geheel kyk en nie net na die man en vrou nie, dat 'n mens ook die kinders betrek daarby en hulle dan ook beter verstaan."

Mandy: "Ja, dat dit juis 'n leerskool vir hulle is vir toekomstige huwelike!"

Liezl: "Vir my is dit dat ons gegroei het - dat ons fisies kan terugkyk en sien dat ons verander en beter geword het."

Ben: "Dis 'n manier om twee Saterdae met jou gesin te spandeer op 'n nuttige manier en wat jy dalk op jou eie manier nie so goed sou kon regkry nie."

Mandy: "Ja, en dat daar pret daarin is. Ek dink nie dit was net 'n praatjie waarna jy moes sit en luister nie."

Kobus: "'n Mens kan dalk begin deur te sê: 'Leer jou gesin ken.' en dalk ietwat verbaas wees! Jy dink jy ken hulle, maar is dan verbaas!"

Ben: "Ek dink ook dis 'n manier om te leer van ander gesinne ook."

Gisela: "Om te weet dat ander gesinne ook moeilikhede en probleme het – 'it's not like if you're standing alone against the world.'"

Na die afsluiting het ek 'n paar weke later weer briewe aan die gesinne geskryf wat sou dien as getuienis en herinnering aan die "nuwe narratief" van hulle gesin. Anders as vorige briewe, het ek hierdie een 'n eenvormige brief gemaak. Daarby het ek die verbatims aangeheg van die Saterdag se gesprekke en gevra dat hulle dit moes lees en my laat weet of dit inhoudelik korrek is. Laasgenoemde moes ek doen as "waarmerking" vir die navorsing se onthalwe. Hier wou ek dit ook benut as 'n geleentheid om te herhaal en sodoende geheues te verfris. Ter wille van die kinders se geheues het ek hulle (die kinders) se stemme verwerk in 'n storievorm. In die storie het ek hulle eie woorde net so aangehaal. Die name is wel verander en skuilname (deur die kinders self gekies) is gebruik. Aangeheg aan die einde van die verhandeling as addendum een, is "Die Beertjie-storie".

Aan die einde van so 'n verrykingsgeleentheid vra mens jouself af of dit regtig gewerk het. In die volgende hoofstuk doen ek retrospeksie en gee ek die resultaat van die gesprek met doktor Roux weer.

# HOOFSTUK 5: RETROSPEKSIE

In hierdie hoofstuk wil ek retrospektief besin oor die navorsing. My vertrekpunt is die doel- en subdoelwitte van die navorsing. Getrou aan my epistemologie werk ek in my besinning oor die navorsing steeds met sosiale konstruksies. Hierdie keer voeg ek my stem by die ko-konstruksies van die studiegroep. Vir hierdie doel het ek die studieleier gevra om in gesprek te gaan met die groep oor hulle belewing van die navorsing. Ek het spesifiek gevra dat hy ook die kinders die geleentheid moet gee om hulle stemme hoorbaar te maak.

Die navorsingsgroep (kinders ingesluit) se kommentaar het ek verwerk as antwoorde op vrae om sodoende kort en bondig aan myself te toon of ek my doelwitte bereik het. Ek wil in hierdie hoofstuk ook besin oor die waarde wat hierdie studie sou kon hê vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap, asook vir die praktiese teologie.

## 5.1 Hand in eie boesem

Aan die hand van 'n aantal vrae, doen ek dit wat hierdie subopskrif suggereer. Ek voeg hierby die konstruksies van die gesinne.

- **Is die navorsingsdoel en subdoelwitte bereik?**

Ek herhaal hier die doel- en subdoelwitte soos ek dit in hoofstuk een geformuleer het. Die bedoeling is om dit dan stuk vir stuk te gebruik in die besinning. Die doel van die navorsing is om 'n benadering tot gesinsverryking daar te stel wat inpas in die huidige postmoderne denke. Dit doen ek aan die hand van die narratiewe benadering tot terapie, soos ontwikkel deur White en Epston (1990). As subdoelwitte dien die volgende: (1) Om diskoerse wat op die gesinne inwerk te dekonstrueer. (2) Om die ko-konstruksies van die gesinne te benut in die daarstel van nuwe diskoerse wat vir die gesinne aanvaarbaar is. (Deur elke gesinslid se stem hoorbaar te maak, hul visie vir gesinslewe te ko-konstrueer saam met dié van die ander gesinslede). (3) Om die gesinne se deskundige kennis oor hulself en hul "lived-experiences" te benut in die nuwe diskoerse. (4) Om die nuwe diskoerse te verdig.

Al die kenmerkende benaderings van narratiewe terapie het 'n rol gespeel in hierdie navorsing. Daar is gedekonstrueer, ge-eksternaliseer, landskap-van-aksie- en landskap-van-identiteit-vrae gevra en alternatiewe diskoerse daargestel. Al die gesinslede se stemme is hoorbaar gemaak. Ook die van die kinders. Die alternatiewe diskoerse is sorgvuldig verdig. Die postmoderne denke het na vore gekom in die blootlê van diskoerse en hoe mense tot kennis kom. Dit het

daartoe gelei dat die gesinne nie meer hul huidige kennis as die enigste korrekte kennis oor gesinwees beskou het nie. Alternatiewe kennis is gehandhaaf as nuutgekose, dominante diskoers.

Die "lived experience" van gesinne was deurgaans sterk op die voorgrond. Bitter selde het ek nuwe kennis deurgegee aan hulle. Ek het hulle kennis op die voorgrond gebring en saamgeweef in 'n alternatiewe diskoers. 'n Leemte was dalk dat ek nie meer my eie stem hoorbaar gemaak het in die konstruksies nie. As navorser was ek onvermydelik deel van die konstruksies deur my teenwoordigheid, vrae en leiding. Moes ek nie dalk van my eie "lived ,experiences" op die tafel geplaas het nie? Ek meen ek moes.

Ek sluit hier aan by van die konstruksies wat rondom "lived experiences" na vore gekom het. Kobus: "Ek dink elke ou het maar sy eie verwysingsraamwerk – hoe jy groot geword het en dit is waarvolgens jy dinge meet, en dan kom jy agter dis nie noodwendig die regte manier nie – daar is verskeie moontlikhede – wat vir jou reg is, is nie noodwendig vir my reg nie – dit maak nie vir jou of vir my reg nie – daar is verskeie maniere om dinge te doen." Dit is vir my duidelik dat hulle nie sonder meer die gebruike in hulle lewe onbevraagteken handhaaf nie. Daar word gevra na hoekom hulle dinge so doen en of daar nie 'n alternatiewe wyse is waarop dit gedoen kan word nie.

In hoofstuk drie (3.1.1) het ek aangedui dat ek nie "lip service" aan die narratiewe benadering vanuit die sosiaal-konstruktivisme wil bewys nie. Ek wil werklik die gesinslede 'n nuwe manier van gesinwees laat ko-konstrueer. Het dit gebeur? Die groeplede getuig van 'n verskuiwing in hulle denke. Hulle is meer gewillig om alternatiewe raak te sien en beleef nou minder konflik en meer vrede. Liezl praat van persoonlike groei deurdat sy ontdek het hoe die ander haar opmerkings en gewoontes beleef. Karin wou van te vore wegloop, omdat hulle altyd baklei het en sy gevoel het dat haar sussies haar nie liefhet nie.

Ben verwoord, volgens my, die groep se mening raak: "Ek dink wat vir my baie beteken het, is dat ons groot waarde daaraan gekry het om dinge saam te doen as gesin. In die praktyk werk dit maar so dat 'n mens nie genoeg tyd maak om dinge as gesin saam te doen nie. Baie keer dink jy jy doen dinge saam, maar elkeen doen maar sy eie ding! Baie van die aktiwiteite was dan juis so dat elkeen sy bydrae moes lewer, en op daardie manier het ons mekaar ook beter leer ken en verstaan. En dan ook, baie het dit al genoem, om te leer fokus op die positiewe; 'n mens is natuurlik geneig om te fokus op die negatiewe en raak daaraan gewoond. Ek dink dit was 'n goeie manier om te oefen om meer die positiewe raak te sien."

Die groep was van mening dat dit interessant was om te sien dat jou probleme nie altyd so uniek is as wat jy dink nie. Baie keer, so meen hulle, is dit 'n kwessie van om 'n ander invalshoek te kry. Dieselfde tipe probleme is by verskillende gesinne teenwoordig en dat hulle kon praat daaroor, het dit makliker gemaak. As jy dan hoor hoe die ander dalk op 'n ander manier daarna kyk as wat jy daarna kyk en almal saam daaroor praat, kom 'n mens agter dat die probleme aan die einde van die dag eintlik nie so groot is nie.

In Engels is daar 'n gesegde wat lui: "The proof of the pudding is in the eating". Daarom vra ek myself af of verryking wel plaasgevind het? Die antwoord is "ja!". Gaan dit blywend wees? Wie kan sê? Ek het in hoofstuk twee paragraaf 2.3.4 daarop gewys dat 'n gesin se nuwe storielyn op soveel wyses moontlik vasgelê moet word. Een manier waarop ek dit gedoen het, was om herhaling in te span. Buzan (1989:64,134) het gesê dat herhaling 'n akkumulatiewe effek op alle aspekte van leer, denke en geheue het.

Ek het 'n tydsverloop tussen sessies ingewerk waartydens ek die verbatims van die vorige gesprekke vir die groepslede gegee het om te lees. Alhoewel ek aanvanklik van mening was dat een van die sterk punte van my benadering geleë was in die tydsverloop tussen sessies, het ek op 'n stadium begin wonder of hulle nie die tydsverloop tussen sessies as steurend beleef het nie. Ek was egter onnodig bekommerd. Die groep het spontaan gesê dat hulle weer elke paar maande byeen sou wou kom. Ben se kommentaar was vir my 'n bevestiging. Hy het gesê: "Ek dink die feit dat die program uitgewerk was oor 'n langer tydperk – as dit nou net 'n eendag-storie was, sou die effek daarvan dalk nie so ingesink het nie! Ek dink dit gee net soveel meer gewig aan al die dinge wat gebeur het. Dit gee jou die geleentheid om 'n bietjie daaroor te gaan dink en dit in die praktyk te gaan uitprobeer en dan weer terug te kom en weer daaroor te kan gesels."

- **Is die stemme van die kinders hoorbaar gemaak?**

Mandy het opgemerk dat sy ontdek het dat elkeen in haar gesin uniek is en daarom anders mag dink. Dit het vir haar baie beteken dat dit individue is wat saam in 'n gesin is. Hulle hoef nie soos sy te dink net omdat sy hulle groot gemaak het nie. Die kinders se opmerkings by hierdie geleentheid was sodanig dat doktor Roux opgemerk het: "Om by so iets betrokke te wees en agt- en sesjariges sê dit was lekker, 'dis significant!'" en "Dis interessant, want party mense sê kinders van agt kan nie lekker saampraat nie!"

Die kinders was dit almal eens dat hulle dit geniet het om te kon saampraat. Mandy, (wie die tikwerk van die verbatims gedoen het), het in hierdie verband die volgende opmerking gemaak: "Ek dink as 'n mens baie keer in 'n geselskap betrokke is, hoor jy nie altyd wat die ander sê nie, maar met die tikkery en oor en oor baie keer moet luister, het ek

agtergekom dat die kinders regtig 'n behoefte het om deel te wees. Ek dink die samelewing het so verander dat hulle ook deel wil wees. Dis nie meer dat kinders net gesien en nie gehoor mag word nie!" Daar was vir haar 'n duidelike behoefte by die kinders om ook vrae te kon vra. Sy was van mening dat hulle vrae relevant was en wel verband gehad het met dit wat daar gepraat is.

- **Het ek my eie kennis nie dalk op hulle afgedwing nie?**

'n Aspek van 'n narratiewe benadering is dat daar gewerk word met die geleefde kennis van die gesinne en dat hulle kennis gerespekteer moet word. Gevolglik was dit vir my belangrik om nie vanuit 'n posisie van deskundigheid kennis op hulle af te dwing nie. Het ek geslaag? Hulle kommentaar dien hier as antwoord: "Wat ek waardeer het, is dat hy 'n leidende vraag vra en dit dan los. En dan begin 'n ou dit bespreek en gesels en so aan en dan net elke keer vra hy weer 'n vraag as 'n mens geneig is om te ver in 'n ander rigting in te hardloop ... ek dink sy tegniek was baie sterk dat hy iets begin en dit dan vir ons los." Asook in Clarissa se woorde: "Hy het jou gelei om self die oplossing te vind. Hy het nooit vir jou gesê: 'dit is hoe dit moet lyk nie'. Hy het jou gelei om self te ontdek en as jy terugkyk, dan besef jy, maar eintlik het ek dit geweet! Hy het my dit laat agterkom! Dit laat jou goed voel oor jouself en dit maak die probleem nie so groot nie."

Op doktor Roux se vraag: "Hy het dit nie kom aanbied en gesê: 'Kom ek sê vir julle hoe lyk 'n gesin en hoe dit eintlik moet werk nie?'", het hulle met 'n duidelike nee geantwoord. Waar ek dit dalk wel gedoen het was in 'n voorstel oor waar hulle hul verdigtingsertifikate (hoofstuk vier paragraaf 4.2.2.2) moet opsit. Dit sou beter wees om hier deur middel van 'n vraag vir hulle te vra waar die beste plek vir hulle sou wees om dit op te sit. Ek meen dat ek hier my "deskundige kennis" oor hul lewe gehandhaaf het en nie hulle die deskundige oor hul eie lewens laat wees het nie.

- **Tydens die eerste sessie was ek onder die indruk dat die collage uiters geslaagd was en as 'n keerpunt vir van die gesinne gedien het. Was my indruk korrek? Wat het uit die collage voortgevloei?**

Johann het gevra of dit makliker was om met die collage te werk. Die groep was van mening dat dit was. Clarissa het dit raak verwoord: "Ons het goeie goed agtergekom wat ons nie altyd geweet het daar is nie. Die manier wat ons goed saam doen – ek kan nie nou aan 'n voorbeeld dink nie – maar wat jy kan sien en agterna kon agterkom dat ons tog goed saam kan doen, en vandaar het ons 'n punt gemaak om meer goed saam te doen. Dit het 'n mens opnuut laat besef wat die goeie goed is en kon dan daarop fokus."

Die betekenis van die collage is verder deur Mandy uitgebou: " ... Nicky het dalk nie die vrymoedigheid gehad om iets te sê nie, maar omdat dit byvoorbeeld in die *collage* was, is dit gesê –en sy het gedink almal gaan vir haar lag – en toe lag hulle nie vir haar nie! So, ek dink dit wat in die gesin uitkom, word dan makliker in die groter groep aanvaar." Die collage het gesinslede gehelp om op 'n ander manier gevoelens en gedagtes ter tafel te bring.

As leraar doen ek huisbesoek by hierdie gesinne. Nou, ongeveer 'n jaar later, hang die een gesin se collage steeds agter die kombuisdeur waar dit dien as 'n herinnering aan wie hulle is. Hulle gebruik dit ook as 'n aanknopingspunt om met besoekers te praat oor gesinwees.

- **Wat was die betekenis wat die speletjie vir hulle gehad het?**

Die speletjie het duidelik daartoe bygedra dat die kinders se stemme hoorbaar gemaak is. Die een gesin het getuig dat hulle die jongste telkemale moes aanhoor omdat dit haar beurt was. Ander kere sou hulle haar bloot stilgemaak het. "So, met die speletjie as dit jou beurt is om te praat, mag jy praat en almal moet luister! Jy kan sê wat jy wil en sê hoe jy voel. Niemand gaan jou doodpraat nie! 'n Paar keer, gedurende die speletjie, moes iemand stilgemaak word, sodat die ander ou sy sê kan sê!" 'n Ander gesin het opgemerk dat die speletjie jou gedwing het om te sê hoe jy voel. Daar was nie kans om, soos haar man graag doen, die respons vir 'n paar dae te loop en formuleer nie. Jy moes sê soos dit in jou gedagte opkom. Dit het meegebring dat die ander gesinslede dit wat gesê is, beleef het as opreg.

Die speletjie het ook sy doel gedien ten opsigte van herhaling. Baie van die vrae in die speletjie het gekom vanuit die ko-konstruksies wat in die gesprekke gegenereer is. Die speletjie was ook 'n lekker gesinsaktiwiteit (laasgenoemde is veral kommentaar van die kinders se kant).

- **Wat het ek by die groep geleer?**

Ek het uit die aard van die saak heelwat by die groep geleer. Daar is egter twee dinge wat ek hier sou wou uitlig. Die eerste is, ironies, iets waarop ek volgens hulle baie klem gelê het, naamlik om positief te kyk. Konsentreer op die positiewe. Mandy het dit so gestel: "'n Mens is geneig om die negatiewe eerste raak te sien, want alles om jou is negatief – die ekonomie is negatief – die verhouding waaruit ek kom was negatief – so, jy het negatief gekyk en gedink! So, alles beleef jy negatief en dan maak jy almal om jou negatief! Toe kon jy sien wat gebeur as jy meer op die positiewe konsentreer! Almal raak dan positief en almal sien positiewe dinge raak en dis alles kwaliteite wat ons het, dis nie iets wat eers ontwikkel moet word nie!" Ek beleef in myself 'n stuk negatiwiteit. Ek is geneig om in my eie daaglikse omgang die negatiewe eerste raak te sien. Hulle opmerking moedig my aan om te poog om eerstens na die positiewe te soek.

Die tweede was dat mens nie moet huiwer om van jouself te gee nie. 'n Mens kan ter wille van sogenaamde objektiwiteit probeer onpartydig bly en van buite af waarneem. My vraag is: "In hoe 'n mate sal diegene vir wie jy waarneem geïnspireerd voel om oop te maak?" Ben het opgemerk: "Ek dink as jy agterkom iemand anders deel iets, is eerlik, dan gee dit jou die vertroue om ook te kan praat." Van die ander het gesê dat die ander se eerlikheid en openheid gemaak het dat hulle self meer oopgemaak het. Ek wonder watter effek dit sou gehad het as ek self meer van myself gegee het in die ko-konstruksie van kennis? Ek meen dat my eie stem te stil was in die groep omrede ek oorsensitief was vir die deurgee van sogenaamde deskundige kennis. Hierdeur het 'n deel van die ko-konstruksie, of "collaboration", verlore gegaan.

So 'n studie gaan nie net om die sélf nie. Dit het nie maar net betrekking op my en die gesinne en ons groei en ervaring nie. As christene is ons oortuig daarvandat 'n mens ook ter wille van ander leef. Die christelike narratief is juis 'n narratief van ander lief te hê soos jouself. Daarom maak dit sin om te vra na die bydrae wat hierdie ko-konstruksie van kennis oor gesinwees kan maak tot die groter samelewing waarbinne ons leef. In die volgende paragrawe bedink ek die moontlike waarde of bydrae van hierdie studie vir die res van die samelewing.

### 5.2 Bruikbaar vir 'n Reënboognasie

My leefwêreld, asook die leefwêreld van my navorsingsgroep, is nie net Suid-Afrikaans nie, maar meer spesifiek die leefwêreld van die Christelike geloofsgemeenskap.

Suid-Afrika is 'n land met 'n diverse bevolking. Elke mens in hierdie diverse bevolking se lewe word gevorm deur diskoerse vanuit hul kultuur en godsdiens (indien hul godsdienstig is). Ek begin met 'n besinning oor die bydrae van hierdie studie in die lewe van christene (die godsdienstige groepering van waaruit my navorsingsgroep gekom het). In hoofstuk een (sien punt 1.7) het ek reeds daarop gewys dat die praktiese karakter van teologie (Van der Ven 1988:8) te make het met menslike handeling as die reaksie op geloof; en die rol wat affeksie tussen mense speel. Ek het ook reeds daarop gewys dat, volgens Gerkin (1986:60), praktiese teologie die kritiese- en konstruktiewe reflektering op die lewe en werk van Christene in al die verskillende kontekste waarbinne hul lewe, is. Die doel van praktiese teologie is om transformasie in lyn met die evangelie te fasiliteer in al die dimensies van christene se lewens. In hierdie navorsing was die studieveld van die praktiese teologie die lewens van 'n aantal gesinne. Die transformasie in die geval van die navorsingsgroep, sou dan wees 'n transformasie na 'n meer verrykende manier van gesinwees, sodanig dat die konteks van hul gesinslewe vernuwing ondergaan. In die geval van die navorsingsgroep het transformasie wel plaasgevind. Trouens, hulle beskryf hierdie transformasie as vernuwend en blywend.

In hierdie hoofstuk (vyf) het ek aangetoon dat die gesinne wel verryking beleef het. Nou kyk ek wyer na die groter geloofsgemeenskap (dit is groter as die groep). Hierdie jaar, die jaar 2001, is die "Jaar van Hoop" in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Met die "Jaar van Hoop" wil die kerk sy verantwoordelikheid aanvaar om saam met ander kerke in die land mee te werk aan die bevordering van versoening, die bekamping van beide armoede en die verval van morele waardes in die land. In 'n skrywe in hierdie verband, van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat (gedateer 13 Oktober 2000), word in 'n bekendstellingspamflet (wat aan die skrywe geheg was) gesê dat niks belangriker is as die herstel van 'n gesonde gesinslewe in ons land nie (Jesus Christus bring hoop vir ons samelewing 2000:2). Dit is veral ten opsigte van hierdie herstel van gesinslewe waar hierdie studie 'n bydrae kan maak.

In 'n wêreld waar die verskoning dikwels voorgestoot word van "ek het nie die tyd om 'n hele naweek lank af te staan aan gesinsverryking nie", kan hierdie navorsing ook op 'n ander wyse benut word. Huidiglik gebruik ek een aand per maand vir 'n Engelssprekende groep in 'n plaaslike restaurant. Oor ete word dan gesprek gevoer oor gesins- en huweliksverryking. Die terugvoer is positief. Die herhaling aan die begin van elke opvolg-aand verbeter retensie van kennis wat in vorige gesprekke geko-konstrueer is. Terselfdertyd word die kennis gebruik as wegspringpunt vir besprekings oor 'n volgende "onderwerp" soos byvoorbeeld diskoerse, kommunikasie en konflikhantering (om net enkeles te noem). Die narratiewe benadering, soos ek dit gebruik het in hierdie studie, werk goed met huweliksverryking ook. Die aantal stemme wat in die gesin geko-konstrueer word is nou net minder (die huidige groep is jong egpare sonder kinders). Om aandgroepe te begin, bring mee dat gesinsverryking 'n deurlopende onderwerp in 'n gemeente en gemeenskap is. Sodoende kan die kerk meewerk aan dit waarvoor Harvey (1997:22) pleit, naamlik die daarstelling van godsdienstige- en kulturele waardes, norme en individuele identiteit.

Dit is my mening dat hierdie navorsing 'n benadering daarstel wat gebruik kan word in al die kultuurgroepe van ons land. In 'n multi-kulturele samelewing is dit belangrik dat elke kultuur tot sy reg kom en nie "vertrap" word deur 'n ander kultuur nie. My narratiewe benadering tot gesinsverryking kan dit vermag. Ek maak die stelling op grond van die volgende:

- Die feit dat mense groei kan beleef in hul gesinslewe deurdat die gespreksleier bloot die groep help om te ko-konstrueer, sonder om deskundige kennis op hulle af te dwing, bring mee dat die kultuur-eie en gebruike van verskillende kultuurgroepe gerespekteer sal bly.

- Die klem op die rol wat diskoerse in ons lewens het, kan meebring dat meer mense die diskoerse wat aan die werk is in hulle kultuurgroep kan blootlê en evalueer, sonder dat 'n buitestaander 'n ander kultuursiening op hul afdwing. Hul kan 'n eie keuse maak sonder om in 'n allergietstuk vir die gesin gedwing te word.

- Die gespreksleier sou egter steeds moeite moet doen om die tradisies en gebruike van die spesifieke kultuurgroep na vore te laat kom. Deur opreg nuuskierig te wees en uit te vra na die oorsprong van 'n gebruik of sienswyses, kan dit insig by die groep self bring. Dit sou gebeur aangesien hulle waarskynlik nog nie nagedink het oor die rol wat 'n bepaalde gebruik in hul lewens het nie. Daarna kan hulle oorweeg om na alternatiewe te kyk; indien hulle die ou gebruik as beperkend ervaar het.

In anderstalige gemeenskappe sou mens met die kerkleiers in gesprek kon tree en vra: "Hoe kan ek in julle gemeenskap 'n bydrae maak rondom gesinsverryking?" Reeds met die vraag wil mens die boodskap oordra dat hulle kennis, kultuur en diskoerse gerespekteer gaan word. Hulle is tog immers die deskundiges oor hul eie lewens. Na gelang van hul response kan daar dan verder geko-konstrueer word aan geleenthede om gesinsverryking te bevorder.

## 5.3 Slotwoord

As slotwoord wil ek pleit vir meer gesinsverryking in Suid-Afrika. Vanuit die gemeente waarin ek dien, sien ek al hoe meer hoe gesinne verbrokkel onder die druk van 'n snelveranderende samelewing. Ek sien kinders in skole wat uit sogenaamde gebroke huise kom en die probleme wat hulle by die skole veroorsaak. Ek pleit vir gesinne wat met gesinslede onderling (en as dit kan ook met mekaar as gesinne) in gesprek is oor die waardes en normes waarvoor hul staan en wat vir hul belangrik is. Kry die kinders om saam te konstrueer aan dit wat vir ons gesin belangrik is en wat ons as gesin dus uniek maak.

Ek sluit met twee aanhalings: Die eerste deur Covey en die tweede 'n aanhaling of spreuk in die tydskrif "Motivation of champions". Ek hoop dat hierdie aanhalings daartoe sal bydra dat gesinne meer aandag skenk aan gesinsverryking, deurdat hulle pro-aktief beplan vir gesinwees en sodoende as gesinne saamwerk na 'n gemeenskaplike doel. As dit nie gebeur nie, gaan werks-, skool- en welke ander verpligtinge en krisisse hulle ookal mag hê, hulle gesinstyd opeis en sodoende gaan hulle verby mekaar begin leef.

> "Because all things are created twice, if you don't take charge of the first creation, someone or something else will (Covey 1997:73)".

"Life is not an easy matter ... You cannot live through it without falling into frustration and cynicism unless you have before you a great idea which raises you above personal misery, above weakness, above all kinds of perfidy and baseness (Leon Trotsky in Motivation of Champions Volume 2, Uitgawe 2:15)."

## BRONNELYS

Alpaslan, N 1994. *Hoop en hulp vir die huwelik: 'n Werkboek vir huweliksvoorbereiding en huweliksbegeleiding.* Pretoria: Kagiso Uitgewery.

Anderson, D A 1976. The Family Growth Group: guidelines for an emerging means of strengthening families, in Otto, H A (ed), *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs,* 28-37. Nashville, Tenesee: Abingdon.

Atwood, J D (ed) 1996. *Family Scripts: accelerated development.* Washington DC: Accelerated Development.

Besa, D 1994. Evaluating narrative family therapy using single-system research designs. *Research on Social Work Practice* 4(3), July, 309-325.

Boyne, R 1990. *Foucault and Derrida: the other side of reason.* London: Unwin Hyman.

Branch, J 1976. The Family Camp: an extended family enrichment experience, in Otto, H A (ed), *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs.* 50-57. Nashville, Tenesee: Abingdon.

Breytenbach, B 1999. Vuur in die vingers: 'n voorwoord, in Slabbert, F v Z, *Afrikaner Afrikaan: Anekdotes en analise,* [voorwoord]. Kaapstad: Tafelberg.

Burr, V 1995. *An introduction to social constructionism.* London: Routledge.

Buzan, T 1989. *Use both sides of your brain.* 3rd ed. New York: Penguin.

Clandinin, D J & Connelly, F M 1991. Narrative and story in Practice and Research, in Schön, D A (ed), *The reflective turn: Case studies in and on educational practice.* New York: Teachers College Press, 258-281.

Corel Corporation 1996. *Corel Mega Gallery.* CD-Rom.

Covey, S R 1992. *The Seven habits of highly effective people.* London: Simon and Schuster.

Covey, S R 1997. *The Seven habits of highly effective families.* London: Simon and Schuster.

Covey, S R, Merrill, A R & R R 1994. *First things first: coping with the ever-increasing demands of the workplace.* London: Simon and Schuster.

Dean, B 2001. The sky's the limit. *Family therapy Networker: psychotherapy and modern life* 25(1), Jan/Febr, 36-56.

Denzin, N K & Lincoln, Y S (eds) 1994. *Handbook of qualitative research*. London: Sage.

Drewery, W & Winslade, J 1997. The theoretical story of narrative therapy, in Monk, G [et al]. *Narrative Therapy in practice: The archaeology of hope*. San Francisco: Jossey-Bass, 32-52.

Diamond, J 2000. Making friends with your addiction. *Family Therapy Networker: psychotherapy and modern life* 24(4), Jul/Aug, 40-47.

Duvall, E M & Miller, B C 1985. *Marriage and family development*. 6th ed. New York: Harper & Row.

Efran, J & Lukens, M D 1985. The World according to Humberto Maturana. *Networker* 9(3), 23-28,72-75.

Epston, D 1998. *'Catching up' with David Epston: a collection of narrative practice-based papers published between 1991 & 1996*. Adelaide, South Australia: Dulwitch Centre Publications.

Foucault, M 1980. *Power/knowledge: selected interviews and other writings, 1972-1977*. Brighton, Sussex: Harvester Press.

Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy: the social construction of preferred realities*. New York: Norton.

Freeman, J, Epston, D & Lobovits, D 1997. *Playful approaches to serious problems: narrative therapy with children and their families*. New York: Norton.

Gerkin, C V 1986. *Widening the horizons: pastoral responses to a fragmented society*. Philadelphia: Westminster.

Gray, J 1993. *Men are from Mars, women are from Venus: a practical guide for improving communication and getting what you want in your relationships*. London: Thorsons.

Harvey, E W 1997. *Marriage and family life in South Africa: research priorities. Theme 7: Preparation for family life, family enrichment, family counselling and available services*. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Heyns, L M, & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis.

Hoffmann, L 1990. Constructing realities: an art of lenses. *Family Process* 29, 1-12.

Hudson, F M 1999. *The handbook of coaching: a comprehensive resource guide for managers, executives, consultants and human resource professionals.* San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Imber-Black, E, Roberts, J & Whiting, R A 1988. *Rituals in families and family therapy.* New York: Norton.

Jordaan, W 1996. Postmoderniteit en die huwelik. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(2), 1-15.

Jesus Christus bring hoop vir ons samelewing: Versoening, armoede en morele herstel, bekendstellingspamflet aangeheg aan skrywe van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat, 2000.

Kotze, E & Kotze, D J 1997. Social construction as a postmodern discourse: an epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 1, 27-50.

L'Abate, L & Weinstein, S E 1987. *Structured enrichment programs for couples and families.* New York: Brunner/Mazel.

Louw, D J 1985. *Die volwasse huwelik.* Durban: Butterworth-Uitgewers.

Maykut, P & Morehouse, R 1994. *Beginning qualitative research: a philosophic and practical guide.* London: Palmer Press. (The Palmer Press Teachers' Library: 6)

McKenzie, W & Monk, G 1997. Learning and teaching narrative ideas, in Monk, G. [et al]. *Narrative therapy in practice: the archaeology of hope.* San Francisco: Jossey-Bass, 82-117

Monk, G [et al]. 1997. *Narrative Therapy in practice: the archaeology of hope.* San Francisco: Jossey-Bass.

Morgan, A (ed) 1999. *Once upon a time: narrative therapy with children and their families.* Dullwich Centre Publications.

Morgan, A 2000. *What is narrative therapy?: an easy to read introduction.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Neuman, M G & Romanowski, P 1998. *Helping your kids cope with divorce the Sandcastles way.* New York: Random House.

Odendal, F F (ed) 1988. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* 2de uitg. Johannesburg: Perskor.

Otto, H A (ed) 1976. *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs.*

Nashville, Tenesee: Abingdon.

Parry, A 1991. A universe of stories. *Family Process* 30, 37-54.

Parry, A & Doan, R E 1994. *Story re-visions: narrative therapy in the postmodern world.* New York: Guildford Press.

Pearce, S S 1996. *Flash of insight: metaphor and narrative in therapy.* Boston: Allyn and Bacon (Simon & Schuster).

Prunty, K G 1976. The Care-Lab: a family enrichment program, in Otto H A (ed), *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs,* 58-72. Nashville, Tenesee: Abingdon.

Roux, J 1993. Getroud met 'n sfinks: kry hom so aan die praat. *Sarie* Jul 7, 44-45.

Russell, L & Wilson, J N 1976. The family enrichment program, in Otto, H.A. (ed) 1976. *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs, 38-49.* Nashville, Tenesee: Abingdon.

Silvester, G 1996. Appreciating indigenous knowledge in groups, in Monk, G, et al (eds), *Narrative Therapy in practice: the archaeology of hope,* 233-251. San Francisco: Jossey-Bass.

Simon, R 1985. A Frog's eye view of the world. *Networker* May-June, 32-43.

Steyn, A F & Breedt, A 1977. *Die Veranderende gesin.* Pretoria: Academica.

Taffel, R 1999. Discovering our children. *Family Therapy Networker: psychotherapy and modern life* Sept/Oct, 24-35.

Trotsky, L 2001. *Motivation of champions* 2, p15.

Van Wyk, A G 1995. From "*Applied theology" to "Practical theology*". Andreas University Seminary Studies, 33(1), 85-101.

Wessels, C 1997. Enkelouers: oorkom die slaggate. *Sarie,* 27 Aug, 73-75.

White, M 1995. *Re-authoring lives: interviews and essays.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Wilson, R L & Wilson, J N 1976. Family Centred Programs: the Family Enrichment Weekend, in Otto H A (ed), *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs,* 38-49. Nashville, Tenesee: Abingdon.

## ADDENDUM 1: DIE BEERTJIE-STORIE

Eendag was daar 'n gesin van vyf bere. Pappa Beer was 'n groot bruin beer. Mamma Beer was 'n klein fyn beer met groot bruin oë. Hulle het drie klein beertjies gehad. Hulle name was Sonja, Shelly en Hennie. Hennie was die oudste en Shelly die middelste, met Sonja die jongste.

Pappa en Mamma Beer moes albei baie hard werk om geld te verdien, kos bymekaar te maak en die huis mooi netjies en skoon te hou. Hulle huis was in 'n groot, uitgeholde boomstam. Een van die grootste bome wat jy nog ooit gesien het.

Op 'n dag het die drie klein beertjies langs die spruit gespeel. Toe hulle moeg gespeel was, het hulle onder 'n boom in die skadu gaan lê en rus. Terwyl hulle rus het hulle na die wolke gekyk. Die wolke het nes groot bere gelyk. Hulle het begin praat oor hoe hard hulle pappa en mamma werk. Dit is hoekom hulle so moeg is. "Ek wens hulle het meer tyd gehad om met ons te speel", het Sonja gesê. Die beertjies het gewonder wat hul sou kon doen om te help sodat Pappa en Mamma meer tyd kon hê om met hulle te speel.

Al drie het besef dat as hulle meer help, hulle ouers minder sou hoef te werk. Maar wat sou hulle kon doen? Daar is so baie dinge, maar vir die meeste van die dinge is hulle nog te klein. Skielik hoor hulle 'n stem. Dit kom uit die boom uit. Hulle soek en soek, maar kan niks sien nie. Het hulle hulle verbeel? Net toe hoor hulle weer die stem, maar nou kom dit van agter hulle af. Toe sien hulle hom: 'n Kwikstertjie. Kwikkie, dis sy naam, sê: "Hou julle kamers netjies."

"Ja, ja!" roep al drie gelyk uit. Dis iets wat ons kan doen. " Ons kan ons kamers netjies hou."

Hennie: "Myne is netjies."

Kwikkie: "Okay, nou hoe lyk jou kamer as hy netjies is?"

Hennie: "Alles is mooi skoon, op hulle plek."

Kwikkie: "Alles skoon, alles netjies."

Shelly: "Ek wil hê my bed moet mooi opgemaak wees en skoon wees en alles op hulle plek."

Kwikkie: "Hoe lyk Sonja se kamer as dit mooi netjies is?

Sonja: "Die goed lê nie rond in die kamer nie. Hoekom vra jy so baie vrae, Kwikkie?"

Kwikkie: "Ek vra, want ek wil by julle leer. Julle is mos slim as dit by die dinge kom."

Shelly: "Hoekom?"

Kwikkie: "Dat ek my kamer kan gaan netjies maak"

Shelly: "Jou kas moet ook mooi netjies wees - die klere moet mooi opgevou wees."

Kwikkie: "Klere mooi opgevou in mooi hopies, né Hennie?"

Hennie: "Mooi op hopies, cool."

Shelly: "Ja, nie soos Sonja wat haar skoene en klere onder haar bed gooi nie."

Kwikkie: "O, gits. Ek dog as ek alles onder die bed wegsteek waar niemand dit kan sien nie, dan is my kamer netjies. Nou sê jy, as die kamer mooi netjies is, lê daar niks klere en goed onder die bed weggesteek nie?"

Shelly: "Sonja het eenkeer toe ons die frilletjie oor het, sy skop - ek sien haar - sy skop haar skoene en gooi haar klere daar onder in - toe ons daar onder kyk, hemel was dit 'n gemors!"

Sonja: "Maar Kwikkie, weet jy wat? Ek het so 'n prent gekry van paint en alles, en ek was moeg om so te sit en alles en ander dag toe soek Shelly vir posters. Ek maak daai heel boonste kas oop, toe sien ek daai ding - ek was so bly "

Kwikkie: "Was hy weg gewees?"

Sonja: "Ja."

Kwikkie: "So, dis hoekom ek nooit iets in my kamer kan kry nie. Dis hopeloos te deurmekaar."

Die beertjies het lekker vir Kwikkie gelag. Hulle het ook besluit dat hulle van hier af hul kamers sou netjies hou. Hulle weet mos hoe. Hulle is mos 'experts' as dit by hulle kamers kom. En dan sal Pappa en Mamma Beer minder hoef te raas met hulle en dalk meer tyd hê om met hulle te speel. Dis toe dat Shelly sê hoe sy graag haar kamer wil hê. Sy sê dat hare vol hartjies moet wees.

"Nee, Nee", sê Hennie, "myne moet ....blou wees met dolfyne en allerhande mooi goed" "Agge nee", sê Sonja, "myne moet dieselfde as Shelly s'n wees. Barbies en wit-pers met hasies of stempeltjies."

Kwikkie vra toe: "Nou hoe kan ek my kamer maak - hoe sal dit cool lyk?"

Sonja: "Spiderman en allerhande cool goed".

Kwikkie: "Nou wat is cool goed? Ek is te oud. Ek verstaan nie wat's cool nie."

Shelly: "Cool is iemand wat fancy aangetrek is, met kwaai sonbrille en hare gegel en alle sulke goed."

Sonja: "En mooi maniere het."

Hennie: "Nie alle mense wat cool is het mooi maniere nie - hulle dink hulle is cool en hulle dink hulle is die beste."

Sonja: "Ja en hulle drink net bier."

Shelly: "As jy cool is dink jy jy kan enige iets doen."

Kwikkie het gewonder of hy cool is, maar was te bang om te vra. Toe vra hy liewers: "Dink 'n bietjie. Is daar nie nog goed wat julle kan doen om Pappa en Mamma te help nie? Wat van dinge wat as julle ophou daarmee, dit dinge lekkerder vir almal in die gesin sal maak?"

Weer het die beertjies hard gedink. Hasie hop daar naby verby. Skielik wil al drie met hasie speel. Dit was 'n groot lawaai soos hulle baklei. "Genade", sê Kwikkie, "ek hoop nie julle baklei altyd so nie! Of baklei en stry julle nog erger?"

Kwikkie skrik so groot dat hy sommer begin Engels praat. "How are we going to solve this? Kom ons hoor, Hennie, hoe dink jy kan ons dit oplos?"

Hennie: "Ek dink gee vir haar die hasie, dan hou sy hom en dan bly hierdie een in die middel mos agter."

Shelly: "Jy het dan al klaar 'n hasie."

Kwikkie: "Wat van ons maak beurte?"

Al die beertjies stem saam. "Dis 'n goeie plan" sê hulle gelyk.

Kwikkie: "Hoe lank is 'n beurt?"

Shelly: "10 minute."

Hennie: "10 sekondes."

Almal lag baie lekker. Kwikkie wonder of hulle nie eerder 'n 'deal' moet maak nie. Tref 'n ooreenkoms iewers tussen Hennie en Shelly se voorstel.

Kwikkie: "Wat van 5 minute?"

Sonja: "Wat van hare is 10 sekondes en myne is 2 ure!"

Kwikkie: "Nee, dit werk nie so nie."

Shelly: "Nee, sy moet hom teruggee - sy't hom nie gevra nie - net uit my hand uit gegryp! Sy moet hom eers teruggee en vra."

Sonja: "Mag ek?"

Shelly: "Nee!"

Sonja: "Sies Shelly"

Sonja: "Ag okay! Dis hoe jy my kry om jou goed ... "

Kwikkie: "Nou watse sollution het ons hier? Ons vra mooi en dan deel ons met mekaar en maak beurte ... "

Shelly: "En ons gryp nie uit hande nie!"

Almal is tevrede met hierdie plan teen Baklei. Skielik sê Shelly: "Weet julle, ek dink dis belangrik dat ons mooi maniere moet hê." Dit het dadelik vir Kwikkie nuuskierig gemaak. Net daar en dan wou hy weet hoe lyk goeie maniere?

Hennie: "Ons moet nie vloek nie, dan het ons mooi maniere"

Kwikkie: "So, ons moet nie vloek nie."

Hennie: "Nee, ons moet nie vloek nie, dan het ons mooi maniere !"

Shelly: "Een keer was daar 'n kombers wat daar gelê het van my poppe, toe sien ek hom ... want ek wou 'n bedjie maak vir my pop, en toe vat ek hom en toe begin Sonja te skree en te huil en toe gee ek dit vir haar, want ek's bang my Pa kom en my Ma en dan raas hulle met ons. Een keer, toe ek daai kombersie sien en ek vat hom - toe skree en huil sy en skop haar voete en alles en ek het hom nie teruggegee nie - want dit gaan nou so aanhou ... "

Dit lyk so al asof ons drie maatjies nou-nou weer gaan baklei. Kwikkie was nie lus vir 'n bakleiery nie, toe stuur hy liewers die gesprek na veilige waters toe. Veilige waters is daar waar niemand bang is of gaan seerkry nie. Vir Kwikkie klink 'n storie na 'n veilige water.

Kwikkie: "Vertel my gou-gou - sit alles eers hier bymekaar - dat hulle hier in die middel sit – dis nou hasie en sy maatjies wat intussen bygekom het- Dis nou 'n gesinnetjie wat nou hier bly, né?

Sonja: "Daar onder die stoel."

Kwikkie: "Hierdie onder-die-stoel mense baklei vreeslik. Hulle is kwaad vir mekaar en trek allerhande rigtings toe ... "

Shelly: "Ja, en nou gaan bly een hier .... En een daar.... "

Kwikkie: "Ja, en dan is dit nie lekker om daar te kuier nie, is dit ?

Shelly: "Nee, nee - dan bly een hier en een daar."

Kwikkie: "Ja, en dan bly hulle glad nie meer saam nie. Nou as hulle as gesin glad nie meer bymekaar bly nie, is dit lekker vir hulle?"

Sonja: "Nee..."

Kwikkie: "Wat kan ons vyf hier doen dat dit nie meer gebeur nie?"

Shelly: "Ons moet nie baklei nie."

Sonja: "Ja"

Shelly: "Hulle moet niks doen dat hulle skei nie ... As hulle baklei, dan huil die Ma ... "

Kwikkie: "Nou, is daar nie dinge wat hulle kan doen dat hulle altyd lief bly vir mekaar nie?"

Sonja: "Nie baklei nie..."

Shelly: "Hulle moet 'n fototjie by hulle hou, as hulle nog eendag daarna kyk - dan wil hulle nie skei nie en gaan hulle weer terug na mekaar toe..."

Kwikkie: "Wat kan hulle nog doen om te sorg dat hulle nooit skei nie en net by mekaar bly?"

Hennie: "Hulle moet lief wees vir mekaar."

Kwikkie: "Hoe sal lief wees vir mekaar lyk ? ... Hier tussen die beertjies?"

Sonja: "Ek's lief vir jou, ek's lief vir jou ... "

Kwikkie: "So, hulle sal dit vir mekaar sê?"

Almal gelyk: "Ja , ja."

Dis toe dat die beertjies vertel: "Ons Pa en Ma het eenkeer baie, baie baklei en toe huil ons; en toe vra my Ma hoekom huil ons; en toe sê ons : 'Mamma, julle moet nooit skei nie!' Toe sê sy: 'Nee man, ons sal nie!'"

Kwikkie: "As hulle kwaad is vir mekaar, wat kan hulle dan doen?"

Hennie: "Vrede maak."

Dadelik kry die nuuskierigheid vir Kwikkie beet: "Wat is vrede maak?" wou hy weet.

Shelly: "Die een moet sê ... vat mekaar se hande en sê: Ek is jammer ... "

Kwikkie: "Sal dit help as ek ... Laat ek dink ... Julle sê ek moet sê ek's jammer? Moet die ander een dit aanvaar ? Onthou, jy kan jammer wees, maar nie vrede maak nie!"

Shelly: "Nee, hy moet vrede maak"

Hennie: "Ek is jammer ... "

Almal skater van die lag. Hennie kan so snaaks wees as hy wil. Kwikkie weer is net 'n bulhond wat vasgebyt het. Hy wil nie sy vraag laat los nie. Hy wil weet. Weer vra hy: "Wat kan hulle nog doen om saam te bly? Sal dit help as hulle dinge saam doen?" "Ja", sê almal.

Kwikkie: "Watse dinge moet hulle saam doen?"

Shelly: "Hulle moet saam piekniek hou en ... games speel ... "

Kwikkie: "Sal dit help as hulle saam werk?"

Almal: "Ja!"

Kwikkie: "Soos wat?"

Shelly: "As die huis deurmekaar is - saam regmaak, as die tuin nie mooi is nie, help blommetjies plant, en die tuin mooi maak .... "

Kwikkie: "Kom ons hoor gou hier by Junior? Wie moet die tuin netjies en mooi maak?"

Hennie: "Almal."

Kwikkie: "Almal saam?"

Hennie: "Ja, almal saam."

Kwikkie: "En wie moet die huis skoonmaak?"

Hennie: "Almal saam."

Kwikkie wys na die hasies en sê: "Maar almal hier sê: 'Dis meisies se werk!' Wat sê sy?"

Shelly: "Nee."

Kwikkie: "Hoekom nie?"

Sonja: "Sommer nie!"

Kwikkie: "Sommer is nie 'n rede en skilpad het nie vere! Wat sê sy dan?"

Shelly: "Dis nie net die vrouens se werk nie, want mans het ook deurmekaar gemaak!"

Hennie: "Mans maak nie deurmekaar nie!"

Kwikkie: "Maar nou sê Pappa hy het heeldag hard gewerk om geld huis toe te bring - dis nie sy werk nie!"

Hennie: "Ons Pa sê dit ook!"

Kwikkie: "Wat sê Ma dan?"

Hennie: "That's all right!"

Shelly: "Sy sal sê dis all right - maar jy het ook deurmekaar gemaak!"

Sonja: "Jy moet dit ook doen!"

Kwikkie: "Okay, nou moet die kar skoon kom en sy sê : 'Om die kar te was - That's men's work!'"

Sonja: "Ja, dit is 'n man se werk!"

Kwikkie: "Wat moet ons dan sê?"

Nou is al die beertjies stil. Hulle weet dat almal mekaar moet help. Ons moet mekaar help oral waar ons kan, want dan maak ons die werk en die lewe vir almal makliker. Die probleem is net, dat nes kindertjies, wil die beertjies nie ekstra werk hê nie. Pappas ook. Mammas ook.

Hennie begin te lag.

Kwikkie: “As ons saam lag , sal dit ons help om gelukkig saam te bly?”

Almal: “Ja, ja ... “

Kwikkie: “Vertel my nog gou, Hennie, wat kan hulle doen om Pappa en Mamma te help?

Hennie: “Soet wees”

Kwikkie: “Wat is soet wees?”

Shelly: “Jy moet stil wees - jou huiswerk doen”

Hennie: “Huiswerk self doen!”

Shelly: “Mamma kan hulle help “

Kwikkie: “Ja, as hulle sukkel. Moet Mamma altyd kla oor die kamer of moet die kamer vanself netjies kom?”

Almal: “Vanself netjies kom!”

Kwikkie: “Hoe kom hy vanself netjies?”

Hennie: “Die kinders maak hom netjies”

Kwikkie: “Sonder dat Mamma hoef te praat?”

Shelly: “My kamer is netjies - ek hou van opruim. Die snoekerkamer was een keer verskriklik deurmekaar, toe sê ek: ‘Sonja, gaan sit op jou bas - ek sal die snoeker kamer opruim!’”

Kwikkie: “Vertel my gou, daar is nog iets wat ek wil weet. Wat kan hierdie drie maak dat hulle minder baklei?” (Hy wys na die hasies.)

Shelly: “Hulle moet nie mekaar se speelgoed vat nie, kerm nie, en alles nie. Mekaar nie terg nie! As die een sê: ‘seblief hou op!’ - dan moet die ander een ophou en alles. Nie mekaar se hare trek nie; nie mekaar spot nie ... Die een swart dogtertjie - sy's nogal oulik - in ons skool, sy kan nie mooi sien nie, toe kom sy eendag met brille skool toe, toe sê die een seuntjie: ‘Hallo, brilletjies!’ Hulle moet mekaar nie spot as die een brille aan het nie!”

Kwikkie: “Wat maak dit aan die een wat gespot word?”

Shelly: "Dit breek sy hart en dit maak hom hartseer!

Kwikkie: "Is dit lekker om hartseer te wees?"

Sonja: "Nee."

Shelly: "Weet jy, ek was baie siek gewees en wat my beter laat voel het was 'n ice cream - maar dis nie 'n ice cream nie, dis net ys ... soos 'n lollie - dit het my baie beter laat voel!"

Kwikkie: "Wat dink jy, Hennie, kan hulle doen dat hulle nie baklei nie?"

Hennie: "Hulle moet liewers altyd saam speel en nie met mekaar baklei nie."

Kwikkie: "Shelly, ek hoor jy sê vir Sonja sy moenie so praat nie ... "

Shelly: "Laf wees nie ... "

Kwikkie: "Nou hoe moet julle met Pappa en Mamma praat?

Shelly: "Hulle moet net mooi praat."

Kwikkie: "Hoe is mooi praat?"

Shelly: "Hulle moet nie op hulle skree nie en hulle moet net baie mooi met hulle praat - so sag praat - nie hard praat en lelik praat en vinnig praat en so nie ... En mooi sê: 'Ek is jammer, Mamma!'"

Kwikkie: "Hennie, hoe sê jy moet hulle met Mamma en Pappa praat?"

Hennie: "Hulle moet nie so erg raak nie, hulle moet net mooi met hulle praat, nie hard skree en hard praat nie - net mooi praat "

Kwikkie: "Wat sal dit aan Pappa en Mamma doen as julle op hulle skree?

Shelly: "Hulle hart is gebreek ... "

Kwikkie: "Is dit mooi as hulle hart gebreek is?"

Almal: "Nee, nee!"

Kwikkie: "As Stretch (die hasie) iets wil hê - wat moet hy maak?"

Shelly: "Hy moet mooi praat..."

Kwikkie: "En as Junior iets wil hê? Hoe moet hy vra?"

Hennie: "Hy moet nie aanhou vra - soos ek nie - ... Asseblief, asseblief ... "

Kwikkie: "So, hy moet nie nag en kerm nie! En 'n tantrum gooi nie!"

Almal: "Ja!"

Kwikkie: "Weet julle wat is 'n tantrum?"

Almal: "Ja, ja."

Sonja: "Jy skree en jy skop ... "

Shelly: "Hulle stamp hulle voete so, en hulle lê op die grond en skree: 'Ek wil dit hê!'"

Kwikkie: "Sonja, vertel my gou wat moet Pappa en Mamma doen as Babsie, die hasie, 'n tantrum gooi?"

Sonja: "Hulle moet sê: "Babsie, moet dit nie doen nie!"

Voor iemand nog iets verder kon sê, hoor hulle Mamma Beer roep. Haastig hardloop hulle huis toe. So in die hardloop roep hulle, "Bye bye, Kwikkie."

"Totsiens Beertjies", roep Kwikkie terug en vlieg na sy nessie om te gaan slaap.

## ADDENDUM 2: "DIE B S H SONG"

As teken van my respek vir hulle kennis oor hulself soos hulle dit hier verwoord, plaas ek die deel (behalwe om skuilname in te voeg waar ander my daartoe versoek het) presies soos hulle dit uiteengesit het.

<u>ONS GESIN SE TEMALIED</u>: DIE B S H-SONG

*(Brein, senuwees & hormone)*

Aangesien ons so 'n "komplekse" gesin is met uitlopende musieksmaak, kon ons nie net op een lied besluit nie en moes ons - soos vrouens maar doen - soveel as moontlik in 7 min. indruk.

1. Goeie dag !

Aanvanklik wou ons die lied begin met 'n telefoon wat lui, waarna Michelle sou antwoord en sê: "O, hallo Tannie Clarissa! Net so 'n oomblik dan roep ek my ma." So wou ons die spot dryf met my ma en haar beste vriendin wat letterlik URE op die telefoon kan spandeer. Die rekenaar wou nie saamwerk nie en ons moes tevrede wees met net goeie dag!

2. "1 2 3 4"

Ons is vier in die gesin.

Die stuk kom ook van 'n CD van DC Talk af met die titel FREE AT LAST. Dis nogal hoe ons gesin op die oomblik voel: "Free at last to do what we want, when we want and how we want to."

3. "I'm not religious -- I just love the Lord!"

Ons het almal 'n passie vir die Here. Ons is nie net "Sondag -Christene" nie. Ons probeer om die res van die week ook die Here uit te leef, veral in ons gesin.

4. "How do I feel at the end of the day? Are you sad 'cause you on your own? NO NO"

Ek en my ma weet hoe dit voel om behoorlik dood aan die einde van die dag te wees, maar nogtans is dit nie so erg nie en kikker ons gesin ons gou weer op. Die feit dat ons nie alleen is nie, help natuurlik ook baie.

"I get by with a little help from my friends ..."

Hier kom oom Ben en tannie Clarissa weer in, asook baie ander spesiale mense. As dit nie vir al ons vriende se ondersteuning en liefde was nie, kon die egskeiding baie meer skade gedoen het.

5. "UH U"

Ons het altyd tyd vir grappies ...

6. "Girls just want to have fun!"

Ons vier girls hou van fun.

7. "I see your True Colours shining through, I see your True Colours and that's why I love you, so don't be afraid to let them show. Your true colours are beautiful, like a rainbow."

Tussen al die grappies en die fun, behou ons ons ware kleure. Ons sien mekaar presies soos ons is, en dit is so mooi soos 'n reënboog.

8. "Eenvoud is die vreugde van die lewe, dis gee en neem net wat daar is, dis dankbaar eet aan elke skewe snytjie brood - wat liefde is."

In ons collage, was geld die middelpunt. Ons was nogal verras dat hierdie liedjie nou sentraal staan. Weg is die geld en in het die besef gekom dat eenvoud belangriker is. Eenvoud in die sin dat al wat nodig is, is liefde! En ja, selfs 'n skewe snytjie brood met liefde daarby smaak soos 'n koningsmaal!

9. "My heart will go on" van Celine Dion.

Dis nou Bianca se 'song'. Menigte oggende, smiddae en aande, het ons al hierdie liedjie in elke moontlike toonhoogte gehoor! Bianca is die aktrise en sangeres in die gesin.

Dit sê ook iets van die feit dat ons fliekvlooie is!

10. "Maer, maer, maer, maer ek wens ek was tog maer. Hierdie broek pas my alweer, alweer 'n keer nie meer ... Hierdie naat het alweer geskeur - dis die fabriek se skuld ek sweer ... "

Met klomp vroumense in die huis - waarvan twee tieners is - bly die gewig maar 'n kwessie.

En as jou broek se naat skeur ...

11. "Just call on your brother when you need a hand, we all need somebody to lean on!"

... is ons daar vir mekaar. Elkeen van ons het sy "af" dag en as dit gebeur, is die res van die gesin daar om op te steun.

12. Mozart se "Serenade for winds - 3rd movement."

Ons het vreeslike uiteenlopende musieksmaak - soos hierdie en die volgende twee snitte bewys.

O ja, waar Tom Cruise die enigste man in ons collage was, het ons besluit dat ons lus was vir 'n verandering en ou Wolfgang het die ding gedoen.

13. "Up and Down"

'n Techno-song.

Dit is ook 'n verwysing na Nicky se Gym, oefeninge en lewenslus.

As my Ma dit nie meer kan vat nie ...

14. "**Sing vir my saggies**, sing van die reën. Waar kom dit vandaan, waar gaan dit heen? My hart is al lankal, lankal gebreek. Ek het jou bynaam, jou bynaam vergeet."

... Soek sy kalmte en rustigheid by Laurika Rauch en Piet Smit.

Ons is lief daarvoor om mekaar troetelname te gee.

15. "Vergeet om my te vergeet, onthou om te onthou en weet dat jy altyd weet, ek's lief vir jou: vergeet om my te vergeet, onthou om my te onthou, om my te onthou."

Ons vergeet mekaar - of mekaar se behoeftes - nooit!

16. "O o ! Verskoon my , ek's nou-nou weer terug ... "

Dis nou wat gebeur as jy te veel oor my ma se musieksmaak te sê het!

**THE END**

Ek het in die bordspel gewerk rondom die konstruksies van die vorige Saterdag se verrykings-ontmoeting. Deur die spel wou ek hierdie konstruksies verder verdig, asook die gesinne kry om oor hierdie verdigtings te praat. Ek het blokkies op 'n landkaart getrek om as roete te dien vanaf die noorde na die suide (vanaf Beitbrug na Robbeneiland). Meeste van die blokkies het 'n ikoon (geneem uit Coral Draw: Mega Gallery) op gehad. Indien 'n persoon op die ikoon land, dan moet hulle een kaartjie neem (die ikoon dui aan watter soort) en die vraag beantwoord en/of die gevraagde handeling uitvoer. Die vrae is ontleen aan gesprekke met die gesinne tydens vorige ontmoetings. My epistemologie van sosiale konstruksie is hier sterk op die voorgrond. Die gedagte was ook om hier te help vorm gee aan die narratiewe van elke gesin. Elke gesin het afsonderlik die spel gespeel. In die volgende deel bespreek ek (of gee ek weer) van die detail van die bordspel. As addendum 4 heg ek 'n afbeelding van 'n deel van die bord van die bordspel aan. **Let asseblief daarop dat hierdie deel geensins, nie in die geheel of gedeeltelik, gekopieer of nageboots mag word sonder my toestemming nie.**

#### 4.2.2.7.1 Die spelreëls

Baie belangrik: Die sukses van die spel hang af van hoe goed en hoe eerlik ons oor die vrae wat gevra word gesels. Die ouers moet asseblief die kinders help. Doen moeite om uit te vind hoekom elke persoon 'n bepaalde antwoord gekies het.

- Almal **begin** by die beginpunt. Die "wenner" is die een wat eerste by Robbeneiland-hotel inboek. Elke gesinslid kry 'n beurt om die dobbelsteentjie te gooi. Jy skuif dan die aantal blokkies aan na gelang van wat jy gegooi het. Voer dan die opdrag van die blokkie uit.



- **Die ikoon op die blokkies** verwys na verskillende take wat uitgevoer moet word. As u land op 'n ikoonblokkie, neem dan een van die stel kaarte wat betrekking het op die blokkie, lees die opdrag en voer dit dan uit. **Dit is belangrik dat die vrae opreg en eerlik geantwoord sal word. Net so belangrik is dat niemand aanstoot mag neem of kwaad word nie. Dis die persoon se eerlike mening. U mag van hom/haar verskil, maar moenie sy/haar gevoelens afbrekend hanteer nie.**

- **Die kleurkodes** vir die ikone se kaarte is as volg:

Groen 

Oranje 

Geel  Rooi 

Blou  Wit 

(Ikone gekopieer vanaf die CD: Coral Draw: Mega Gallery).

- Sodra 'n kaartjie **klaar beantwoord** is, word dit weer onder in die pak teruggeplaas.
- **Probeer telkemale agterkom hoekom iets vir die bepaalde deelnemer (wat aan die beurt is), belangrik is**. Moontlike vrae sou kon wees: "Hoekom sê jy so? Waarom is dit vir jou belangrik?" Onthou: **Dit gaan oor gesprek en om mekaar beter te leer ken. Om dinge saam te doen en 'n beter begrip te kweek.**
- Kort na Johannesburg **vurk die pad**. Elke deelnemer kan van hieraf sy/haar eie roete kies. Of pienk (via Bloemfontein) of geel (via Upington) of blou (via Port Elizabeth).
- As u op die blokkie land wat sê **"Beweeg terug na** ...... roete", dan moet u begin op die laaste groen blokkie wat die twee pyltjies op het.
- 'n Speler moet die regte getalwaarde gooi om op Kaapstad te land. As die deelnemer byvoorbeeld 'n drie moet gooi om op Kaapstad te eindig, maar hy/sy gooi 'n vyf, dan moet hy/sy weer twee blokkies vanaf Kaapstad terugbeweeg en dan die handeling van daardie blokkie uitvoer.
- Die **laaste blou blokkie** se boodskap beteken doodgewoon jy is reeds in Kaapstad, skuif net oor na die Kaapstadblokkie toe.
- Om **vanaf Kaapstad met die veerboot na Robbeneiland** te kan beweeg, moet die deelnemer 'n ses gooi. Die eerste een wat dit vermag, is die "wenner".

#### 4.2.2.7.2 Die vrae

Ek gee hier voorbeelde van vrae in elke kategorie. In skuinsdruk sal ek na die vraag my bron aandui, indien enige verwysing nodig is. Die boek "Helping your Kids Cope with Divorce: The Sandcastles Way" van Neuman en Romanowski (1998) het my gedagtes baie geprikkel in die genereer van idees vir vrae.

Die **eerste ikoon (die drakie)** se vrae hou verband met vaardighede.



- Julle argumenteer oor wie die vullisdrom moet leegmaak. Julle luister opreg na mekaar se motiverings. ("Seek first to understand, then to be understood" - Covey (1992:235).) Die hele gesin kan een blokkie vorentoe skuif. *Ko-konstruksie van eerste gesinsverrykingsontmoeting.*

- Jou man en kinders help jou glad nie in die huis nie. Vra hulle om aan soveel dinge moontlik te dink hoe hulle jou werk in die huis ligter kan maak. (As hulle weier, moet hulle een blokkie terugskuif.) *Gedagte ontleen aan Covey (1992:174-178).*

- As my gesin positiewe dinge wat ek doen, regkry of probeer beklemtoon, sal dit my help om ... (kies een) (a). Meer selfvertroue te hê; (b). Bereid te wees om meer nuwe dinge te probeer; (c) Harder te werk; (d) Vriendeliker met almal in die huis te wees.

- Julle baklei oor 'n probleem. Julle los dit op deur ... (a) Te kyk wie die hardste kan skree; (b) Om 'n tafel te gaan sit en praat; (c) Daaroor te stem; (d) Dit te ignoreer en te hoop dit gaan weg (e) Te skei. *Ko-konstruksie van eerste gesinsverrykingsontmoeting.*

- Die samelewing sê dis jou werk om kos te maak. Jy kan egter nie kook nie. Vra die gesin om 'n klomp oplossings vir die probleem uit te dink. (As hulle weier, moet hulle een blokkie terugskuif.) *Ko-konstruksie van eerste gesinsverrykingsontmoeting.*

Die **feetjie-ikoon** het ook 'n pretelement, die keer met positiewe belonings.



- Jy het gehelp met die skottelgoed sonder dat iemand jou gevra het. Skuif een blokkie aan. *Ko-konstruksie van eerste gesinsverrykingsontmoeting.*

- Daar kom onverwags mense kuier. Jou kamer is baie netjies en aan die kant. Skuif een blokkie aan. *Ko-konstruksie van eerste gesinsverrykingsontmoeting.*

- Hierdie kaartjie verklaar dat jy nou 'n vet drukkie van elke lid van die gesin mag ontvang. *Gedagte ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:184).*

- Hierdie kaart verklaar dat die draer hiervan die Ster-van-die-Oomblik is. As Ster-van-die-Oomblik is jy geregtig om nou een mooi ding oor jouself van elke lid van die familie te hoor. Dit kan iets wees wat jy doen / sê / is. *Gedagte ontleen aan Neuman en Romanowski (1998:27).*

Die **loodglasvenster-ikoon**. Hier poog ek om 'n beter verstaan en waardering vir mekaar in die gesin te kweek.




- Wat het iemand in jou gesin gedoen of gesê wat jou goed oor jouself laat voel het?
- Wat is daar in jou ouers wat jy bewonder? Hoekom en wat beteken dit vir jou?
- Wat is vir jou belangrik in vriende? Hoe moet hulle wees?
- Aan wat kan jy dink wat, as jy dit meer kere sou doen, dinge vir almal in die gesin lekkerder sal maak?
- Dit is julle vyftiende huweliksherdenking. Hoe wil jy behandel word op dié dag?

**Die Kaper-ikoon**. Hier gaan dit om 'n pretelement waar jy negatief gepenaliseer word.



- Jou gesin beplan 'n uitstappie. Jy kan gaan, maar jy weier omdat dit nie is waar jy wou heengaan nie. Die hele gesin skuif een blokkie terug. *Gedagte ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:82).*
- Dreigende egskeiding. Beweeg terug na waar die pad vurk en kies 'n nuwe roete. *Gedagte ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:82).*
- Julle kyk heel aand saam televisie sonder om met mekaar te gesels. Niemand vertel vir die ander wat in hul dag gebeur het nie. Verbeur jou beurt. *Gedagte ontleen uit Taffel (1999:24-35).*

Die **geskenk-ikoon**. In hoofsaak behels dit vrae wat gemik is om 'n beter verstaan van mekaar se wense en drome te kweek.



- Voltooi die sin: Ek wens ek het ... (Hoekom wens jy juis dit? Vertel hulle.) *Gedagte gedeeltelik ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:352).*
- Ek waardeer dit as julle ... vir my doen of sê. *Gedagte gedeeltelik ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:352).*
- Oornagpunt. Jy mag nie verder ry alvorens jy nie oorgeslaap het nie. Jy droom. Vertel die ander wat jou droom is en hoekom?
- Geluk. 'n Feetjie het vir jou drie wense gegee namens jou gesin. Wat is jou wense vir jou gesin? Vertel jou gesin en sê ook hoekom jy juis hierdie wense wens.

- Superheld. Jy is die nuutste superheld. Besluit oor watter magte en krag jy beskik. Waarteen sal jy jou gesin wil beskerm? *Gedagte ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:82).*

- Superheld. Besluit nou hoe jy hierdie mag en krag gaan gebruik om die ander in jou gesin te help. Wat sou jy vir elkeen doen? *Gedagte ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:82).*

Die **kaarte-ikoon**. Hier het dit gegaan oor die blootlê van emosies.



Die idee vir hierdie stel kaarte is ontleen uit Neuman en Romanowski (1998:67, 305).

- Noem iets waarvoor jy baie lief is.
- Noem iets wat jy wens met jou moet gebeur.
- Noem iets wat jou regtig kwaad maak.
- Noem iets wat jou hartseer maak.

**4.2.2.7.3 Gesprek oor die spel**

Ek het die groep gevra of, en indien wel, watter betekenis hierdie spel vir hulle gehad het. Hulle antwoorde was as volg:

Mandy: "Ek dink by ons was dit maar hoe maklik 'n mens vingers wys. As daar byvoorbeeld 'n sekere vraag opkom, weet almal dadelik na wie toe om te wys! Onnet kamer - reguit vir Karin; kwaad word - reguit vir Nicky en ek dink nie dis reg nie!"

Carlie: "Het dit nie maar te doen met 'labels' nie?"

Mandy: "Ja."

Ben: "Ek dink die speletjie is 'n goeie manier om, as almal in 'n goeie bui is, oor goed te kan gesels."

Sonja: "Dit was 'n lekker 'game'!"

Carlie: "Wat maak dit 'n lekker 'game'?"

Sonja: "Ek weet nie!"

## ADDENDUM 3: COLLAGE



# ADDENDUM 4: BORDSPEL

